*BEPAALDE SOSIOLOGIESE ASPEKTE VAN DIE DIFFERENSIËLE VOORKOMS, VERSPREIDING EN GEBRUIK VAN DWELMMIDDELS*

deur

ANNEMARIE HAASBROEK, Honns. B.A.

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die Departement Sosiologie en Kriminologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

*Studieleier: Dr. J.E. Kruger.*

*Januarie 1975* *POTCHEFSTROOM*

OPGEDRA AAN MY OUERS

Mnr. en Mev. W.H. Haasbroek

## *DANKBETUIGING*

As gelowige wil ek eerstens my God dank vir krag en vermoëns om hierdie navorsing te kon voltooi. Mag Sy Naam hierin verheerlik word.

Graag wil ek ook my opregte dank betuig teenoor my Studieleier Dr. J.E. Kruger, vir sy geduld, leiding en opofferings. Dit was vir my 'n besondere eer en voorreg om onder sy bekwame leiding te studeer.

'n Besondere woord van dank aan Mev. Marthie Grobbelaar vir die uiters bekwame wyse waarop die tikwerk gedoen is.

Aan my dierbare ouers sê ek dankie vir die jare van aanmoediging en motivering. Hulle was my grootste inspirasie tot verdere studie. Vir u opofferings, hulp en gebede sal ek u dankbaar bly.

*****************************************

# INHOUD

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING


A. Inleiding 1

B. Die sosiologiese aard van die vraagstuk 1

C. Omvang van probleem 2

D. Afbakening van die studieterrein en doel van van die ondersoek 4

E. Metode van navorsing 4

F. Omskrywing van enkele begrippe 5

1. Samelewing 6
2. Instellings 7
3. Waarde 7
4. Norme 8
5. Status 9
6. Sosialisering 10
7. Portuurgroep 10
8. Dwelmmiddels en 'n klassifikasie van dwelmmiddels 11

(a) Depressiewe middels 11

(i) Opiate 12

(ii) Cannabis sativa 12

(iii) Slaap- en susmiddels 12

(b) Stimulerende middels 12

(c) Hallusinogene middels of psigodisleptikum 13

(d) Inhaleermiddels 13

9. Gewoontevorming 13

10. Euforiese effek 14

11. Toleransie 14

12. Ontvlugting 15

13. Omgewingsinvloede 15

14. Onthoudingsimptome 16

15. Rehabilitasieprogram 16

G. Enkele probleme wat ervaar is gedurende hierdie navorsing 17

HOOFSTUK 2 18

DIE GEBRUIK VAN EN VERSLAWING AAN DWELMMIDDELS AS 'N MAATSKAPLIKE PROBLEEM

A. Inleiding 18

B. Sosiologiese benadering tot 'n maatskaplike probleem 21

1. Definisies en omskrywing van 'n maatskaplike probleem 21

2. Die struktuurbenadering en maatskaplike probleme 22

(a) Konformiteit 27

(b) Innovasie 27

(c) Onttrekking 28

(d) Ritualisme 28

(e) Rebellie 28

C. Verslawing aan dwelmmiddels as 'n maatskaplike probleem 33

1. Definisies en omskrywing van verslawing 33

2. Verslawing as maatskaplike probleem 35

3. Die gebruik van dwelmmiddels as 'n potensiële maatskaplike probleem 42

D. Samevatting 44

HOOFSTUK 3 46

VORME VAN VERSLAWING EN MAATSKAPLIKE FAKTORE WAT IN DIE ETIOLOGIE DAARVAN 'N ROL SPEEL

A. Inleiding 46

B. Ausubel se klassifikasie van vorme van verslawing 47

1. Primêre verslawing 48

(a) Ontoereikende persoonlikhede 49

(b) Persoonlikhede wat gekenmerk word deur angs en reaktiewe depressie 51

2. Simptomatiese verslawing 52

3. Reaktiewe verslawing 52

C. Die oorsake van verslawing aan dwelmmiddels 55

1. Persoonlikheidsfaktore 55

(a) Fisiese faktore 55

(i) Om pyn te stil 55

(ii) Die aangename uitwerking van dwelmmiddels 56

(iii) Beheer van eetlus 56

(iv) Alkoholisme 56

(b) Psigiese faktore 56

i) Ontvlugting 56

ii) Nuuskierigheid en bravade 57

iii) Onkunde 57

2. Maatskaplike omgewingsfaktore

(a) Beskikbaarheid van die middels 57

(b) Verleiding en assosiasie met afhanklikes 57

(c) Onoordeelkundige toediening van medisyne deur ouers aan kinders 58

(d) Rol van geneeshere, psigiaters, aptekers en hospitale 58

(e) Inlvoed van die stad 58

(f) Faktore wat veral by die adolessent en jeugdige 'n rol speel 60

(g) Onbevredigde en ongelukkige huislike agtergrond 60

(h) Probleme op skool 61

(i) Permissiwiteit 61

(j) Kloof tussen die ouer en jonger geslag 62

D. Verslawing en die maatskaplike struktuur 63

1. Omskrywing van die begrip "struktuur" 65

(a) Omskrywing van die begrip kultuur 67

(b) Subkultuur 69

2. Sosiale toestande wat aanleiding gee tot ont=trekking 73

E. Samevatting 75

HOOFSTUK 4 77.

DIE GEDIFFERENSIEERDE VOORKOMS VAN DWELMMIDDELMISBRUIK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

A. Inleiding 77

B. Die gedifferensieerde voorkoms van dwelmmiddel=misbruik in Suid-Afrika

1. Sosiale gelaagdheid 77

2. Landelike en stedelike gebiede 84

3. Ouderdomskategorieë 87

4. Intelligensiekategorieë 90

5. Huwelikstatus 93

6. Beroepstatus 95

C. Samevatting 97

HOOFSTUK 5 99

DIE GEDIFFERENSIEERDE OMVANG VAN DWELMMIDDELMISBRUIK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

A. Inleiding 99

B. Die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddel=misbruik in ander lande

1. Asië 100

2. Suid- en Sentraal-Amerika 103

3. Noord-Amerika 104

4. Europa 107

C. Die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmis=bruik in die Republiek van Suid-Afrika 112

D. Samevatting 118

HOOFSTUK 6 119

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

A. Inleiding 119

B. Enkele negatiewe invloede van dwelmmiddelmis=
bruik - en verslawing 120

C. Aanbevelings 122

1. Aanbevelings met betrekking tot wetenskaplike
navorsing 123

2. Aanbevelings met betrekking tot die praktyk 124

D. Slotopmerkings 126

BIBLIOGRAFIE i.

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING.

### A. Inleiding.

Volgens Bensusan[1)] het dit noodsaaklik geword om die verskynsel van dwelmmiddelmisbruik in 'n nuwe perspektief te plaas ten einde betwyfelbare gegewens oor hierdie verskynsel in Suid-Afrika uit die weg te ruim. Die bestudering van dwelmmiddelmisbruik vanuit sosiologiese oogpunt leen hom inderwaarheid tot vele "nuwe" perspektiewe, en hierdie studie is 'n poging om die gedifferensieerde voorkoms en omvang van dié verskynsel in die Republiek van Suid-Afrika onder oë te neem as synde één perspektief.

Afgesien daarvan dat die skrywer die stelling van Bensusan onderskryf, spruit hierdie studie ook uit 'n intense belangstelling in die onderhawige verskynsel en die betekenisvolheid daarvan soos mettertyd aangedui sal word.

### B. Die sosiologiese aard van die vraagstuk.

Deur die aanwending van algemene en besondere prosedures en spesifieke tegnieke trag die sosiologie 'n verklaring te bied aan tussenmenslike ver= houdinge, handelingeen gebeure.[2)] Dit impliseer dat dié dissipline sy studieterrein vind in menslike gedrag wat in ooreenstemming is met die aan= vaarde norme van die samelewing, maar ook gedrag wat nie hiermee in oor= eenstemming is nie,[3)] aangesien afwykende gedrag net so 'n deel van die same= lewing is as wat nie- afwykende 'n deel daarvan is.[4)]

Binne die breëre raamwerk van die kennissisteem van die sosiologie sorteer die spesifieke sosiologieë waaronder o.m. ook die sosiale patologie wat hom in besonder toespits op die wetenskaplike bestudering van afwykende gedrag.

---

1. Bensusan. Drug exposure. The South African scene,p.5.
2. Gittler. Review of sociology. Analysis of a decade,p.3.
3. Clinard. Sociology of deviant behavior,p.23.
4. Chinoy. Society. An introduction to sociology,p.51.

Soos in die volgende hoofstuk van hierdie studie aangedui sal word, is die mis= bruik van dwelmmiddels per definisie 'n vorm van afwykende gedrag wat dus in dié spesialiseringsrigting bestudeer word.

Dwelmmiddelmisbruik is egter so 'n omvattende verskynsel dat selektief te werk gegaan sal word om enigsins te poog om 'n wetenskaplike bydrae t.o.v. 'n nuwe perspektief op dié verskynsel te lewer. Hiermee word egter hoege= naamd nie aanspraak op absolute volledigheid gemaak nie.

C. Omvang van die probleem

Statistiese gegewens wat die presiese omvang van dwelmmiddelmisbruik weer= gee, is nie bekombaar nie, hoofsaaklik omdat die gebruik en/of besit daar= van in Suid-Afrika as 'n misdaad omskryf word.[5)] Gevolglik word hierdie praktyk, anders as die misbruik van en verslawing aan alkohol, verbloem. Die ondersoeker moet hom dus in hierdie verband verlaat op uitsprake wat as gegrond aanvaar word en op die beperkte statistiese gegewens rakende arrestasies en veroordelings m.b.t. dwelmmiddels. Daar moet egter gewaak word teen 'n onrealistiese berekening van die omvang en betekenisvolheid van die verskynsel en daarom pleit Bensusan dat "horrific impressions must be replaced by calm scientific assesment of the facts . . ."[6)] Hiermee wil die verskynsel van dwelmmiddelmisbruik nie geminimaliseer word tot 'n betekenis= lose verskynsel sonder enige noemenswaardige omvang nie. Inteendeel, in hierdie verband haal Bensusan prof. C.J. Jordaan soos volg aan: ". . . unless immediate steps are taken to combat drug abuse by school children, it will reach serious proportions,"[7)] terwyl Bensusan ook by monde van majoor F.A.J. van Zyl die waarskuwing rig dat ". . . the youth of South Africa are now ready for the drug scene."[8)] Die feit dat in beide hierdie sitate na die jeug verwys word, vestig onwillekeurig die aandag op die by= kans onskatbare disfunksionele gevolge waartoe dwelmmiddelmisbruik kan lei.

---

5) Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums (Wet No. 41 van 1971).

6) Bensusan. Drug exposure. The South African scene, p. 5.

7) Ibid., p. 18.

8) Ibid., p. 16.

Dit in sigself bied 'n regverdigingsgrond vir meer en intensiewer wetenskaplike bestudering van hierdie verskynsel.

Wanneer die beperkte statistiese gegewens wat wel beskikbaar is onder oë geneem word, word die erns van hierdie verskynsel verder beklemtoon met slegs onder meer die volgende voorbeeld:

Statistiek oor misdrywe i.v.m. dagga.+

| Jaar | Persone vervolg | Persone veroordeel |
|---|---|---|
| 1945 | 9 101 | 8 744 |
| 1950 | 17 072 | 16 286 |
| 1955 | 23 705 | 22 476 |
| 1960 | 16 798 | 15 256 |
| 1961 | 21 008 | 19 169 |
| 1962 | 23 807 | 21 536 |
| 1963 (½ jaar) | 11 175 | 10 086 |
| 1963 - 1964 | 25 911 | 23 510 |
| 1964 - 1965 | 24 072 | 21 692 |
| 1965 - 1966 | 27 912 | 25 434 |
| 1966 - 1967 | 32 484 | 29 492 |
| 1967 - 1968 | 33 218 | 30 337 |
| 1968 - 1969 | 27 603 | 24 901 |

\+ Opsomming van 'n tabel opgestel deur Die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels. Bylae E, p. 193. (Alle rasse ingesluit.)

Hoewel hierdie tabel slegs verwys na misdrywe i.v.m. een dwelmmiddel, nl. dagga, is dit tog beduidend dat die veroordelings i.v.m. dagga van 1945 af tot die periode 1968 - 1969 bykans verdriedubbel het.

Die feit dat in 1971 strenger wetgewing i.v.m. die gebruik van en handel met dwelmmiddels aangeneem is, tesame met die klem wat op hierdie ver= skynsel by wyse van publisering van artikels, verslae- hetsy populêr of vakwetenskaplik - en die oprigting van rehabilitasiesentra geplaas word, dui op die kommer wat t.o.v. dié verskynsel bestaan.

D. <u>Afbakening van die studieterrein en doel van die ondersoek</u>

Dwelmmiddelverslawing het, soos trouens alle verskynsels wat menslike gedrag raak, 'n konnotasie met 'n wye verskeidenheid fasette soos o.m. die teologiese, ekonomiese, juridiese, psigologiese, historiese, filosofiese, biotiese, ens. en kan gevolglik belig word vanuit die vak=wetenskap wat dié besondere faset as grondliggende belangstellingsveld het.

Hierdie studie poog eerstens om dwelmmiddelverslawing vanuit 'n sosiologiese oogpunt te ontleed, maar omdat dié verskynsel hom selfs binne die sosiologie se studieveld leen tot vele perspektiewe was 'n verdere terreinafbakening nodig ten einde enige wetenskaplike bydrae te kon maak.

Vanweë die leemte wat bestaan t.o.v. wetenskaplike kennis aangaande die gedifferensieerde verspreiding betreffende die voorkoms en omvang van dwelmmiddelverslawing in die R.S.A. is die studieterrein tweedens af=gebaken tot hierdie besondere aspek. Om egter 'n sosiologistiese ver=klaring hiervoor te voorkom, en omdat dit onmoontlik is om dié verskynsel slegs vanuit sosiologies ter sake faktore te besien, word ook van ander fasette gebruik gemaak soos ter plaatse aangedu word.

Om hierdie doel te bereik, word die stof soos volg aangebied:

Hoofstuk 2 : Die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels as 'n maatskaplike probleem.

Hoofstuk 3 : Vorme van verslawing en maatskaplike faktore wat in die etiologie daarvan 'n rol speel.

Hoofstuk 4 : Die gedifferensieerde voorkoms van dwelmmiddelmisbruik in die R.S.A.

Hoofstuk 5 : Die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmisbruik in die R.S.A.

Hoofstuk 6 : Samevattende gevolgtrekkings.

E. <u>Metode van navorsing</u>

Ten einde dwelmmiddelverslawing binne 'n bepaalde sosiaal-patologiese perspektief te kon ontleed, moes dié verskynsel eerstens as 'n maatskaplike probleem tipeer word.

Hiervoor was dit nodig om die term "maatskaplike probleem" by wyse van 'n analise van die bestaande definisies en omskrywings daarvan onder oë te neem. Daarna was dit moontlik om die feite van verslawing binne die raamwerk van 'n gedefinieerde tipering van 'n maatskaplike probleem te sistematiseer en aldus dwelmmiddelverslawing as maatskaplike probleem te kwalifiseer.

Vervolgens is 'n beskrywing van die vorme van verslawing en etiolo= giese faktore daarvan gegee en hier is veral klem geplaas op die maat= skaplike faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van dwelmmiddel= verslawing. Hierdie uiteensetting was nodig aangesien dit teen die agtergrond daarvan is dat in die twee daaropvolgende hoofstukke 'n be= skrywing en verklaring gegee kon word van die gedifferensieerde voor= koms en gedifferensieerde omvang van die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels. Sodoende word met hierdie studie getrag 'n wetenskaplike bydrae te lewer tot die verheldering van 'n perspektief wat dusver - sover dit die sosiologie van Suid-Afrika aangaan - weinig, indien enige, aandag geniet het.

F. Omskrywing van enkele begrippe

Die doel met die omskrywing van enkele begrippe is nie gemik op 'n volledige sosiologie- glossarium nie, maar het die volgende twee doelstellings in die oog:

Eerstens word hier 'n omskrywing gegee van begrippe wat in die omgangstaal gebruik word en waaraan dikwels 'n vae betekenis geheg word, maar wat in hierdie studie deurgaans in 'n bepaalde konteks, d.w.s. met 'n spesifieke inhoudswaarde, gebruik word.

Tweedens, en samehangend met die bg., word hier omskrywings gegee van begrippe wat een of meer male in die teks gebruik word, maar wat in= breuk sou maak op die gemaklike lees van die teks indien dit ter plaatse eers omskryf sou moes word.

1. Samelewing

In die vakliteratuur van die sosiologie bestaan, uit die aard van sy studieterrein, 'n verskeidenheid van definisies van dié term wat in hooftrekke ooreenstem en waarvan die volgende as verteenwoordigend aangehaal word: "A society consist of all individuals and groups that have some significant number of common expectations."[9]

Fichter sê: ". . . a society is the largest number of human beings who interact to satisfy their social needs and who share a common culture."[10]

Die mense wat 'n samelewing vorm kan selfs gesien word as 'n hele bevolking. Hierdie gemeenskap of samelewing bestaan in 'n sekere geografiese area en konstitueer 'n ryke verskeidenheid van groepe waarbinne die mens se sosiale en ander behoeftes bevredig word. Kenmerkend van die samelewing is dat daarbinne groepe mense aangetref word met gemeenskaplike belange, bv. taal, kultuur, godsdiens, waardes, ens. en as sodanige groepe is wat belangrike funksies vervul vir die sosiale lewe van die mens. Daar is tussen hierdie groepe 'n sekere mate van wisselwerking en gevolglik kan gesê word dat die samelewing funksioneer as 'n geheel al is daar interne verskille tussen die groepe. Elke samelewing is verder ook 'n unieke sosiale eenheid in die betekenis dat elke samelewing inherent van alle ander verskil. Hierdie onderskeiding lê nie alleen op territoriale vlak nie, maar ook op die interne eienskappe van 'n samelewing soos weerspieël word in die volgende sitaat: "A society is an organized collectivity of people, living together in a common territory, co-operating in groups to satisfy their basic needs, subcribing to a common culture, and fuctioning as a distinct social unit."[11]

---

9) Rose. Sociology. The study of human relations, p. 32.

10) Fichter. Sociology, p. 113.

11) Ibid., p. 135.
Waar elders in hierdie verhandeling die begrip "maatskappy" gebruik word, moet dit gesien word in die lig van die samelewing soos bo omskryf.

Opsommenderwys word gestel dat die maatskappy of samelewing 'n organisatoriese sisteem is waarbinne mense uiting kan gee aan hulle sosiale aard en aanleg deur met andere in wisselwerking te tree. In die studie van sosiale organisasies moet aandag geskenk word aan die aard van die verhoudinge wat mense saambind sowel as die vorme wat hier= die sosiale organisasies aanneem en dit is juis in instellings waarbinne dit gemanifesteer word.

## 2. Instellings

MacIver en Page sien 'n instelling as: ". . . the established forms or conditions of procedure characteristic of group activity."[12] Parsons definieer 'n instelling soos volg: "An institution will be said to be a complex of institutionalized role integrates which is of strategic struc= tural significance in the social system in question. The institution should be considered to be a higher order unit of social structure than the role, and indeed it is made up of a plurality of interdependent role- patterns or components of them."[13] Hierdie en ander omskrywings van die begrip "instellings" verwys na die patroon van norme wat die handeling binne sekere verhoudings voorskryf en wat a.g.v. algemene aan= vaarding herhaaldelik voorkom. Dié "tot instelling geworde" normatiewe patroon is die resultaat van die proses waardeur 'n spesifieke patroon van norme "eie gemaak" is aan 'n bepaalde maatskaplike of samelewingster= rein, by name die proses van institusionalisering wat op die vlak van die groepslewe voorkom. In terme hiervan kan daar dan onderskei word tussen maatskaplike instellings soos die politieke instellings, die verwantskaps= instellings, die ekonomiese instellings, ens.

## 3. Waarde

Die term "waarde" is een van die mees uiteenlopende en soms dubbel= sinnigste terme soos dit in die vakliteratuur van die sosiologie ge= bruik word.[14]

---

12) MacIver & Page. Society. An introductory analysis, p. 15.

13) Parsons. The social system, p. 39.

14) Parsons & Shils. Toward a general theory of action, p. 159 - 189.

In dié verband word gewys op die volgende twee omskrywings daarvan: Fichter sien waardes as: ". . . those criteria according to which the group or society judges the importance of persons, patterns, goals and other sociocultural objects. We are not directly concerned here with either the intrinsic worth of these things or with the specific personal valuation made of them by any particular individual.[15] Hierteenoor wys Johnson[16] op die rol van die individu in die opset van waarde-beoordeling : "Value may be defined as a conception or standard, cultural or merely personal, by which things are compared and approved or disapproved relative to one another. . ." Hy verskil daarin verder ook van Fichter dat hy wel waarde koppel aan die intrinsieke betekenis van dit wat met die betrokke waarde te make het wanneer hy sê: "All kinds of 'things' may be evaluated : feelings, ideas, actions, qualities, objects, persons, groups, goals, means."[17]

Benewens hierdie en ander onderlinge verskille m.b.t. die begrip waarde is daar skynbaar 'n algemene konsensus wat betref die posisie wat waardes in die hierargie van struktuurkomponente van groepe inneem. Volgens Johnson[18] is waardes "general standards and may be regarded as higher - order norms," d.w.s. waar norme menslike gedrag voorskryf, is dit juis die waardes wat oorsprong gee aan die norme en daarom moet waardes gesien word as die hoogste struktuurkomponent van alle sisteme.

4. Norme

Van Dijk omskryf 'n norm as: "Elke positiewe regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschrijft of verbied."[19] Vir Clinard is 'n norm: ". . . standardized ways of acting, or expectations governing limits of variation in behavior."[20]

---

15) Fichter. Sociology, p. 294.

16) Johnson. Sociology. A systematic introduction, p. 49.

17) Ibid., p. 49.

18) Ibid., p. 50.

19) Van Dijk. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie, p. 57.

20) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 23.

Fichter verwerk ŉ definisie van ŉ norm tot die volgende bewoording: ". . . a rule, standard, model, or type according to which people are expected to perform repetitive actions in society. It is the standard against which any person can measure his social behavior."[21] Norme is dus voorgeskrewe wyses van handeling waaraan bewustelik en onbewustelik voldoen moet word. Norme bepaal wat welvoeglik of onwelvoeglik is in ŉ spesifieke situasie. Ogburn en Nimkoff gee ŉ kort, dog volledige definisie van ŉ norm: "A social norm is thus a type of social behavior that is socially valued and a departure from which is socially condemned."[22]

5. Status.

Elke individu het ŉ plek in die groep en samelewing waarvan hy deel uitmaak, en omdat die samelewing ŉ ordelikheid weerspieël, het elke individu daarin ŉ plek en bepaalde funksie om te vervul. "Social status is the place the person occupies in the social structure, as judged an evaluated by the society."[23] Rose sê status kan gedefinieer word: ". . . as a person's prestige or influence relative to that of other persons and which is given by the possession or achievement of certain values."[24] Ogburn en Nimkoff sê status: ". . . is the rankorder position assigned by a group to a role or to a set of roles."[25]

Hoewel aan die term "status" ook ŉ ander inhoud gekoppel word,[26] nl. dié van slegs ŉ posisie in die groep sonder enige prestige-betekenis, word dié term in hierdie studie deurgaans gebruik in die betekenis van ŉ magshiërargiese posisie, d.w.s. ŉ posisie waarvan daar wel sprake kan wees van ŉ hoëre of laer status.

---

21) Fichter. Sociology,p.113.

22) Ogburn & Nimkoff. Sociology,p.72.

23) Fichter. Sociology,p.41.

24) Rose. Sociology. The study of human relations,p.18.

25) Ogburn & Nimkoff. Sociology,p.156.

26) Bierstedt. The social order,p.247.

6. Sosialisering

Hierdie term word duidelik deur Fichter omskryf as hy sê: "Socialization is a process of mutual influence between a person and his fellow men, a process that result in an acceptance of, and adaptation to, the patterns of social behavior. It does not mean that the person ceases to be an individual. Just as we cannot say that a person "becomes human" when he learns to use his intellect, so we cannot say that a person "becomes social" when he learns how to get along with other people. The human being is a social person from the beginning of his life, but he undergoes continuous adaptations and changes as long as he lives."[27)]

Sosialisering is dus die proses waardeur die individuele lid 'n funksionele deel van die samelewing word deur die "eie-making" van kulturele norme ten einde te konformeer aan die norme wat deur die samelewing aan hom voorgehou word; die proses waardeur die individu vanaf 'n "wispelturige dog potensiële sosiale wese tot 'n bepaalde sosiale en gemeenskapswese ontwikkel word."[28)]

7. Portuurgroep

Clinard omskryf 'n portuurgroep as: ". . . persons of similar generations or ages,"[29)] terwyl Toby ook nog die statusooreenstemming van lede van die portuurgroep beklemtoon: "An equal status group, usually of agemates."[30)] Wanneer individue van ongeveer dieselfde ouderdomskategorie en status=kategorie 'n groep vorm, d.w.s. 'n portuurgroep, kan aangeneem word dat die lede van so 'n groep ook dieselfde belangstellings het en dieselfde doelstellings nastreef. [Kenmerkend van die portuurgroep is die hegte solidariteit daarvan en die vermoë van so 'n groep om bepaalde norme aan ander individue van dieselfde portuurgroep voor te hou as reëls waaraan voldoen moet word voordat lidmaatskap van so 'n groep verkry kan word.]

---

27) Fichter. Sociology, p. 22.

28) Roode. Inleiding tot die sosiologie, p. 73.

29) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 12.

30) Toby. Contemporary society. An introduction to sociology, p. 602.

In die opset van hierdie studie word dié term veral gebruik in die betekenis van sodanige groepe wat gedurende die adolessentefase in die menslike groeiproses gevorm word.

8. Dwelmmiddels en 'n klassifikasie van dwelmmiddels

Hoewel van die afhanklikheidsvormende middels, waarna in hierdie studie verwys word, ook gepraat word as verdowingsmiddels, droogmiddels of drogery, "drugs", ens. word hier deurgaans van die term "dwelmmiddels" gebruik gemaak al is dit ook so dat sommige van hierdie middels mediese preparate is. Die term "dwelmmiddel" word gebruik omdat die bedwelmende effek die gemeenskaplike uitwerking is van die middels waaraan verslaaf geraak kan word. Omdat juis hierdie bedwelmende effek - wat later as die euforiese effek omskryf sal word - die hoofoorsaak van verslawing skyn te wees,[31] is die term "dwelmmiddels" ook meer beskrywend. Verder gaan dit in hierdie studie nie om die wettige mediese gebruik van die betrokke middels nie, hoewel dit ook verslawing kan veroorsaak. Veel eerder gaan dit om die nie- mediese/nie- wettige gebruik van dié middels as 'n sosiaal - patologiese handeling wat tot verslaafdheid lei, d.w.s. 'n toestand van fisiese en/of psigiese afhanklikheid van die middel.

Daar is verskeie wyses waarop dwelmmiddels geklassifiseer kan word. Die klassifikasie wat hier gebruik word, is gegrond op uitwerking en herkoms.

(a) Depressiewe middels

Die depressante word ingedeel in die opiate of narkotika, die hipnotika of slaapmiddels en die berustingsmiddels of susmiddels. Die narkotika verlig pyn, veroorsaak lomerigheid en bring 'n toestand van verhoogde welsyn tot stand. Die hipnotika word gebruik om spanning te verlig en slaap teweeg te bring, terwyl die berustingsmiddels kalmeer sonder om slaap te veroorsaak.

---

31) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?,p. 1.

(i) Opiate

Die opiate is 'n plantaardige subkategorie waarvan opium die bekendste is. Opium word verkry uit die papawerplant wat onder ander ook morfien en kodeïen bevat; hieruit word ook heroïen berei. Belangrike sintetiese produkte wat onder hierdie subkategorie sorteer is metadoon en petidien.

(ii) Cannabis sativa

Hierdie middel is ook plantaardig en die bekendste hiervan is marijuana wat in die V.S.A. en Suid-Amerika voorkom, hasjisj wat in die Midde-Ooste gebruik word en dagga wat in Suid-Afrika aangetref word. Loedolff en Louw[32)] plaas hierdie middel onder die kategorie hallusinogene middels op grond van die feit dat hierdie middels ook hallusinasieskeppend is. Die primêre effek van hierdie middels is egter dat dit depressie bewerkstellig.

(iii) Slaap- en susmiddels

Die primêre effek van middels wat onder hierdie kategorie sorteer, is dat dit 'n hipnotiese effek het en slaap tot gevolg het. Die bekendste is die barbiturate soos nembutal, luminal en amytal, asook die slaapmiddels soos doriden, noludar, magadon en mandrax. Die susmiddels soos reserpien en ander sintetiese produkte soos bv. meltown, aterax, librium en valium het 'n kalmerende uitwerking op die gebruiker.

(b) Stimulerende middels

Hierdie middels werk oor die algemeen slapeloosheid in die hand, wakker energie aan en verlig neerslagtigheid, d.w.s. dit het 'n stimulerende effek. Die bekendste stimulante is kokaïene, die amphetamine-reeks, soos benzedrine en anorexine, asook ander nie-amphetamine sintetiese produkte soos ritaline, preludine en tenuate. Die stimulante word selde oor 'n lang tydperk alleen gebruik, maar gewoonlik saam met een of ander depressiewe middel, soos heroïen of barbiturate.

---

32) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 9.

(c) Hallusinogene middels of psigodisleptikum

By die inname van hierdie middel ondergaan die mens se geestestoestand 'n radikale verandering. Die primêre effek van hierdie middel is, dat dit hallusinasieskeppend is, en dit is ook die belangrikste rede waarom die middels ingeneem word. Die belangsrikste middels wat in hierdie kategorie ingedeel kan word, is: meskalien, psilosibien, lisergiensuurhidroksietielamid, lisergiensuuramied, dimetieltriptamien (DMT), S.T.P. en lisergiensuurdietielamied (LSD-25).

(d) Inhaleermiddels

Loedolff en Louw[33] klassifiseer hierdie middels afsonderlik. Middels onder hierdie subgroep word ingeasem en die uitwerking van hierdie middels verskil ook van die ander reeds genoemde middels. Middels wat onder hierdie groep sorteer is petrol, bensien, sekere sintetiese bereide gomsoorte, naellakverwyder= aars, sigaretaansteekersvloeistof en verfverdunners wat almal chemiese bestanddele soos toluole, xyleen en asetoon bevat en wat verantwoordelik is vir die euforiese effek by die inaseming daarvan.[34]

9. Gewoontevorming

Die begrip "verslawing" word later wel omskryf, maar dit is volledig= heidshalwe nodig dat die begrip "gewoontevorming" ook toegelig sal word. Gewoontevorming is 'n minder ernstige toestand. Met hierdie stelling word slegs bedoel dat dié toestand nie nadelig is vir die individu of die ge= meenskap nie. By die onttrekking aan die gewoontevormende middels ont= staan nie stereotipe onthoudingsimptome nie.[35] Gewoontevorming verwys na die feit dat die liggaam aan sekere middels, bv. tabak, kafeïen, cola-dranke, ens., gewoond geraak het, en in dié sin kan van hierdie middels ook gepraat word as verslaafdheidsvormende middels, maar die bestaande klassifikasie van dwelmmiddels verwys na daardie middels waaraan die lig= gaam afhanklik geword het vir 'n enigsins doelmatige funksionering.[36]

33) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 9.

34) Ibid., p. 73.

35) Ibid., p. 2.

36) Du Toit, e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 140.

By die onttrekking van hierdie middels ontstaan verder dan ook 'n stereotipe van fisiese en/of psigiese simptome waarna verwys word as die onthoudingsindroom.

## 10. Euforiese effek

Euforiese effek word gewoonlik gedefinieer as 'n algemene gevoel van welsyn in die afwesigheid van enige objektiewe prikkel wat daartoe aan= leiding kan gee, en hierdie gevoel kan verstrek word deur intense aan= gename gevoelens, 'n afwesigheid van pyn en/of 'n onvermoë om op pynlike of onaangename stimuli te reageer.[37)]

Na die inname van die middel ervaar die verslaafde dikwels 'n gevoel van euforie, en na 'n binneaarse inspuiting verklaar die morfien-verslaafde dat hy "fixed" voel, hy verkeer in 'n staat van bevrediging,honger, pyn en geslagsdrange neem grootliks af, of dit verdwyn heeltemal.[38)]

## 11. Toleransie

Die begrip toleransie wys slegs daarop dat die liggaam 'n progressiewe vermoë ontwikkel om hom by die uitwerking van die middel aan te pas as dit met gereelde tussenposes oor 'n tydperk aangewend word. Hierdie toleransie blyk daaruit dat progressief groter dosisse aangewend moet word om dieselfde effek as vroeër te verkry, sodat dit moontlik is om met veiligheid 'n dosis in te neem wat tien keer groter is as 'n dosis wat by die aanvang dodelik sou gewees het. So word toleransie ten opsigte van die werking van die gladde spiere nooit verkry nie, terwyl toleransie ten opsigte van die euforiese effek baie gou opgebou word. In hierdie geval moet die dosis dus vinnig tot 'n baie hoë vlak vermeerder word om nog dieselfde prikkelende effek te hê.[39)]

---

37) Du Toit, e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 145.

38) Ibid., p. 145.

39) Ibid., p. 140.

Loedolff en Louw[40] omskryf toleransie met die volgende woorde: "Toleransie beteken eenvoudig dat die liggaam steeds groter dosisse van die dwelmmiddel vereis om dieselfde uitwerking as dié van die oorspronklike kleiner dosis te bewerkstellig. Die persoon wat 'n toleransie ten opsigte van 'n sekere dwelmmiddel opgebou het, sal nie in staat wees om die verlangde uitwerking te ondervind sonder groter dosisse nie."

12. Ontvlugting

Dwelmmiddels verskaf aan sommige mense die geleentheid om te ontvlug uit onaangename lewenssituasies. Ontvlugting van verveling, verantwoordelikheid, spanning en angs is wesentlike oorsake vir afhanklikheid. Die swakker mensemateriaal vind dit steeds moeiliker om tred te hou met die hedendaagse lewenstempo. Die emosioneel onvolwasse persone soek liewer na verligting in dwelmmiddels as om hulle probleme en spannings,wat mag ontstaan, op volwasse wyse die hoof te bied.[41]

Ontvlugting is dus niks anders as 'n wegvlug van omstandighede nie. Die individu wil en kan nie sy probleme oplos nie en gevolglik word 'n hulpmiddel geneem om "weg te kom" van die probleme. Tydelik word daar nou ontvlug van die werklikheid, maar sodra die middels uitgewerk is, word die individu weer met dieselfde probleme gekonfronteer.

13. Omgewingsinvloede

Daar is verskeie oorsake waarom mense dwelmmiddels misbruik en later verslaaf raak. By elke misbruiker en verslaafde is die oorsaak egter uniek. Soos by alle maatskaplike probleme is verslawing die eindresultaat of die samevloei van 'n reeks faktore en omstandighede. Een van die faktore kan wel deurslaggewend wees. Sulke oorsake is nie alleen in die mens gesetel nie, maar die milieu waarin 'n persoon hom bevind, mag die oorsake verskaf wat hom na dwelmmiddels dryf. Hierdie oorsake uit die milieu word dan genoem omgewingsinvloede.[42]

---

40) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 3,

41) Ibid., p. 81.

42) Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels. Pretoria, Staatsdrukker, 1970, p. 8.

14. Onthoudingsimptome.

Hierdie fisiologiese en geestelike simptome wat by die onttrekking van die dwelmmiddel ontwikkel, staan as die onthoudingsindroom bekend. Hierdie simptome verdwyn natuurlik te enige tyd gedurende die akute onthoudingsperiode want as 'n enkele dosis toegedien word, duur ver= ligting van ses tot twaalf uur. Hierdie onthoudingsindroom is self= beperkend in dié sin dat indien die middel geheel onthou word, die simptome naderhand vanself begin minder word, en na ongeveer tien dae verdwyn hulle geheel en al.[43)]

Die onthoudingsindroom word gekenmerk deur fisiese ongemak en selfs intense pyn. As gevolg van die herhaaldelike toediening van die dwelmmiddels het die metabolisme van die liggaam so verander dat die liggaam die teenwoordigheid van die middel vereis. Hierdie onaangename en pynlike simptome verdwyn oombliklik wanneer die dwelmmiddel weer toegedien word.[44)]

Die fisiologiese afhanklikheid van die middel word soms as 'n aan= leidende oorsaak van verslawing genoem. Dit is waar dat as 'n persoon eers verslaaf is die voorkoming van die onthoudingsindroom een van die basiese motiewe vir die voortdurende gebruik van die middel is. Die onthoudingsindroom is ernstig, dog is nie blywend nie en dus kan aangeneem word dat die fisiologiese afhanklikheid nie 'n sentrale etiologiese rol in die verslawing aan dwelmmiddels speel nie.[45)]

15. Rehabilitasieprogram.

Die term "rehabilitasie" wys op die herstelling van 'n persoon tot sy vorige staat of posisie of toestand.

---

43) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p.143.

44) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p.5.

45) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p.145.

Tans word verskeie sentrums en inrigtings opgerig waar persone wat verslaaf is behandel word. In hierdie inrigtings of sentrums word programme wetenskaplik saamgestel met die oog daarop om aan verslaafdes die beste behandeling te gee en om hulle te help om weer as produk= tiewe lede van die samelewing op te tree.

G. <u>Enkele probleme wat ervaar is gedurende hierdie navorsing</u>

Ten slotte moet gemeld word dat sekere probleme opgeduik het gedurende hierdie navorsing.

In die Republiek van Suid-Afrika is daar nog weinig navorsing gedoen oor die dwelmmiddelvraagstuk. Gevolglik moes daar wyd gelees word om betroubare gegewens te bekom rakende hierdie vraagstuk en literatuur rakende veral die gedifferensieerde verspreiding en omvang is gebrekkig. Daar moes ook deurgaans gewaak word teen die sensasionele beeld hiervan wat soms deur dagblaaie en populêre tydskrifte geskets word.

HOOFSTUK 2

# DIE GEBRUIK VAN EN VERSLAWING AAN DWELMMIDDELS AS 'N MAATSKAPLIKE PROBLEEM.

## A. Inleiding.

Die gebruik van dwelmmiddels dateer uit die mens se vroegste geskiedenis. Die opiumpapawer was reeds 4,000 jaar voor Christus aan die bewoners van Sentraal-Asië bekend, terwyl daar aanduidings is dat dagga reeds 2,700 jaar voor Christus deur die Chinese beskawing gebruik is.[1)]

Sekere plantaardige gewasse is aangewend vir hulle stimulerende uit= werking op die mens, bv. vir mediese doeleindes en om soldate voor te berei vir gevegte en godsdienstige rituele. Opium is reeds 500 jaar voor Christus deur die Egiptenare as medisyne gebruik om pyn te verlig. Die omvang van die gebruik in China het aanleiding daartoe gegee dat 'n verbod teen die verkoop en gebruik van opium in openbare opium-rookplekke in 1729 uitgevaardig is. Hierdie gebruik het gaandeweg sy pad na die Weste gebaan en dit het sodanige afmetings aangeneem dat die Verenigde State van Amerika in 1875 wetgewing teen die gebruik van opium aangeneem het.[2)]

Met die ontwikkeling van die mediese wetenskap is ook morfien, kodeïen en heroïen uit opium vervaardig en talle natuurlike middels is ont= wikkel ter wille van hulle besondere uitwerking op die senustelsel van die mens.[3)] Dit word algemeen aanvaar dat die ontdekking en die ont= wikkeling van die spuitnaald 'n groot rol gespeel het in die verspreiding van afhanklikheid van dwelmmiddels, veral na die kennismaking met die euforiese effek van stowwe soos o.a. morfien. Hierdie metode van toediening het so toegeneem tydens die Amerikaanse Burgeroorlog dat dit later as 'n "leërsiekte" beskou is.[4)]

---

1) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.7.
2) Ibid.,p.7.
3) Ibid.,p.7.
4) Ibid.,p.8.

Vanweë die toename in die gebruik van dwelmmiddels en 'n gevolglike besorgdheid daaroor is die eerste internasionale konvensie oor opiumgebruik op 23 Januarie 1912 in Den Haag gehou met die doel om die kweek, die uit- en invoer en die gebruik van narkotiese middels te beheer.[5)]

Veral gedurende die afgelope dekade het die nie-mediese gebruik van hierdie middels geweldig toegeneem en het dit veral by die jeug van die Westerse wêreld 'n groot probleem geword wat dringende aandag ver= eis.

As 'n vorm van afwykende gedrag het dwelmmiddelverslawing in die betekenis van 'n sosiologies-wetenskaplike studie nog relatief min aandag ontvang. Die oorsaak hiervan kan o.a. daaraan toegeskryf word dat hierdie probleem oor die algemeen meer op die individueel-persoonlike vlak voorkom en hom derhalwe meer leen tot die eksperi= mentele bestudering daarvan deur veral die psigopatologie. Ondersoeke wat wel in hierdie verband gedoen is, dui daarop dat verslawing aan dwelmmiddels reeds so 'n omvang aangenaam het dat dit die maatskaplike orde bedreig[6)] en as sodanig as 'n maatskaplike probleem gesien moet word. Verder dui ondersoeke in die psigologie ook op maatskaplike faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van verslawing.[7)]

Die wetenskaplike bestudering van die verskynsel lewer egter probleme, veral as gevolg van die volgende faktore:

1. Verslawing word beskou as 'n misdaad en gevolglik wil die ver= slaafde persoon nie maklik erken dat hy verslaaf is nie. Die persoon wat wel as verslaafde bestudeer kan word, is dié wat onder die aandag van die gereg kom, of die wat kom aanklop om mediese of enige ander hulp.

---

5) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.8.
6) Ibid.,p.8.
7) Ausubel. Drug addiction : Physiological, psychological and sociological aspects, hfst.3.

Persone wat die middels gebruik is moeilik uitkenbaar en ge= volglik is dit onmoontlik om hulle vir studiedoeleindes te nader.[8]

2. Ausubel[9] wys daarop dat verslaafdes geneig is om die bron of oorsaak van hulle toestand te rasionaliseer en dus kan daar nie op hulle opregtheid en eerlikheid vir objektiewe feiteversameling staatgemaak word nie.

3. Dit is ook onmoontlik om mense eksperimenteel aan dwelmmiddels verslaaf te maak en dan die uitwerking daarvan op groepsgedrag na te gaan. Nowlis[10] bespreek die moontlikheid om dwelm= middels as eksperimentele veranderlike toe te dien en sodoende die uitwerking op groepsgedrag te bestudeer. Hierteen kan ver= skillende besware ingebring word, bv. dat die toediening van 'n enkele dosis nog nie verslawing tot gevolg sal hê nie. Ver= der is die etiese verantwoordbaarheid van so 'n studie sterk te betwyfel. Vanuit sosiologiese oogpunt beskou, kan 'n eksperimen= tele ondersoek van hierdie aard bowendien ook nie lig werp op die maatskaplike faktore wat 'n rol speel by die veroorsaking van hierdie verskynsel nie.

Hoewel in hierdie navorsing aandag gegee word aan faktore wat sosiologies ter saaklik is by die ontleding van verslawing aan dwelm= middels, sal noodwendig gebruik gemaak moet word van die bevindinge van die psigologie, aangesien die probleem nie alleen vanuit maatskap= like oogpunt sinvol beskryf en verklaar kan word nie. In aansluiting by studies aangaande hierdie verskynsel word vervolgens in hierdie navorsing gelet op die taak van die sosiale patologie in die be= studering van verslawing aan dwelmmiddels as maatskaplike probleem.

---

8) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 139.

9) Ausubel. Drug addiction: Physiological, psychological and sociological aspects, p. 79.

10) Nowlis. Methods for the objective study of drug effects on group functioning. (In Uhr & Miller. Drugs and behavior, p. 563 - 581).

Duidelikheidshalwe moet dié verskynsel egter eers binne die konteks van die begrip "maatskaplike probleem" ontleed word.

B. <u>Sosiologiese benadering tot 'n maatskaplike probleem</u>

1. <u>Definisies en omskrywing van 'n maatskaplike probleem</u>

Landis formuleer 'n maatskaplike probleem soos volg:

(a) ". . . when the important personal goals of a number of people are blocked or frustrated or

(b) when the organization of society appears to be seriously threatened".[11)]

Volgens Weinberg se beskouing is 'n maatskaplike probleem: ". . . behavior patterns or conditions that are undersirable by many members of society. These members recognise that corrective policies, programs, and sciences are necessary to cope with and reduce the scope of these problems."[12)]
Horton en Leslie omskryf 'n maatskaplike probleem soos volg: ". . . conditions affecting a significant number of people in ways considered undesirable, about which is felt something can be done through collective social action."[13)]

Fairchild beweer: "A situation inherently requiring ameliorative treatment which either i) arises out of the conditions of society or social enviroment, or ii) calls for the application of social forces and social means and for its improvement."[14)]

Merton en Nisbet gee 'n betekenisvolle omskrywing van 'n maatskaplike probleem in die volgende woorde: ". . . breakdowns or deviations in social behavior, involving a considerable number of people, which are of serious concern to many members of society in which the aberrations occur.

---

11) Landis. Current perspectives on social problems, p. 2.

12) Weinberg. Social problems in our time, p. 4.

13) Horton en Leslie. The sociology of social problems, p. 4

14) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences, p. 289.

At the bottom social problems are problems of moral value, they are problems because the behavior involved in these breakdowns and deviations are widely regarded as immoral, illegal, or potentially destructive of some established institution. Social problems, in short, cannot be understood except in the light of what a society holds to be good or right."[15)]

Die afleiding kan dus uit bogenoemde definisies gemaak word dat 'n maatskaplike probleem onder meer 'n afwyking in sosiale gedrag impliseer. 'n Groot aantal mense word in die situasie betrek en as so 'n afwyking in sosiale gedrag voorkom, wek dit die kommer van die gemeenskap. Sosiale probleme is probleme rakende die morele waardes, en die gedrag wat betrek word in hierdie afwykings word gesien as onsedelik, onwettig of potensieel afbrekend en is as sodanig gefokus teen gevestigde instellings. Sosiale probleme kan slegs verstaan word in die lig van wat 'n samelewing sien as reg of verkeerd, m.a.w. teen die agtergrond van die aanvaarde norme van die betrokke same= lewing. Die enigste wyse waarop hierdie versteurde orde herstel kan word, is deur kollektiewe handelinge.

Die implikasie van bostaande definisies is dat die opsigtelike maatskaplike probleme, bv. alkoholisme, misdaad, ens. uitvloeisels is van 'n dieperliggende probleem of probleme in die maatskaplike struktuur self. Om hierdie stelling verder toe te lig word ver= volgens gelet op die struktuurbenadering in die verklaring van maatskaplike probleme.

2. <u>Die struktuurbenadering en maatskaplike probleme</u>

Die kerngedagte van die struktuurbenadering as 'n konseptuele raamwerk vir die analise van menslike gedrag in verskillende groepsverbande kom in hooftrekke daarop neer dat die struktuur, d.w.s. die bou-orde van die groep of samelewing, die maatskaplike determinant is wat vir die sosiologie die oorsake van gedrag bloot= lê.

---

15) Merton & Nisbet. Contemporary social problems, p. 11.

Hierdie benadering is geen nuwe benadering in die sosiologie nie, maar is veral gedurende die afgelope dertig jaar in die sogenaamde anomieteorie tot 'n fyn ontwikkelde benadering verwerk.

Die begrip "anomie" is oorspronklik deur Emile Durkheim in sy eerste werk, The division of labour in society (1893), gebruik. In hierdie werk gaan dit vir Durkheim hoofsaaklik om die vraag= stuk van solidariteit in verskillende fases van die samelewings= ontwikkeling in terme waarvan hy dan die verskynsel van anomie sien as tiperend van die moderne samelewing. Hy onderskei twee fases in die proses van verandering, nl. dié fase waarin die samelewing gekenmerk word deur 'n meganiese tipe solidariteit en 'n daaropvolgende fase met 'n kenmerkende organiese vorm van solidariteit. In eersgenoemde fase word mense deur 'n kollek= tiewe bewussyn, gebaseer op homogeniteit, saamgebind en in die laasgenoemde fase verval die kollektiewe bewussyn tot 'n mate ter wille van individuele verskille wat toepaslik gemaak word op arbeidsverdeling en waarin hy dan die volgende implikasies van arbeidsverdeling onderskei:

(a) geforseerde verskille wat nie rekening hou met individuele verskille nie;

(b) funksionele ongenoegsame druk wat in die breë opset dis= organisasie en nie-deelnemende gevoelens veroorsaak;

(c) anomie wat ontstaan a.g.v. die toenemende spesialisasie wat nie-bevredigende kontak laat ontstaan tussen groepslede en sosiale verwantskappe.[16)]

Durkheim sien anomie as 'n toestand van normloosheid wat ontstaan as die mens se aspirasies so hoog gestyg het dat daar geen moontlikheid is om dié aspirasies te vervul nie.

Merton sit die formulering van Durkheim se anomieteorie voort deur die teorie self te herformuleer en 'n afwykingstipologie te konstrueer deur middel waarvan hy gedrag wil verklaar.

---

16) Clinard. e.a. Anomie and deviant behavior. A discussion and critique, p.4.

In Merton se artikel Social structure and anomie gee hy sy sosiale en kulturele verklaring van afwykende gedrag binne die raamwerk van die anomieteorie. Die teorie van Merton was 'n uitbouing van die siening van Durkheim, en as sulks 'n veel duideliker formulering daarvan, terwyl die begrip "anomie" deur Merton ook veel duideliker en meer spesifiek toe= gepas word by die verklaring van afwykende gedrag. Binne die raamwerk van dié teorie stel Merton die hipotese dat die sosiale struktuur 'n druk uitoefen op mense in die gemeenskap sodat hulle hulle skuldig maak aan afwykende gedrag.[17)] In hierdie opsig sien hy dan sekere vorme van gedrag, bv. misdaad, as 'n "normale" reaksie op sekere toestande,[18)] d.w.s. gedrag wat "te verwagte" is onder sekere omstandighede.

Anders as Durkheim beklemtoon Merton die rol van die sosiale struk= tuur en nie die rol van die individu nie. Merton vra hom af waarom die omvang en intensiteit van verskillende vorme van afwykende gedrag gedifferensieerd voorkom m.b.t. die sosiale struktuur. Om 'n verklaring te bied, tref hy 'n teoretiese onderskeid tussen samelewing en kultuur as twee strukture, t.w. sosiale en kulturele strukture,[19)] in terme waarvan hy dan gedrag wil verklaar.

Merton maak 'n tweeledige verdeling van fasette van die kulturele struktuur in die herformulering van die anomieteorie. Eerstens wys hy daarop dat daar kulturele doelstellings is, d.w.s. "the wants or aspirations that men are taught by their culture".[20)] Dit is een faset van die kulturele struktuur. Tweedens wys hy daarop dat daar norme is wat metodes voorskryf waarvolgens doelstellings op aanvaarde wyse bekom kan word. Dit is dan die tweede faset van die kulturele struktuur.

---

17) Cohen. Deviance and control, p.75.
18) Ibid., p.76.
19) Ibid., p.75.
20) Ibid., p.76.

Derdens noem hy die verspreiding van fasiliteite en geleenthede om die kulturele doelstellings op aanvaarde wyse te bereik. "These are the institutionalized means",[21] en as sodanig vorm dit die sosiale struktuur.

Binne die raamwerk van hierdie konsepte sien Merton anomie dan as ". . . a breakdown in the cultural structure, occuring particularly when there is an acute disjunction between cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them".[22] Hiervolgens is dit duidelik dat Merton ge= drag wil verklaar in terme van die twee basiese komponente van handeling, nl.doelstellings en norme. Hy sien anomie dan as 'n toe= stand waarin die kulturele doelstellings nie d.m.v. die kultureel- gedefinieerde norme bereik kon word nie a.g.v. tekortkominge in die sosiale struktuur wat die geldende norme oneffektief maak vir sover dit aanvaarbare doelstellings betref. Anders gestel, daar is 'n disekwilibrium of wanbalans tussen die kulturele en sosiale struk= ture, d.i. 'n strukturele toestand of wantoestand as 'n dieper= liggende maatskaplike probleem waaruit ander probleme en vorme van afwykende gedrag voortvloei. In dié verband is die beskouing van Merton en Nisbet aangaande maatskaplike probleme as synde "inadequacies or failures in the social system"[23] uitermate ter saaklik aangesien afwykinge juis voortspruit uit hierdie tekort= kominge van die sisteem as 'n sosiale struktuur. Die omvang en be= tekenisvolheid van die beskouing van anomie as 'n vorm van 'n maatskap= like probleem spreek duidelik uit die volgende sitaat: ". . . when a system of cultural values extols, virtually above all else, certain common success goals for the population at large while the social structure restricts or completely closes access to approved modes of reaching these goals for a considerable part of the population, deviant behavior ensues on large scale."[24]

---

21) Merton. Social theory and social structure, p. 162.

22) Merton & Nisbet. Contemporary social problems, p. 720.

23) Ibid., p. 11.

24) Merton. Social theory and structure, p. 146.

In elke kultuur mag sekere dominerende doelstellings bestaan d.w.s. 'n ekwilibrium tussen die kulturele en die sosiale strukture kan slegs plaasvind deur konformering aan beide die doelstellings en norme, m.a.w. waar die fasiliteite van die sosiale struktuur van so 'n aard is dat die norme wel toeganklik is. Merton aanvaar dat af=wykende gedrag sal verskil van struktuur tot struktuur, aangesien indiwidue die toeganklikheid, d.w.s. bruikbaarheid van geldende norme a.g.v. die aard van die fasiliteite tot hul beskikking, nie gelyk=matig sal ervaar nie, terwyl indiwidue in verskillende strukture ook nie 'n ooreenstemmende druk tot afwykende gedrag in hule onderskeie strukture sal ondervind nie.[25)]

Uit Merton se hipotese en sy teoretiese analise van die sosiale realiteit in kulturele en sosiale strukture is dit duidelik dat hy maatskaplike probleme wil verklaar aan die hand van 'n spesifieke toestand in die struktuur van die samelewing, t.w. die toestand van anomie en die graad van so 'n toestand. Aan die hand van die ekwilibrium of disekwilibrium tussen die teoretiese onderskeide strukture stel hy dan die volgende analitiese klassifikasiesisteem van aanpassingswyses op:

"A Typlogy of Modes of Adaptation"[+]

| Modes of adaptation | Cultural goals | Institutional Means |
|---|---|---|
| a) Conformity | + | + |
| b) Innovation | + | - |
| c) Ritualism | - | + |
| d) Retreatism | - | - |
| e) Rebellion | ± | ± |

The logically possible outcome are given in the following table, in which (+) signifies acceptance and (-) signifies rejection and (±) rejection of prevailing values and substitution of values".

+ Model verkry uit Cohen. Deviance and control, p. 27

25) Cohen. Deviance and control, p. 76.

(a) Konformiteit.

Konformering aan doelstellings is die algemeenste vorm van aanpassing en is volgens Merton die enigste normale aanpassings= vorm. Aangesien gelet word op maatskaplike probleme word daar aan hierdie vorm van aanpassing nie verder aandag gegee nie.

(b) Innovasie

"Innovators (e.g. professional thieves, white collar-criminals, cheaters in examinations) adhere to goals but reject the normatively prescribed means."[26] In die geval van innovasie word die kulturele doelstellings oorbeklemtoon, terwyl daar nie so 'n sterk beklemtoning van norme is nie.

Merton[27] wys daarop dat misdadige gedrag algemeen voorkom in die laer strata van die samelewing en as sodanig is dit 'n normale reaksie op 'n situasie waarin kulturele beklemtoning van ekonomiese sukses aanvaar is, maar waar daar min geleenthede is om d.m.v. konvensionele metodes sukses te bereik. Gevolglik is daar 'n toename in die aanwending van onaanvaarbare metodes. Hy wys daarop dat die lede van die lae klasse in die algemeen beperk is tot handearbeid en dië arbeid kan nie die materiële goedere verkry wat misdaad in die sak kan bring nie. Die sosiale struktuur oefen druk uit op hierdie mense in die lae klasse en die aanvaarbare norme is nie vir hulle toegangklik nie. Dië vorm van aanpassing is egter nie slegs beperk tot die lae sosio-ekonomiese klasse nie, want dit word in die hoë sosi-ekonomiese klasse ook aangetref.

Nie alle afwykings in die sin van innovasie is altyd dis= funksioneel vir die samelewing nie, want sommige vorme van innovasie kan ook funksioneel wees in die sin dat konvensionele norme verwerp word en nuwe norme geskep word waardeur die kon= vensionele norme vervang word.[28]

---

26) Cohen. Deviance and control, p. 77.

27) Ibid., p. 77.

28) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 139.

(c) Onttrekking.

Onttrekking is 'n reaksiewyse waarop die individu hom onttrek aan beide die kulturele doelstellings en norme bv. boemelaars, chroniese alkoholiste, verslaafdes, ens.[29] In die ware sin van die woord is onttrekking dus nie 'n vorm van aanpassing nie, aangesien dit hier gaan om die onttrekking aan beide doelstellings en norme en nie om die aanpassing daarby nie. Basies kom dit daarop neer dat die persoon wel die kulturele doelstellings aan= vaar, maar die geïnstitusionaliseerde norme ontoeganklik vind. As gevolg van die druk wat volg daarop dat doelstellings nie op onaanvaarde wyse mag bereik word nie, raak die individu ge= frustreerd en vind ontvlugting in verwerping van beide doel= stellings en norme.

(d) Ritualisme.

Cohen formuleer ritualiste in die volgende woorde: "Ritualists (eg. bureaucrats who slavishly follow the rule without regard for the ends for which they were designed) make a virtue of overconformity to the institutionalized norms at the price of underconformity to culturally prescribed goals."[30] Hierdie vorm van aanpassing hou nie verband met 'n spesifieke vorm van sosiaal-patologiese gedrag nie, d.w.s. die gedrag van die ritualis word oor die algemeen nie gereken as afwykend in pato= logiese betekenis nie. 'n Persoon wat ambisie vermy en hom afkeer van die kulturele doelstellings manifesteer nie 'n normale handels= wyse nie.

(e) Rebellie.

"Rebels (eg. members of revolutionary movements) with - draw allegiance to a culture and social system they deem unjust and seek to reconstitute the society a new, with a new set of goals prescriptions for attaining them.[31]

---

29) Cohen. Deviance and control, p.77.

30) Ibid., p.77.

31) Ibid., p.77.

Met dié vorm van aanpassing probeer persone die konvensionele sosiale en kulturele strukture verwerp en wil in die plek daarvan nuwe veranderde strukture stel. Die doel van die gedrag is om die bron van sosiale frustrasie te lokaliseer en te elimineer en sodoende 'n ander struktuur daar te stel. Dit wyk dus af van die normale in die sin dat dit wil verander. Daarom plaas Merton rebellie op 'n ander vlak as ander vorme van afwykende ge= drag. Hoewel Merton se afwykingstipologie 'n klassifikasie is van vorme van afwykende gedrag, kan hierdie vorme van gedrag wat be= tref omvang, aard en intensiteit per definisie ook beskou word as maatskaplike probleme. Maatskaplike probleme kan nie los= gemaak word van afwykende gedrag nie, daarom kan die verdere geskrifte van Merton by implikasie ook aangewend word om die differensiële verspreiding van maatskaplike probleme toe te lig. Om duidelikheid hieroor te verkry, moet begin word deur te let op die implikasies van Merton se beskouing van die posisie wat die individu in die maatskaplike struktuur beklee.

Merton stel dit dat persone in sekere strata van die samelewing dit moeilik vind om kulturele doelstellings te bereik veral as dieselfde doelstellings en norme vir alle persone geld.[32] Hy onderskei twee vorme van verwarring wat mag ontstaan. Eerstens beweer hy: "There may develop a heavy, at times a virtually exclusive, stress upon the value of particular goals, involving little concern with institu= tionally prescribed means of striving towards these goals . . ."[33]

'n Tweede vorm wat Merton onderskei "is found where activities originally conceived as instrumental are transmitted into self= contained practices, lacking further objectives . . . Sheer conformity becomes a central value."[34]

---

32) Merton. Social conformity, deviation and opportunity structures. American sociological review, 2:186, 1959.

33) Ibid., p. 166.

34) Ibid., p. 166.

Hiermee slaag hy daarin om onderskeid te tref tussen patrone van ver= warring wat betref doelstellings en norme en na hierdie ontleding gee hy dan 'n uiteensetting van wat hy presies verstaan onder die begrip "anomie", nl. ". . . a breakdown in the cultural structure, occuring particularly when there is an acute disjunction between cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them."[35)]

Hy wys daarop dat anomie 'n toestand is wat uit die maatskaplike struktuur voortspruit: die distribusie van statusposisies in die verhoudingsisteem maak dit vir sommige mense onmoontlik om langs er= kende kanale, dit wil sê volgens die gebruiklike voorskrifte, die al= gemeen aanvaarde doelstellings te verwesenlik. Met ander woorde, af= wykings sal meer dikwels voorkom by mense uit 'n sekere klas weens die feit dat die bestaande fasiliteite om sekere doelstelling te bereik van so 'n aard is dat die voorgeskrewe norme vir hierdie mense ontoeganklik is.

Die klem val dus hier op die wyse waarop die sosiale struktuur spanning plaas op die individu in sekere posisies in die samelewing. Merton wys daarop dat die grade van afwykende gedrag in die sosiale struktuur sal verskil in die verskillende soorte sosiale strukture. Hy beweer verder dat as dieselfde suksesdoelstellings vir almal binne 'n sekere samelewing geld, die moontlikheid mag ontstaan dat die lae sosio-ekonomiese groepe hulle maklik mag skuldig maak aan afwykende gedrag. ". . . Social pressure for deviance is conceived as varying on the one hand, the cultural goals and institutional norms men accept as binding and on the other, the social position or situation in which they find themselves, making it relatively difficult or easy for them to live in accord with these goals and norms."[36)]

---

35) Merton. Social conformity, deviation and opportunity structures, p.166.

36) Ibid.,p.166.

Hoe groter die dissossiasie tussen kulturele waardes en die fasiliteite wat voorsien word deur 'n sosiale struktuur hoe groter is die druk tot afwykende gedrag.

In aansluiting hierby skryf Merton dat 'n sosiale posisie gedefinieer kan word as ". . . a position in an opportunity structure, providing greater or less access to legitimate means of working toward a goal."[37] Merton wys daarop dat Cloward skryf dat daar ook beperkinge gelê word op die toeganklikheid tot nie-aanvaarde metodes om 'n doelstelling te bereik. "He thus generalized the notion of social structural differences in ease or difficult or role performance, to hold for both socially legitimate and illegitimate roles. Pressure for de= viant behavior are construed as a function of access to both legiti= mate and illegitimate opportunity-structures."[38]

Tesame met bostaande hang die vraag na die verspreiding van afwykende gedrag. Verskillende navorsers benader dié vraagstuk op verskeie wyses. "Merton remarks that his primary aim is to discover how some social structures exert in nonconforming rather than conforming conduct. Having identified structural features which might be expected to generate deviance, Merton suggests the presence of a correlation be= tween pressures towards deviation and rate of deviance."[39]

Navorsers bring aan die lig dat die grootste persentasie afwykende gedrag in die lae strata van die samelewing voorkom a.g.v. die feit dat die mense in hierdie strata van die samelewing hulle gedrag oriënteer ooreenkomstig weelde en voorspoed as kulturele doel= stellings, terwyl hulle nie beskik oor geleenthede om dit te bereik nie.[40]

---

37) Merton. Social conformity, deviation and opportunity structures, p.188.

38) Ibid.,p.188.

39) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior. American sociological review, 2: 174,1959.

40) Ibid.,p.174.

Vanuit teoretiese oogpunt mag bedenkinge ontstaan oor die bostaande korrelasie en die vraag kan dan ontstaan of daar verwag kan word dat die korrelasie onveranderlik is of kan verskil afhangende van die toeganklikheid tot nie-aanvaarde metodes. Teoreties bestaan die volgende moontlikhede in hierdie verband:[41)]

(a) Toegang is deurgangs versprei deur die klas se struktuur;

(b) Toegang varieer omgekeerd met die klas se posisie;

(c) Toegang varieer direk met die klas se posisie.

As toegang tot onaanvaarde metodes deurgaans versprei is deur die klas se struktuur sal die veronderstelde korrelasie inhou dat 'n hoë graad van innovasie aangetref word in die lae klasse. Persone van die lae klasse ondervind 'n groot druk tot afwykende gedrag en hulle pas makliker onaanvaarbare metodes toe. "Assuming uniform access to such means, it would therefor be reasonable to predict higher rates of innovating behavior in lower social strata."[42)]

As die toegang tot onaanvaarbare metodes omgekeerd met die klas se posisie verskil, word die korrelasie nie slegs behou nie, maar ook versterk. Druk tot afwyking sluit sosialisering in wat die gebruik van onaanvaarbare metodes ontmoedig en dit sal ooreenkom met die beskikbaarheid van sodanige metodes. "For pressure toward deviance, including socialization that does not altogether discourage the use of illegitimate means, would coincide with the availibility of such means."[43)]

Laastens, as toegang direk verskil tot die klas se posisie dan word dit moeilik om onaanvaarbare aktiwiteite te voorspel. Hoe hoër die klas se posisie hoe minder is die druk om op onaanvaarbare wyse die doelstellings te bereik, terwyl hiermee saamhang die feit dat geïnternaliseerde verbodsbepaling t.o.v. die aanwending van sodanige wyses effektiewer is in die hoër posisies.

---

41) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior,p.174.

42) Ibid.,p.174.

43) Ibid.,p.174.

Dit is belangrik om daarop te let dat Merton nie die klem sover laat val op die enkeling self nie, maar wel op die posisie wat die individu in die samelewing beklee. Merton wys daarop dat die samelewing druk uitoefen op individue en dit gee aanleiding tot afwykende gedrag. Afwykende gedrag word gebore uit die samelewing en gevolglik sal in hierdie studie aandag gegee word aan dwelm=middelverslawing as ŉ probleem wat sy oorsprong het in die maatskap=like struktuur.

## C. Verslawing aan dwelmmiddels as ŉ maatskaplike probleem.

### 1. Definisies en omskrywing van verslawing.

Dynes formuleer verslawing aan dwelmmiddels soos volg: "Drug addiction is a state of periodic or chronic intoxication, detrimental to the individual and to society, produced by the repeated consumption of a drug. Its characteristics include:

(a) an overpowering desire or need to continue taking the drug and to obtain it by any means

(b) a psychic (psychological) and sometimes physical dependence on the effects of drugs."[44)]

Du Toit, Steyn en Rip wys daarop ". . . dat by die voortdurende gebruik van sekere middels, . . . daar ŉ fisiese afhanklikheid van die middel (ontstaan), wat konstant ŉ stereotipe patroon van fisiese simptome teweegbring wanneer die middel onttrek word, en wat as die onthoudingsimptome bekend staan. Voorts word ŉ hunkerende begeerte na die middel ervaar, selfs al word die onthoudingsimptome nie meer deur die gebruiker ondervind nie."[45)]

---

44) Dynes. e.a. Social problems, dissensus and deviation in an industrial society,p.140.

45) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. ŉ Studie van enkele maatskaplike probleme,p.140.

Queen en Mann stel dit soos volg: ". . . a definite physical disease condition, presenting constant and definite physical symptoms and signs progressing through cleancut clinical stages of development, explainable by a mechanism of body protection against the action of narcotic tocsins and outotesemia, its victims display in some cases deterioration and phychoses which are the result of toxemia and toxicosis, malnutrition, anxiety, fear and suffering."[46)]

Verslawing, soos afgelei uit bogenoemde definisies, ontstaan as gevolg van die herhaaldelike gebruik van dwelmmiddels. Die verslaafde persoon raak fisies afhanklik van die middel en by die onttrekking van die middel ontstaan stereotipe fisiese simptome.[47)] Daar bestaan by die verslaafde 'n onweerstaanbare drang na die middel wat tot gevolg sal hê dat die persoon enige metode sal aanwend om die middel te bekom.[48)] 'n Neiging ontstaan by die verslaafde om die dosisse te vermeerder as gevolg van die feit dat die liggaam 'n progressiewe vermoë ontwikkel om hom aan te pas by die uitwerking van die middel, as dit met gereelde tussenposes vir 'n tydlank aangewend word. Hierdie toleransie blyk daaruit dat progressief groter dosisse aangewend word om konstant die= selfde euforiese effek te verkry, sodat dit uiteindelik "veilig" is om 'n dosis in te neem wat tien keer groter is as 'n dosis wat by die aanvang dodelik sou gewees het. Nou verbonde aan die toleransie is die fisiese afhanklikheid van die middel wat na 'n tydperk ontwikkel. As die middel nou 'n tydlank ingeneem word, ontwikkel die liggaam 'n toleransie en word tegelyk sensitiewer vir interne stimuli wat dit reguleer.[49)] As sulks kan die liggaamsweefsels nog voldoende funksio= neer, hoewel 'n groot deel van die normale fisiologiese stimulering deur die middel teengewerk word. As die middel onttrek word, kan hierdie fisiologiese stimilus onverhinderd funksioneer maar omdat die liggaam sensitief geword het vir hierdie stimilus sal die normale vlak van stimulering nou as oormatig ervaar word en onaangename simptome ver= oorsaak en sodoende fisiologiese nood laat ontstaan.

---

46) Queen & Mann. Social pathology,p.630.

47) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences,p.99.

48) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme,p.140.

49) Ibid.,p.30.

Om hierdie onaangename simptome te vermy, moet die verslaafde weer die middel inneem en in hierdie sin is die persoon dus fisiologies afhanklik van die middel.

Verslawing aan dwelmmiddels moet dus gesien word as die gevolg van langdurige inname van dwelmmiddels wat lei tot gewoontevorming en uiteindelike afhanklikheid wat intree as daar 'n drang is na die middel en die bewussyn nie meer by magte is om weerstand te bied teen die drang nie.

2. Verslawing as maatskaplike probleem.

Aan die hand van die reeds omskryfde begrip "maatskaplike probleem" word die verskynsel van verslawing vervolgings vanuit die maatskap= lik- problematiese oogpunt beskou.

'n Maatskaplike probleem word gesien as 'n situasie in die groepslewe wat objektief meetbaar is en gelokaliseer kan word.[50] Daar is nog geen betroubare statistiek beskikbaar oor die omvang van die probleem hier te lande nie met die gevolg dat daar tans net gebruik gemaak kan word van beramings t.o.v. die omvang daarvan. Ten spyte van die gebrek aan akkurate statistiese gegewens aangaande die omvang van dwelmmiddelverslawing blyk dit tog dat daar 'n algemene kommer heers oor hierdie verskynsel soos te bespeure in populêre en wetenskaplike publikasies daaroor. Ook die onlangse aanname van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende stowwe en Rehabilitasiesentrums (Wet no. 41 van 1971) getuig van die problema= tiek wat hierdie verskynsel reeds in die nasionale verband aangeneem het. Aangesien verslawing aan dwelmmiddels hom nie geredelik tot wetenskaplike studie leen nie, om redes wat reeds genoem is, word voorsien dat die objektiewe aanduiding van die omvang daarvan in die toekoms steeds maar op 'n beraming sal berus. Dit doen egter geen afbreuk aan die lokaliseerbaarheid van die verskynsel nie, soos ver= volgens aangedui sal word.

---

50) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p.30.

Dwelmmiddelmisbruik word veral in sekere areas aangetref, terwyl ander areas hierdie probleem geensins of minstens dan in geringer mate ondervind. In hierdie verband beweer Clinard die volgende: "Drug addiction in the United States appears to be much more prevalent in urban centers, particularly New York, Philadelphia, Washington, Baltimore, Chicago, Cleveland, Detroit and Los Angeles. In these cities drug addicts seem to come largely from the trans=sitional areas, although addiction is by no means restricted to the lower socioeconomic classes. Faris and Dunham report the highest rates of addiction in the hobo and rooming-house district, although some high rates appeared in the apartment and apartment-hotel dis=tricts. They concluded that drug addicts tend to select areas of the city where they can associate with other addicts and be more easily supplied by peddlers, and where, because of the mobility of areas, their habits and activities are much less likely to be carefully scrutinized".[51)]

Merton en Nisbet beweer ook dat dwelmmiddelmisbruik gelokaliseer kan word in sekere gebiede en hulle maak die volgende stelling in hier=die verband: "The areas of highest rate of drug use tend to be inhabited by the most disadvantaged minority groups and by the least successful or most deviant members of other population groups. These are areas with the highest rates of adult crime, the highest rates of prostitution and illegitimacy, the highest prevalence of infant mortality and tuberculosis, the highest proportion of broken families and of non-family living arrangements. They have high popu=lation density and high population turnover."[52)]

In Suid-Afrika is gevind dat die probleem hom veral voordoen in Johannesburg en aan die Witwatersrand. Verder kom dit ook voor in die groot hawestede. Die platteland is nog redelik ongeskonde, alhoewel gevalle hier ook al voorkom.

---

51) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 296.

52) Merton & Nisbet. Contemporary social problems, p. 195.

Eksakte syfers oor die omvang van die probleem is moeilik bekombaar, aangesien hierdie verskynsel verbloem word. Wat wel duidelik is, is dat hierdie verskynsel, wat omvang betref, geweldig toeneem. Die dwelmmiddelprobleem moet nie net gesien word as 'n stedelike pro= bleem nie. 'n Bekende provinsiaal-georganiseerde welsynsvereniging weet bv. van 50 gevalle op die platteland en wel in die Vrystaat, waarvan 14 op die Goudvelde is.[53)]

In 'n sekere Suid-Afrikaanse universiteit is gevind dat ongeveer 50 persent van die studente al met dwelmmiddels geëksperimenteer het. Een student het gerapporteer dat sy van ongeveer 200 persone aan haar universiteit weet wat dwelmmiddels gebruik.[54)] 'n Openbare figuur wat die dwelmmiddelprobleem in Johannesburg intensief bestudeer het, maak die volgende stelling aangaande die omvang van dié verskynsel: "My guess will be completely wild. You can say between 3 000 and 4 000 of these kids are doing their beats on Friday and Saturday. We have, however, what we call teeny hoppers, young teenagers from Pretoria and other parts of the Reef for the weekend. There are thirteen clubs and some cater for up to 400 children."[55)]

Getoets aan die kriteria dat 'n maatskaplike probleem "'n situasie in die groepslewe (is) wat objektief meetbaar is en gelokaliseer kan word,"[56)] en teen die agtergrond van die bogenoemde enkele statis= tiese gegewens gesien, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat dwelmmiddelverslawing wel t.o.v. hierdie elemente voldoen aan die definisie van 'n maatskaplike probleem. Omdat baie verskynsels egter objektief meetbaar is en gelokaliseer kan word sonder om as sodanig 'n maatskaplike probleem te impliseer, bv. die bevolkingsamestelling van bepaalde areas, raak die voldoening aan hierdie kriteria nog nie sondermeer die essensie van wat 'n maatskaplike probleem is nie.

---

53) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 35.

54) Ibid., p. 35.

55) Ibid., p. 56.

56) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 30.

Oor die algemeen beskou, word 'n verskynsel, benewens die objektiewe meetbaarheid en lokaliseerbaarheid daarvan, eers werklik 'n probleem wanneer "there are some things we could all agree were undersirable and therefore universally acceptable as constituting a problem."[57] Dit impliseer 'n verdere en essensiëler kriterium vir die bepaling van 'n verskynsel as problematies al dan nie.

Meer in besonder verwys hierdie element of kriterium daarna dat sekere basiese waardes bedreig word.[58] Die begrip "afwykende gedrag" dui op dié soort gedrag wat nie in ooreenstemming is met die verwagtinge wat aan bepaalde rolle verbonde is nie.

In die woorde van Parsons is dit 'n verbreking van die geïnstitusionaliseerde normatiewe patrone, d.w.s. oortreding van die norme wat algemeen aanvaar word in die betrokke interaksie-sisteem.[59]

Sprott sien afwykende gedrag as 'n oortreding van die kulturele gedragsreëls.[60] Cohen definieer dié begrip soos volg: "Behavior which violates institutionalized expectations that is, expectations which are shared and recognized as legitimate within a social system."[61] Hierdie benadering tot afwykende gedrag impliseer dus dat die verskynsel van afwyking eweseer 'n produk is van die maatskaplike struktuur as wat dit die geval is by sogenaamde normale gedrag. Ter motivering van hierdie stelling word gestel dat die mens vanaf geboorte 'n deel is van 'n bepaalde maatskaplike struktuur wat 'n invloed uitoefen op sy denke, gedrag en optrede, met ander woorde op sy psigies-sosiale ontwikkeling as geheel. Hoewel die mens die aksiesentrum is van die verhouding mens- samelewing- kultuur, is en bly hy deel van die maatskappy wat sekere beperkings en gedragskodes neerlê.

---

57) Worseley. Problems of modern society, p. 13.

58) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 32.

59) Parsons. The social system, p. 250.

60) Sprott. Science and social action, p. 104.

61) Cohen. The study of social disorganization and deviant behavior. (<u>In</u> Merton e.a. Sociology today - problems and prospects, p. 462.)

Hiermee wil nie te kenne gegee word dat die individu sonder meer die produk is van sy samelewing nie, aangesien so 'n beskouing die individu op onrealistiese wyse onthef van sy verantwoordelikheid t.o.v. sy gedrag. Hierteenoor is daar 'n gebalanseerder opvatting, nl. dié wat die mens as aksiesentrum in die samelewing en kultuur sien met die erkenning dat die samelewingstotaliteit, die kultuur en samelewingsgroepe waarvan die individu lid is wel 'n sekere invloed t.o.v. sy gedrag uitoefen. Implisiet in so 'n beskouing is opgesluit dat gedrag deur sosiale, sowel as psigiese faktore be=ïnvloed en bepaal word.

Die feit dat die verskynsel van verslawing gelokaliseer kan word, soos vooraf reeds aangedui en in besonder die feit dat verslaafdes met mekaar assosieer en sodoende[62] groepe vorm, onderskryf die stelling dat die individu nie sonder meer van "buite-af" be=invloed word om van dwelmmiddels gebruik te maak nie, maar dat hy, as aktiewe element, eweneens meewerk tot die vorming van groepe waarin dié verskynsel voorkom. Binne hierdie raamwerk beskou, kan vervolgens gelet word op die algemene uitwerking van dwelmmiddels soos dit in verband staan met die bedreiging van basiese waardes.

Dwelmmiddels het 'n invloed op die hoër breinfunksies van die mens en met langdurige gebruik werk dit disintegrerend in op die per=soonlikheid. Die individu se lewensuitkyk en dus sy hele lewens=patroon verander om aan te pas by die nuwe behoeftes wat ontstaan en hy begin hom losmaak van d.w.s. onttrek uit, die samelewing wat bevre=diging van daardie behoeftes veroordeel of verbied het. Die terugtrek=king uit die samelewing lei tot toenmende des-identifikasie van die samelewing. Sy interpersoonlike verhoudinge raak oneffektief en die afhanklike word 'n sosiale alleenloper wat identiteit binne 'n afwykende groep soek waar sy voorkoms, optrede en gedrag nie veroordeel kan word nie.[63]

---

62) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 296.

63) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 24.

Afhanklikheid van sekere middels veroorsaak 'n intense angs, paranoïde wantroue, depressie en 'n gevoel van isolasie. Die persoon verwerp die gemeenskap en daarmee ook sy sedes, moraal en selfs wette. Dit lei tot ernstige werkskuheid, losbandigheid, aggressie en wetsoortreding. Die verslaafdes vind die norme en waardes van die samelewing ontoeganklik, met die gevolg dat hulle lede word van groepe waarbinne hulle gedrag, deur lede van daardie groepe, goedgekeur word. Hierdie groepe skep 'n eie leefwyse met hulle eie gebruike, d.w.s. sogenaamde subkulture waarvan die norme bots teen die konvensionele, d.w.s. algemeen aanvaarde, norme van die breër kultuur. Die beplanning van die gebruike in hierdie subkulture, soos o.a. dwelmmiddelgebruik, lei tot 'n toe=nemende vervreemding van die gemeenskap wat in sy volle konse=kwensies daarop neerkom dat die verslaafde alleen binne die subkultuur, as lid van 'n afwykende groep, kan aanpas en aldus be=vrediging kry m.b.t. die drang om deur ander aanvaar te word.

Die verslaafdes onttrek hulle aan die konvensionele waardesisteem en gevolglik ontwerp hulle 'n eie waardesisteem wat direk gerig is teen die waardesisteem van die samelewing en aldus kan dwelmmiddel=verslawing gesien word as 'n verskynsel wat die heersende waarde=sisteem bedreig.

A.g.v. hierdie bedreiging word gevoel dat "iets gedoen moet word" om die probleem te bekamp. Soos in die geval van alle maatskaplike probleme word t.o.v. verslawing ook die elemente van maatskaplike aksie wat gerig is op die oplossing van die probleem, gevind.[64)]

Die kommer oor hierdie verskynsel en die idee van gemeenskaplike optrede daarteen manifesteer sigself nie net in die algemene open=bare mening nie, maar is vroeg reeds gekonkretiseer in die vorm van nasionale en internasionale beheer oor die kweek, verspreiding en gebruik van dwelmmiddels by wyse van wetgewing.

---

64) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p.33.

As sodanig moet dit ook gesien word as 'n reaksie teen die gevaar wat verslawing t.o.v. basiese waardes inhou.

Die probleem rakende die vraagstuk na die beheer van dwelmmiddels tree reeds in die jaar 1909 op internasionale vlak na vore toe president Theodore Roosevelt die Shangai-kommissie byeengeroep het. Daarna volg die Haagse Konvensie van 1912, die Geneefse Konvensie van 1924, die Bangkok-konvensie van 1913 en die Protokol van Parys in 1948.[65)] Onopgeloste vraagstukke rakende die dwelmmiddelprobleem het by elke konvensie voorgekom en algaande is daar doeltreffender maatreëls ingestel ten opsigte van die beheer oor dwelmmiddels. Daar is besef dat drastiese stappe gedoen sal moet word om die probleem te bekamp.[66)]

Die internasionale beheer oor dwelmmiddels berus vandag by drie komitees van die V.V.O. wat moet toesien dat die bestaande wetlike en administratiewe masjinerie om onwettige handel in dwelmmiddels te verminder, toegepas word, en wat aan die individuele lande waar die probleem ernstig is, hulp moet verskaf. Afgesien van dié beheermaatreëls, het elke land self ook sekere beheermaatreëls en wette ten opsigte van die verkoop van en handel met dwelmmiddels. In die V.S.A. word die Harrison narcotic Act. en die Marihuana Act van 1937 deur die Bureu of Narcotics toegepas. Deur hierdie wet, word gepoog om die probleem die hoof te bied.[67)] In China het opiumgebruik 'n geruime tyd gelede reeds 'n nasionale bedreiging geword en in 1906 het die regering 'n strenge verbod geplaas op opium-misbruik wat die bedreiging aansienlik aan bande gelê het.[68)]

---

65) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 156.

66) Ibid., p. 156.

67) Ibid., p. 156.

68) Ibid., p. 156.

Ook in Suid-Afrika is strenge maatreëls ingestel om hierdie probleem die hoof te bied, te wete Wet no. 41 van 1971 ingevolge waarvan persone na die eerste oortreding met dwelmmiddels tussen 5 jaar en hoogtens 15 jaar gevonnis kan word, en in die geval van die tweede of latere skuldigbe vinding vir 'n tydperk van minstens tien jaar tot hoogstens vyftien jaar.[69)]

Getoets aan die kriteria in terme waarvan 'n verskynsel per definisie as 'n maatskaplike probleem getipeer kan word, te wete die objektiewe meetbaarheid en lokaliseerbaarheid daarvan asook die bedreiging wat so 'n verskynsel inhou ten opsigte van die basiese waardes van die samelewing, word uit die bostaande beskrywing van dwelmmiddel=verslawing in die raam van die genoemde kriteria, tot die gevolg=trekking gekom dat verslawing aan dwelmmiddels onteenseglik beskou moet word as 'n maatskaplike probleem.

Dit sou egter onvolledig wees om te volstaan met die tipering van die toestand van verslawing as net 'n maatskaplike probleem sonder om ook in te gaan op die aanloop tot 'n sodanige toestand, nl. die gebruik van dwelmmiddels wat uiteraard die moontlikheid van 'n maat=skaplike probleem inhou.

3. <u>Die gebruik van dwelmmiddels as 'n potensiële maatskaplike probleem</u>

Daar dien op gelet te word dat 'n toestand van verslawing, afhangende van die besondere middel, eers 'n bepaalde tydperk na die aanvanklike gebruik daarvan bereik word en daarom moet selfs die aanvanklike gebruik daarvan gesien word as 'n potensiële probleem. Die poten=siële verslaafde eksperimenteer met die middel en dit mag lei tot 'n fisiese afhanklikheid van die middel. By die onttrekking van die middel ontstaan simptome van fisiese ongemak, met die gevolg dat die dwelmmiddel weer gebruik word om die fisiese ongemak te verlig. Die algemeenste inlywingspatroon tot die gebruik van dwelmmiddels is deur middel van intieme assosiasies met reeds verslaafdes, wetend of onwetend.[70)]

---

69) Kotzé. Dwelmverslawing, p. 19.

70) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 305.

Clinard stel dit soos volg: "Most drug addicts are introduced to the habit knowingly. Only rarely does the use of drugs during illness lead to addiction; . . . As for the large numbers who take them because of curiosity, there has usually been some association with addicts."[71]. Baie nie-verslaafdes beland in areas waar dwelmmiddels wel gebruik word op soek na goedkoop behuising, werk en vryheid van die morele orde van die samelewing. "Most of these addicts had not started in areas where drug use is not most prevalent. They had come to such areas for a variety of reasons-in search of inexpensive living quarters, in the course of employment (as bellhops, porters, entertainers) or in search of freedom from the restraints of the moral of the larger society. Thus, many were deviant from conventional morality well before they had tried drugs."[72]. In dié sin moet daarop gelet word dat potensiële verslaafdes reeds tot op 'n sekere vlak afwyk van die kon= vensionele norme en waardes voordat hulle daartoe oorgaan om dwelm= middels te gebruik. Dit is dus nie omdat hulle dwelmmiddels gebruik dat hulle as afwykend beskou word nie; dwelmmiddelgebruik is in hier= die sin net 'n simptoom van hulle afwyking van die normale orde.

Die oorsaak van verslawing aan dwelmmiddels hang ook baie af van die beskikbaarheid van die middels en die heersende houding ten opsigte van die gebruik daarvan in die onmiddellike en wyer maatskaplike omgewing. Absolute eenvormigheid word nooit in 'n omgewing gevind nie. Die waardes van die persoon wat besig is om aan dwelmmiddels ver= slaaf te raak, ondergaan meesal 'n verandering. In die eerste plek vervreem hy progressief van die waardes en standaarde van die nie= verslaafdes, wek hy die vyandigheid van sy vroeëre kennise op en voel hy dat hulle hom nie verstaan nie en hom mislei. In die tweede plek vereenselwig hy hom al hoe meer met die standaarde en waardes van die wêreld waarin die verslaafdes leef, totdat hy later heeltemal met sy vroeëre waardes breek en die nuwes in die plek daarvan stel. 'n Hele omwenteling het dus in sy waardesisteem plaasgevind.[73]

---

71) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 305.

72) Merton & Nisbet. Contemporary social problems, p. 194.

73) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 153.

Daar moet gelet word op die feit dat die waardes en norme van die persoon wat besig is om verslaaf te raak, d.w.s. dwelmmiddels gebruik, meestal ŉ verandering ondergaan en hieruit is dit duidelik dat die gebruik van dwelmmiddels reeds ŉ potensiële maatskaplike probleem is.

D. Samevatting

Dit val te betwyfel of daar op hierdie tydstip ŉ maatskaplike probleem is wat soveel aspekte het en so die openbare mening se belangstelling geniet as die probleem van dwelmmiddelverslawing. Die probleem van verslawing betrek ŉ groot aantal mense, en hierdie afwyking in die sosiale gedrag wek die kommer van die gemeenskap. Die enigste wyse waarop hierdie versteurde orde herstel kan word, is deur kollektiewe handelinge.

Merton bou die anomieteorie van Durkheim verder uit. Uit Merton se hipotese en sy teoretiese analise van die sosiale realiteit in kulturele en sosiale strukture is dit duidelik dat hy maatskaplike probleme wil verklaar aan die hand van ŉ spesifieke toestand in die struktuur van die samelewing, t.w. die toestand van anomie en die graad van so ŉ toestand. Merton ontwerp ŉ analitiese klassifikasiesisteem van aanpassingswyses en hy onderskei tussen konformiteit, innovasie, ritualisme, onttrekking en rebellie. In verband met hierdie uiteensetting van Merton moet daarop gelet word dat sy tipologie van konformiteit en afwykende gedrag gestel word deur slegs die sosiokulturele struktuur as uitgangspunt te gebruik. Hierdie voorbeeld van struktureel-funksionele ontleding hou nie rekening met sosiaalsielkundige faktore nie. Trouens, Merton stel dit baie duidelik dat hy probeer aantoon het waarom die voorkoms sowel as die aard van afwykende gedrag gedifferensieer is, dit wil sê van een groep of maatskaplike klas na ŉ ander, varieer. Vir/sover hy met hierdie ontleding afwykende gedrag verklaar in terme van twee basiese sosiokulturele elemente, naamlik die doelstellings van die groep en die norme van die kultuur, het hy wel ŉ sosiologiese begrip van hierdie vorm van gedrag verskaf.

Word daar meer aandag gegee aan wat verslawing presies is, dan word besef dat verslawing die gevolg is van langdurige inname van dwelm=

middels wat lei tot gewoontevorming en uiteindelike afhanklikheid wat intree as die persoon nie meer by magte is om weerstand te bied teen die drang nie. Dwelmmiddelverslawing is 'n verskynsel wat so in omvang toegeneem het dat dit objektief meetbaar is en duidelik gelokaliseer kan word. Die houding van die samelewing t.o.v. hierdie probleem is "dat iets gedoen moet word" om die probleem uit te roei of dan te be= kamp. Op alle terreine in die samelewing word dan ook daadwerklike pogings aangewend om die probleem van verslawing die hoof te bied. Op internasionale vlak word daadwerklike pogings aangewend om dwelm= middelmisbruik te beperk, nie slegs die misbruik van dwelmmiddels nie, maar ook die onwettige koop en verkoop van hierdie middels. Dit is 'n bewese feit dat die gebruik van dwelmmiddels, 'n potensiële maat= skaplike probleem is. Die gebruik van dwelmmiddels lei tot die mis= bruik van hierdie middels. Dus sal daar gewaak moet word teen die gebruik van dwelmmiddels omdat dit die beginfase is tot verslawing.

Voordat dwelmmiddelmisbruik uit die weg geruim kan word, moet die faktore wat aanleiding gee tot die probleem eers opgespoor en opgelos word. Om die maatskaplike faktore wat relevant is tot die verskynsel te isoleer, is dit eers nodig om na die verskynsel self te kyk, met aandag aan die maatskaplike faktore wat 'n rol speel in die veroor= saking daarvan.

## HOOFSTUK 3.

## VORME VAN VERSLAWING EN MAATSKAPLIKE FAKTORE WAT IN DIE ETIOLOGIE DAARVAN 'N ROL SPEEL.

### A. Inleiding.

Soos reeds in die voorafgaande hoofstuk aangetoon is, is die misbruik van dwelmmiddels is 'n siektetoestand in die samelewing. Voordat hierdie siekte genees kan word, moet eers vasgestel word wat die faktore is wat aanleiding gee tot verslawing. Daar is verskillende oorsake wat van belang is by verslawing aan dwelmmiddels. By elke gebruiker en afhanklike is die oorsaak egter anders. Soos aangetoon in hoofstuk 2 van hierdie studie is die afhanklikheid aan dwelmmiddels die eindresultaat van 'n reeks faktore en omstandighede. Een van die faktore kan wel dominant en deurslaggewend wees. Sulke oorsake is nie alleen in die mens gesetel nie, maar hang ook baie af van wat die omgewingsinvloede is.[1)]

Vrae wat mag na vore tree is: waarom is sommige mense meer vatbaar vir verslawing as ander en watter persoonlikheidseienskappe veroorsaak die vatbaarheid? Om antwoorde op hierdie vrae te kry moet meer insiggewende en sistematiese data oor die persoonlikheidsontwikkeling van die verslaafdes ingesamel word. Ausubel[2)] het reeds in hierdie verband 'n belangrike poging aangewend. Hy het data verkry uit die kliniese geskiedenis van 'n groot aantal verslaafdes en 'n ontleding van hul voorverslawing-persoonlikheidsontwikkeling gemaak. Sy resultate is nog hipoteties en hy voel dat nog meer diepgaande navorsing gedoen moet word. By hierdie klassifikasie word die toevallige verslaafde persoon wat 'n normale persoonlikheid het en wat volgens Ausubel[3)] eintlik baie raar is, nie ingesluit nie.

---

1) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.42.
2) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects,p.40.
3) Ibid.,p.40.

Volgens Ausubel is hulle nie ware verslaafdes nie, aangesien hulle ver=slawing bloot op fisiese afhanklikheid berus en dit nie vir hulle aanpassingswaarde het nie.

In 'n ontleding van die verskillende tipes verslaafdes poog Ausubel om onder andere die maatskaplike faktore in hulle agtergrond wat aanleidende oorsake kan wees, aan te toon. Vervolgens word aandag gegee aan die ont=leding en klassifikasie van Ausubel.

B. <u>Ausubel se klassifikasie van vorme van verslawing</u>.[4]

'n Insiggewende klassifikasie van die vorme van verslawing is deur Ausubel[5] weergegee waarin hy die pre-verslawingspersoonlikheids-eienskappe in persoonlikheidsontwikkeling gebruik as die belangrikste verklaringsgrond vir die verskillende vorme wat hy onderskei. Omdat verslawing in hierdie klassifikasie hoofsaaklik vanuit die persoonlik=heidstruktuur verklaar word, is dit uiteraard 'n psigologiese verklaring, maar omdat Ausubel tog implisiet sekere maatskaplike faktore in die ver=oorsaking van hierdie verskynsel aanwys, en by gebrek aan 'n sosiologiese klassifikasie van verslawing, word die beskouing van Ausubel as vertrek=punt geneem om dan mettertyd die sosiologiese ter saaklike faktore daar=by aan te vul.

Ausubel onderskei tussen drie basiese kategorieë of vorme van verslawing:

1. Primêre verslawing: In hierdie geval het die opiate 'n spesifieke aanpassingswaarde vir sekere persoonlikheidsgebreke.

2. Simptomatiese verslawing: In hierdie geval het die opiate geen spesifieke aanpassingswaarde nie en is dit slegs 'n simptoom van 'n breër patroon van gedragsafwyking.

---

4) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio=logical aspects, p.40.

5) Ibid., p.40-54.

3. Reaktiewe verslawing: Dit is slegs ŉ kortstondige ontwikkelings=verskynsel in die lewe van normale indiwidue en hulle word meesal beïnvloed deur verwronge portuurgroepsnorme.[6)]

In ŉ breër sin dui al drie dié vorme van verslawing op die aanpassings=funksie van dwelmmiddels. "The difference between primary and symptomatic addiction is mainly a difference in specifity of adjustive value of opiate induced euphoria for the personality disturbance involved."[7)] Reaktiewe verslawing is ŉ aanpassing by spanning en sekere situasies of ook konformiteitsbehoeftes in ŉ portuurgroep en nie soseer ŉ ernstige persoonlikheidsdefek nie.

1. <u>Primêre verslawing</u>.

Primêre verslawing sluit verslaafdes in vir wie dwelmmiddels ŉ spesifieke aanpassingswaarde het vanweë een of ander persoonlik=heidsgebrek. In hierdie verband kan twee tipes persoonlikhede onderskei word wat elk gekenmerk word deur ŉ bepaalde predisposisie of gebrek:

(a) die ontoereikende persoonlikheid, en

(b) persoonlikhede wat gekenmerk word deur angs en reaktiewe depressie.[8)]

Van bogenoemde groepe is die ontoereikende persoonlikheid die be=langrikste en wat die genesing van verslawing betref is die prog=nose vir hierdie vorm van verslawing relatief swak. "Since drug addiction is an almost tailor-made adjustive mechanism for this psychological disorder, it may be regarded as the characteristic personality make-up predisposing individuals to opiate addiction.

---

6) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects,p.39.

7) Ibid.,p.39.

8) Ibid.,p.41.

For the other personality trends, the adjustive value is less specific and less efficient; incidence is lower, prognosis better, and the consequences to both society and individual less disastrous."[9)]

(a) Ontoereikende persoonlikhede.

Hierdie persone word gekenmerk deur 'n defek wat genoem word motiveringsonvolwassenheid. Hierdie persoonlikheidstipes slaag nie daarin om volwassenes te wees nie, en hulle identifiseer hulleself ook nie met die doelstellings van volwassenes nie. Hulle is passief, afhanklik en onbetroubaar. Hierdie persone toon geen behoefte om verantwoordelikheid te aanvaar nie. Hulle soek na plesier sonder enige verdere volwasse doelstellings en dit weerspieël dat hulle nog nie hulle jeugjare se motivering ontgroei het nie. Alhoewel hierdie persoonlikheidstipes hoogs ontoereikend en onvolwasse is, het hulle nie eie kriteria om hulle te beoordeel as ontoereikend en onvolwasse nie.

Hierdie tipe mense verkeer gedurig in spanning, a.g.v. die feit dat hulle nie die eise wat aan volwassenes gestel word, kan aanvaar nie. Psigies is die tipe mense nie in staat tot volwasse gedrag en konformering aan die rolverwagting van volwassenes nie. Waar dus van so 'n persoon verwag word om as volwassene te handel, gebruik hy dwelmmiddels as aanpassingsmedium. Van sulke mense word dan gesê dat hulle 'n inherente swakheid het, 'n gebrek aan deursettingsvermoë, dat gevoelens van minderwaardigheid by hulle aanwesig is. Hulle is depressief en word maklik gefrustreerd. Hulle is asosiaal, onvolwasse en onstabiel.[10)]

Ausubel beweer dat ". . . by analogy to developmental history typical of most inadequate personalities, we can infer that the maturational defect is not attribute to lack of emotional acceptance by parents during preschool years.

---

9) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects,p.41.

10) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.42.

It developes instead during the later period when there is normally a transference of emotional identification from childhood goals and goal-seeking patterns to their adult counterpart.[11)]

Sekere opvoedingspatrone gedurende middel-kinderjare en pre-adolessensie speel volgens Ausubel[12)] 'n belangrike aanleidende rol tot verslawing. Hierdie opvoedingspatrone kan een van die volgende vorme aanneem:

(i) Die uiters oorbeskermende ouers wat die kind beskerm teen alle onafhanklikheid en alle moontlike mislukkings, sodat hy nooit 'n geleentheid kry om volwasse doelstellings daar te stel nie of om onafhanklik op te tree nie.

(ii) Die ouers wat nooit van die kinders verwag om volwasse gedrag te toon nie. Dié ouers laat die kind glo dat hulle bevoorregte persone is wie se behoeftes altyd deur ander bevredig sal word.

(iii) Die uiters dominerende ouers wat geweldig hoë doelstellings aan die kind stel. Hierdie kind saboteer later alle volwasse doelstellings sodra hulle onder hulle ouers se gesag uitkom.
Uit hierdie ongebalanseerde ouer-kind-verhouding ontwikkel dan die persoonlikheidsdefek van motiveringsonvolwassenheid wat die kind se persoonlikheid ontoereikend maak met die gedagte dat hy voordurend daarop ingestel is om 'n omgewing te skep waarin hy die volwasse rolverwagtings wat mettertyd aan hom gestel word, kan ontwyk. In hierdie verband beweer Ausubel die volgende:
". . . opiate addiction can never constitute a complete and adequate substitute for the satisfaction of genuine drives, in a motivationally mature person. It can at best alleviate situationally counterparts in anxietyprone individuals."[13)]

---

11) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects, p.43.

12) Ibid., p.41.

13) Ibid., p.47.

Soos afhanklikheid ontwikkel, ontstaan 'n nuwe primêre behoefte wat slegs deur dwelmmiddels bevredig kan word.

(b) Persoonlikhede wat gekenmerk word deur angs en reaktiewe depressie.

"The reason for the limited adjustive value of opiate for anxiety and depression inhere in the personality structure of persons with these disorders."[14] Hierdie persone word gekenmerk deur hulle geweldige hoë aspirasies vir sukses wat kompenseer vir 'n gebrek aan intrinsieke eie-waarde en as sodanig is dit gewoonlik 'n produk van 'n onbevredig= ende ouer-kind-verhouding. As gevolg van 'n gebrekkige eiewaarde ont= staan daar 'n gevoel van ontoereikendheid ten opsigte van doelbereiking en dit lei tot angs en depressie. Hierdie persoonlikheidstipes raak dus verslaaf omdat hulle voel daar is geen moontlikheid om hulle geweldige hoë doelstellings te bereik nie.[15] Die druk wat die same= lewing uitoefen verwar die mens verder. Dwelmmiddels besit die vermoë om die mens te help om die werklikheid te ontvlug en daarom steek soveel mense hulle hande uit na die "hulp" wat dwelmmiddels hulle bied.[16]

In teenstelling tot verslaafdes wat gediagnoseer word as spruitende uit 'n ontoereikende persoonlikheid, blyk dit dat bogenoemde tipes gedurende hulle jeugjare doeltreffend aangepas was in die same= lewing.[17] Hulle gebruik slegs dwelmmiddels om spanning te ver= minder, want onder die invloed van die middels is spanning draag= liker en die omgewing skyn minder onheilspellend te wees. Die dwelmmiddels versag die harde werklikheid, vrees neem af en hulle beskou hulle nie self meer so krities nie. Dié tipe verslaafdes stel nie soseer belang in die euforiese effek nie en daarom is dit in hulle vermoë om hulle te beperk tot kleiner dossisse.

---

14) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects, p.47.

15) Ibid., p.47.

16) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p.46.

17) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects, p.47.

Die dwelmmiddels versterk in hierdie gevalle sekere persoonlik= ✶ heidstrekke sodat meer selfvertroue ervaar word. Sosiale produk= tiwiteit, verantwoordelikheid en interpersoonlike aktiwiteite word ook nie te nadelig beïnvloed nie.[18]

In die lig van die motivering wat verslawing by hierdie persoon= likheidstipe veroorsaak, asook die feit dat hulle volwasse doel= stellings - hoewel onrealisties hoë doelstellings - nastreef, is verslawing by hulle nie so ernstig soos bv. in die geval van persone wat gekenmerk word deur motiveringsonvolwassenheid nie. Om hierdie rede sal hulle ook nie noemenswaardige risiko's loop om dwelmmiddels te bekom nie.

2. Simptomatiese verslawing.

Hierdie vorm van verslawing kom voor by die aggressiewe anti-sosiale psigopaat. So 'n persoon is aggressief en vyandig en gebruik dwelmmiddels bloot om die wet te verbreek,[19] waardeur sy antiso= siale gedrag duidelik weerspieël word.

Die simptomatiese verslaafde se toestand is 'n simptoom van 'n breër patroon van afwykende gedrag wat onder meer 'n patroon van jeugmisdaad insluit. Hoewel ernstige misdade deur hierdie persoon= likheidstipe gepleeg word, is misdaad nie in hierdie gevalle die noodwendige gevolg van dwelmmiddelgebruik nie, maar is dwelmmiddel= gebruik slegs nog maar 'n vorm van misdaad wat spruit uit hierdie persoonlikheidstipe se anti-sosiale oriëntering en psigopatiese neigings.

3. Reaktiewe verslawing.

"Reactive drug addiction is essential an adolescent phenomenon. It has no adjustive value for any basic personality defect.

---

18) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects, p.48.

19) Ibid., p.48.

It is a vehicle for the expression of aggressive anti-adult sentiment, and a means of obtaining acceptance in certain slum-urban peer groups."[20]

Nie alle jeugverslaafdes kan egter in hierdie groep ingedeel word nie. Die grootste aantal reaktiewe verslaafdes is normale jeug=diges wat begin het deur te eksperimenteer met dwelmmiddels. Reaktiewe verslawing begin by die rook van marijuana en lei tot heroien-misbruik. Reaktiewe verslaafdes onttrek hulle aan groot groepe en skakel in by kleiner groepe.[21]

Die adolessensie is 'n fase van ontwikkeling tot volwassenheid waar=in die adolessent geleidelik die bande met die gesin verbreek in sy strewe na volwassenheid en selfstandigheid. Tegelyk egter, be=staan nog steeds die drang om aanvaar en erken te word, soos dit die ingeskape sosiale aard van die mens is. Hierdie drang na groepsverbintenis lei die adolessent na sy portuurgroep waar hy erkenning en aanvaarding verkry.

Die druk wat die adolessent ervaar in die oorgangstadium na vol=wassenheid gee ook aanleiding tot 'n opstand teen die konvensionele norme sodat die norme van die portuurgroep dikwels in 'n ambi=valente verhouding staan tot die algemeen aanvaarde norme. Die drang na aanvaarding deur en opname in die portuurgroep lei ge=volglik dan tot die verwerping van die konvensionele norme terwyl dit veral so is dat eksperimentering met dwelmmiddels een van die vereistes is waaraan voldoen moet word voordat opname in die portuur=groep goedgekeur word.

In aansluiting hierby, hoewel nie uitsluitlik beperk tot hierdie areas nie, is reaktiewe verslawing 'n tipiese verskynsel van die stedelike agterbuurtes.

---

20) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio=logical aspects, p.48.

21) Ibid., p.48.

Die hoof-oorsaak waarom dwelmmiddelmisbruik hier floreer, is omdat die middel hier maklik bekombaar is, terwyl hierdie areas 'n groter verdraagsaamheid teen die gebruik van dwelmmiddels openbaar.[22)]

Om hierdie rede floreer onwettige dwelmmiddelmisbruik en -handel in dié areas. Die jeugdiges in die lae strata van die samelewing gebruik die middels in reaksie teen heersende angstoestande soos bv. armoede, ellende ens. Hierdie jeugdiges beskik nie oor die nodige fasiliteite om hulle vryetyd nuttig te bestee nie. Verslawing onder hierdie groepe kan twee doeleindes dien:[23)]

(a) "It may be utilized by adolescents who are resistive to, or amivalent about, undergoing adult maturation. Such phasic trends are exceeding common during adolescence and in most instances do not have a poor prognosis. They can be indulged more successfully under the influence of opiates.

(b) Second, opiates have a sedative effect on the particular anxiety and insecurities characteristic of adolescence in the same sense that they do on anxiety of any origin."[24)]

Ausubel verklaar dat reaktiewe verslawing 'n verskynsel is waarvan die gevolge nie te ernstig is nie. Hy sê: "By sampling narcotics, he has served his purpose of asserting himself and defying adult authority, just as he would by racing his car at sixty miles an hour through a stop sign, or by coming dead drunk at three in the morning. But he has not made a fatal, irrevocable mistake . . . He is not caught in the iron-grip of physiological dependence."[25)] Hierdie vorm van verslawing is in die meeste gevalle slegs tydelik. Word die middel onttrek, sal hulle wel ongemak verduur, maar die drang na die middel is nie so intens soos in die geval van bv. dié primêre verslaafde nie.

---

22) Ausubel. Drug addiction. Physiological, pshyhological and sociological aspects, p. 52.

23) Ibid., p. 52.

24) Ibid., p. 52.

25) Ibid., p. 52.

In hierdie verband sê Ausubel: "This dependence involves a relatively mild and selflimited period of physical suffering when the drug is withdrawn. And if the drug has no true adjust value, this is a small price to pay compared to (the exorbitant price) of heroin, imprisonment and disgrace."[26)]

Uit hierdie uiteensetting is dit duidelik dat Ausubel, hoewel hy implisiet dui op die rol wat sekere maatskaplike faktore speel in die veroorsaking van verslawing, hoofsaaklik die klem plaas op die rol wat persoonlikheidsdefekte speel in die etiologie van ver= slawing. Soos vooraf reeds beskryf, bied Ausubel se tiplogie van verslawing 'n nuttige vertrekpunt vir die bestudering van die dwelm= middelprobleem, maar dit blyk dat, benewens die faktore waarop Ausubel dui, daar ook ander faktore is wat 'n veroorsakende rol speel in verslawing. Volledigheidshalwe word vervolgens aandag aan hierdie faktore gegee waarna in besonderhede ingegaan word op ter saaklike maatskaplike faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van verslawing om dan sodoende te kom tot 'n gebalanseerde psigo-sosiale verklaring van hierdie verskynsel.

C. Die oorsake van verslawing aan dwelmmiddels

1. Persoonlikheidsfaktore

(a) Fisiese faktore

(i) Om pyn te stil

Dwelmmiddels word aan pasiënte gegee om pyn te stil, en van die pasiënte raak verslaaf aan die middels. Veral persone met persoonlikheidsgebreke is vatbaar en loop gevaar om op hierdie wyse verslaaf te raak. Afhanklikheid wat op hierdie wyse geskied, is betreklik min.[27)]

---

26) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects, p. 53.

27) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe, waarom?, p. 76.

(ii) Die aangename uitwerking van dwelmmiddels

Deur die gebruik van dwelmmiddels voel 'n persoon tevrede, ontspanne en alle bekommernisse verdwyn. Die persone voel op hulle gemak in die teenwoordigheid van ander, alle self=bewustheid verdwyn en meer selfvertroue word ondervind.

(iii) Beheer van eetlus

Baie vroue gebruik amfetamiene om die eetlus te beheer en sodoende te verslank. Dit word oor 'n lang tydperk geneem sodat die persone daaraan gewoond raak en later nie meer sonder die stimulasie, wat dit teweegbring, kan klaarkom nie.[28]

(iv) Alkoholisme

Alkoholiste kan soms afsien van alkohol en dan oorskakel na die gebruik van dwelmmiddels en so hulle asook hulle vriende mislei dat hulle afgesien het van die misbruik van alkohol.

(b) Psigiese faktore

(i) Ontvlugting

Angs en kommer word as van die magtigste dryfvere in die mens se lewe beskou. Sommige mense leef voortdurend in hierdie vrees en spanning, ander voel altyd verveeld en onvergenoegd. Vir ander is die lewe 'n voortdurende gesleur en geswoeg. Dwelmmiddels verskaf aan hierdie tipe mense 'n ontvlugting uit onaangename lewensituasies. Ontvlugting van verveling, ver=antwoordelikheid, spanning en angs is wesenlike oorsake van afhanklikheid. Veral emosioneel onvolwasse persone soek liewer ontvlugting in dwelmmiddels as om hulle probleme self op te los.

---

28) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 77.

(ii) Nuuskierigheid en bravade

Die mens besit die neiging om te wil waag en met alles te eksperimenteer. Hy gebruik dwelmmiddels om vas te stel wat die presiese uitwerking van die middels is en in sy onkunde word die euforiese uitwerking en die prikkeling vir hom voorgehou sodat hy onbewus is van die gevare. Onskuldige eksperimentering van hierdie aard lei later tot afhanklikheid.

(iii) Onkunde

Mense dink soms dat as 'n geneesheer 'n middel aan hulle voorskryf, so 'n middel nie gevaarlik is nie. Studente gebruik somtyds een of ander stimulant vir studiedoeleindes en hulle besef nie die gevaar voor dit te laat is nie. Kinders wat nie veel insig in die probleem het nie kan maklik verlei word, of wanneer kinders onkundig is oor die uitwerking van dwelmmiddels kan hulle deur maats oorreed word om die middels te gebruik.

2. Maatskaplike omgewinsfaktore

(a) Beskikbaarheid van die middels

Dwelmmiddels is vandag baie maklik bekombaar en veral in lande waar die middels so maklik bekombaar is, is die omvang van die gebruik baie groot, soos bv. die gebruik van opium in die Ooste en dagga in Suid-Afrika.[29)]

(b) Verleiding en assosiasie met afhanklikes

Baie kenners meen dat verleiding die belangrikste oorsaak is in die veroorsaking van verslawing aan dwelmmiddels.[30)]

29) Williams. Narcotics and hallucinogenics - a handbook, p. 13.

30) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 297.

Afhanklikheid is soos 'n aansteeklike siekte vanweë die feit dat die gewoonte so dikwels deur kontak met afhanklikes aan=geleer word. Loedolff en Louw bevind dat die jongste toename in afhanklikheid onder die jeug in stede hoofsaaklik te wyte is aan assosiasie met jeugdiges wat reeds verslaaf is.[31)]

(c) Onoordeelkundige toediening van medisyne deur ouers aan kinders

Ouers se onoordeelkundige toediening van medisyne aan kinders lei daartoe dat kinders leer dat daar vir bykans enige liggaamlike en psigiese ongemak een of ander medikament is wat sodanige on=gemak verlig,[32)] met die gevolg dat die gebruik van medisyne, d.w.s. ook afhanklikheidsvormende medisyne, 'n alledaagse hande=ling word wat verslawing in die hand werk.

(d) Rol van geneeshere, psigiaters, aptekers en hospitale

Middels word soms vir lang periodes voorgeskryf en dit lei daar=toe dat die pasiënte na 'n tyd nie meer sonder hierdie middels kan klaarkom nie. Soms word 'n oormaat susmiddels aan die pasiënte gegee wat aan geestessteuring ly. Die voorskrifte word vryelik herhaal en dit kan lei tot latere verslawing.

Die beheer oor dwelmmiddels in apteke en hospitale is dikwels nie streng genoeg nie. Sekere dwelmmiddels byvoorbeeld petidien, word soms onoordeelkundig toegedien.[33)]

(e) Invloed van die stad

Dwelmmiddelmisbruik is nie slegs beperk tot die stad nie, maar dit is wel 'n probleem wat meer in die stad voorkom. Die stede=like leefwyse is die faktor wat veroorsaak dat die verskynsel só toeneem.

31) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 297.
32) Ibid., p. 85.
33) Kotzé. Dwelmverslawing, p. 8.

Die mens van die stad is vereensaam, die verhoudings in die stad is baie oppervlakkiger en die mense staan onverskilliger teenoor mekaar. Hieruit vloei 'n groot mate van anonimiteit. Persone sien hulle verhoudings slegs as 'n middel tot 'n doel, nl. bevordering van die eie belang. In teenstelling met die stad is die plattelandse verhoudings oorheersend intiem persoonlik, spontaan en duursaam. Die intiemer verhoudings verskaf aan die individu 'n gevoel van sekuriteit en dra baie by tot die ontwikkeling van die landeling se persoonlikheid.[34)]

Soos reeds aangetoon leef die stadsmens geïsoleer en hierdie onpersoonlike atmosfeer leen hom tot sekere vorme van afwykende gedrag. Sommige mense gebruik slegs dwelmmiddels om die eensaamheid en verveling wat hulle in die stad omring, te verdryf. Onder die invloed van dwelmmiddels word hulle tydelik bo die eensaamheid en oënskynlike nutteloosheid van hulle bestaan uitgelig.

Die stedeling leef weg van sy medemens en gevolglik word hy nie so maklik veroordeel deur sy medemens nie. Mense steur hulle min aan mekaar en daar is min stedelinge wat werklik belangstel in die medemens. Die gemeenskap oefen ook nie soveel druk uit dat 'n persoon gedwing word om te konformeer nie. Hieruit ontstaan 'n toestand wat 'n vrugbare teelaarde is vir allerhande vorme van afwykende gedrag en dus ook vir dwelmmiddelmisbruik.

'n Ander belangrike faktor wat dwelmmiddelmisbruik kan bevorder, is die subtiele invloed wat die massa-media op die mens het. Die stedeling is permissiewer georiënteerd, die jeug geniet baie meer vryheid van beweging en die stedeling, veral die jeugdige, het meer geld tot sy beskikking wat allerhande vorme van eksperimentering moontlik maak.

---

34) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 86.

In die stad is daar ook meer vorme van vermaaklikheid waaraan die stedeling passief deelneem en wat hom verveel; daar is talle aanvaarde doelstellings waarna hy streef, maar wat ver= twyfeling en opstand laat ontstaan wanneer dié doelstellings nie verwesenlik kan word nie en dit veroorsaak 'n konflik waar= voor die mens maklik in dwelmmiddelmisbruik 'n oplossing soek.[35)]

(f) Faktore wat veral by die adolessent en jeugdige 'n rol speel.

Die moderne jeug is baie kwesbaar as gevolg van die hoë eise wat aan hulle gestel word. Veral die jeug leef in 'n tyd waarin daar 'n omwenteling is in die bestaande waardes. Hulle raak ontevrede met hulleself en hulle is geneig om hulle ontevreden= heid op die buitewêreld te projekteer. Dit is onder andere hierdie toestand wat dwelmmiddels so aanloklik maak vir die jeug.

Die jeug voel hulle bestaan is nutteloos, hulle ervaar 'n ge= brek van sekuriteit, liefde en aanvaarding. Dit lei daartoe dat hulle hulle wend na dwelmmiddels, want onder die invloed van hierdie middels ontvlug hulle tydelik uit hulle "hopelose" bestaan.

'n Algemene verskynsel van die kontemporêre tyd is dat dié jeugdiges 'n neiging toon tot wêreldwye konformiteit waardeur hulle almal eenders wil wees of word.[36)]

(g) Onbevredigde en ongelukkige huislike agtergrond

Talle misbruikers van dwelmmiddels is die produkte van gebroke huisgesinne. Hulle toestand moet herlei word na die beskadiging in ouerhuise waar geen harmonie tussen vader en moeder heers nie, en die noodsaaklike gesindheid van onderlinge liefde en ver= troue tussen ouer en kind glad nie bestaan nie.

---

35) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 86.

36) Barnes & Messolonghites. Preventing drug abuse, p. 15.

Kinders wat in sulke huise groot word voel nie net 'n gebrek aan sekuriteit en liefde nie, hulle is totaal onvoorbereid vir die lewe. Hulle voel onseker en het geen vertroue in ouer persone en hulle standaarde nie. Hulle het geen leiding ontvang in verband met die hantering van lewensprobleme nie en hulle voel uitgelewer aan 'n dreigende samelewing. Om vir die gebrek aan sekuriteit en liefde te vergoed, neem hulle hulle toevlug na dwelmmiddels. Onder invloed van die middels het hulle meer selfvertroue en hulle sien kans vir die lewe. Kinders probeer dikwels om ouers "terug te betaal" vir die gebrek aan ouerlike liefde wat hulle in die gesin ervaar het. Om dwelmmiddels te misbruik is een van die maniere om dit te doen.[37)]

(h) Probleme op skool

Die skool vervul 'n baie belangrike rol in die lewe van die jeugdige. Die skoollewe kan 'n direkte oorsaak wees dat die kind se persoonlikheid misvorm word. Die kind mag voel dat hy 'n uitsakker is en nie voldoende presteer nie en hierteen kan hy in opstand kom, sodat hy nie kan voldoen aan die eise wat aan hom gestel word nie. Dit alles kan spanning tot gevolg hê wat kinders uit reaksie na dwelmmiddels dryf.[38)]

(i) Permissiwiteit

'n Tendens van die kontemporêre tyd is dat die mens permissiewer is, d.w.s. wat vroeër nie toelaatbaar was nie word vandag toegelaat en verdra. Die ouers voel dat kinders nie aan bande gelê moet word nie; hulle moet vry wees om te doen wat hulle wil. Hierdie oormatige toegeeflike houding van ouers skep 'n gunstige klimaat vir die ontsporing van jeugdiges, aangesien hulle meer aan allerlei verleidings, waaronder dwelmmiddelmisbruik, blootgestel word.

---

37) Chein, e.a. Narcotics, delinquency and social policy, p. 117 - 125.

38) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 99.

(j) Kloof tussen die ouer en die jonger geslag

Daar bestaan vandag 'n sg. gaping tussen die ouer en die jonger geslag, en wel tot so 'n mate dat hulle totaal uit voeling met mekaar is en eintlik in twee verskillende wêrelde leef. Die oorsake vir hierdie generasiegaping moet tot 'n groot mate by die ouers gesoek word, want hulle is vandag so vasgevang in hulle eie probleme en eie sosiale lewe en verpligtinge dat daar soms geen tyd is vir voldoende aandag aan die kinders nie.[39)]

Baie van die ouer geslag stel die waardes en norme aan hulle kinders, maar hulle konformeer self nie aan die daargestelde waardes en norme nie. Dit veroorsaak ontwrigting en verwarring by die jeug.

Die jeugdiges het kragtens hulle sosiale aard 'n behoefte om aanvaar te word, om iewers tuis te hoort en erken te word. Daarom sal hulle pogings aanwend om in te skakel by 'n groep waarin hierdie behoeftes bevredig kan word. In hul pogings om status te verkry, is jeugdiges dikwels gewillig om lede van 'n bende te word, veral as die ouer-kind-verhouding versteur is. Dwelmmiddels word dikwels deur groepe gebruik in die sin van simboliese bewys van lidmaatskap van die groep eerder as die begeerte om die uitwerking daarvan te ondervind. Sodra die jeugdige dan die middels gebruik, word hy aanvaar deur die groep.[40)]

'n Ander faktor wat hier nie uit die oog verloor mag word nie, is die rol wat verleiding speel. Jeugdiges word deur vriende, wat reeds die middels gebruik, verlei. Verslawing word soos enige ander vorm van gedrag aangeleer, primêr deur assosiasie met reeds verslaafdes. Jeugdiges gebruik die middels en dan motiveer hulle ander om dit ook te doen en aldus versprei dwelmmiddelverslawing soos 'n aansteeklike siekte.

---

39) Williams. Narcotics and hallucinogenics - a handbook, p. 14.

40) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat,hoe en waarom?, p. 63.

In die bostaande paragrawe is daar gelet op afsonderlike persoonlikheids- en maatskaplike faktore wat òf 'n aanleidende òf 'n deurslaggewende rol speel in die veroorsaking van verslawing. Hoewel dié faktore breed veralgemenend is, doen dit geen afbreuk aan die feitelike betekenis van hierdie faktore nie. Om hierdie faktore te konsolideer tot 'n sinvolle geheel en om dit vanuit 'n sosiologiese perspektief verder toe te lig, word vervolgens ingegaan op die onderliggende verband tussen verslawing en die maatskaplike struktuur waarvan verslaafdes lede is.

## D. Verslawing en die maatskaplike struktuur.

Daar bestaan 'n verband tussen die maatskaplike struktuur en maatskaplike probleme. Maatskaplike probleme is ". . . so closely, so organically, related to all parts of their social framework that their only possibility of solution is total change of society."[41)]

Die definisies van afwykende gedrag waaraan reeds aandag geskenk is, impliseer dat die verskynsel eweseer 'n produk is van die maatskaplike struktuur as wat dit die geval is met normale gedrag. Gedrag word omskryf in terme van twee basiese elemente in die interaksie-sisteem wat alle gedrag bepaal.

Eerstens die kultureel gedefinieerde doelstellings waarna alle individue streef of wat algemeen aanvaar word. Tweedens bestaan daar in elke ordelike sisteem sekere voorskrifte, norme of aanvaarde middels waarlangs dié doelstellings bereik kan word.[42)]

In die kulturele struktuur is dus opgesluit die doelstellings en die norme waarvolgens die doelstellings bereik kan word, en die sosiale struktuur hou in die moontlikheid om die doelstellings in ooreenstemming met die norme te verwesenlik.

---

41) Merton & Nisbet. Contemporary social problems,p.10.

42) Ibid.,p.10.

Met ander woorde, dit hou die toeganklikheid of ontoeganklikheid tot die norme vir sekere persone in die besondere sosiale struktuur in. Afwykende gedrag is, volgens Merton, simptome van dissossiasie tussen kultureel voorgeskrewe aspirasies en sosiaal voorgeskrewe wyses om die aspirasies te bereik. Hierdie toestand wat nou ont= staan, is 'n toestand van anomie. Cloward skets die toestand in die volgende woorde: ". . . cultural structure may be defined as that organized set of normative governing behavior which is common to members of a designated society or group. And by social structure is meant that organized set of social relationships in which members of the society or group are variously implicated. Anomie is then conceived as a breakdown in the cultural structure, occuring particularly when there is an acute disjunction between the cultural norms and goals and the socially structured capacities of members of the group to act in accord with them."[43)]

Volgens Merton is anomie dus 'n toestand van die maatskaplike struktuur. In die moderne samelewing word veral klem gelê op ekonomiese sukses; gevolglik kan ekonomiese sukses hier as 'n voor= beeld gebruik word om die toestand van anomie uit te beeld. Ekonomiese sukses is nie slegs 'n dominante doelstelling nie, maar dit word op alle lede van die samelewing afgedwing. Dit is nood= saaklik om daarop te let dat die verspreiding van statusposisies in die sosiale struktuur dit vir sommige persone onmoontlik maak om langs erkende kanale die algemene aanvaarde doelstellings te verwesenlik. Met ander woorde, sekere afwykings sal meer by per; sone uit 'n bepaalde maatskaplike klas voorkom weens die feit dat die erkende fasiliteite om sekere doelstellings te bereik, nie vir hulle toereikend is nie. Gevolglik sal hierdie mense ȍf op onwettige wyses hulle doelstellings bereik ȍf hulle sal hulle mislukkings aanvaar.[44)]

---

43) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p. 166.

44) Cohen. Deviance and control, p. 76.

Bostaande impliseer dan dat die maatskaplike struktuur, vanuit sosiologiese oogpunt beskou, wel een of ander verband met die onderhawige verskynsel het. Om nou duidelikheid oor hierdie aspek te verkry, word vervolgens ingegaan op die begrip "struktuur" en die wyse waarop die struktuur van die breë samelewing, asook dié van subkulture 'n rol speel in die veroorsaking van verslawing.

## 1. Omskrywing van die begrip "struktuur"

Fairchild se omskrywing van die begrip struktuur lui soos volg: "The established pattern of internal organization of any social group. It involves the character of the sum total of the relationships which exist between the members of the group with each other and with the group itself. A general term for all those attributes of social groups and types of culture which make them susceptible of being viewed as composite of complex wholes, made up of interdependent parts. Two kinds of social structure may be distinguished from each other in the abstract: (a) the division of social groups into partgroups and ultimately into individual members or persons, often differing from each other in role and status, and (b) the division of a type of culture, i.e. the total body of culture of a society or group, into constituent elements such as folkways, mores, culture complexes, institutions, and beliefs."[45)]

Mannheim beweer dat: ". . . structure is the organizing principle of social reality itself."[46)]

Buckley formuleer die volgende definisie rakende 'n struktuur: "Structure referres to some sort of ordered arrangements of components or traits of culture."[47)]

---

45) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences, p. 293.

46) Mannheim. Man and society in an age of reconstruction, p. 240.

47) Buckley. Structural-functional analysis in modern sociology. (In Becker & Boshoff, Modern sociological theory-in continuity and change, p. 240.)

Davis verskaf die volgende uiteensetting van 'n struktuur: "Like an organism, a society is a system of relations, but relations between organisms themselves rather than between cells. It has like the organism a determined structure; and the parts of this structure when in operation contribute to the existence of the whole, giving it a continuity apart from that of the constituent individuals. It is this possession of a continuity and structure of its own that makes it impossible to reduce the study of individual members. It is like a house which, though composed of bricks, nails, mortar, and pieces of lumber, cannot be understood purely in terms of these materials; it has a form and function as a complete house."48)

Met struktuur word verwys na die strukturele orde wat daarop neer=kom dat die samelewing teoreties verdeel kan word in sekere same=hangende en verbandhoudende aspekte soos hulle bepaalde funksies het om te vervul, elkeen met 'n eie plek in die struktuurgeheel. Hierdie gedagte van die strukturele orde of bou-orde is reeds in die totaliteitsdenke van August Comte se sosiale statika opgesluit, en op hierdie opvatting van Comte het ander skrywers voortgebou.49) Samevattend stel Du Preez die inhoud van die begrip "struktuur" soos volg: "Onder struktuur verstaan ons, die orde, waarvolgens 'n geheel opgebou word uit bepaalde dele, maar dan so opgebou dat aan elkeen van hierdie dele, sy bepaalde plek en funksie in die geheel aangewys word, om sodoende 'n geheel te kry van 'n besondere karakter en van 'n eie aard. In hierdie sin kan ons praat van die struktuur van 'n mens, plant, dier of ding, van 'n gebou, van 'n musiekstuk, van die taal, van 'n handeling, bv. bemin, 'n gebeurtenis, bv. 'n rewolusie, van sosiale proses, bv. verstedeliking, industriali=sasie, maar ook van die maatskappy, ja van die menslike samelewing."50)

In die dinamiese, d.w.s. veranderende, strukturele orde het ons te make met 'n rangorde in waardes of norme vir die verskillende aspekte in die struktuurgeheel van die samelewing. ................................

48) Davis. Human society, p. 26.
49) Eloff. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuur-funksionele teorie van die samelewing, p. 97.
50) Du Preez. Prolegomena, p. 14 - 15.

Die strukturele orde begin by die mins ingewikkelde norme en waardes en eindig met die gekompliseerdste, naamlik die geloof wat skeiding maak tussen die mens en God.[51)]

Die normatiewe orde in die samelewing is in die algemeen 'n waar=making van Godgegewe wette en norme vir die mensheid, maar saam met die normatiewe orde en aard van die samelewing is daar ook 'n feitelike orde, die empiriese gegewens van 'n funksionele orde wat nooit los van die normatiewe orde gesien mag word nie.[52)]

Die struktuur verwys dus na die orde waaruit die geheel opgebou is, sodat elke deel 'n bepaalde plek en funksie het om te vervul. Daar word ook vir elke deel van die geheel voorgeskryf hoe om die funksies ordelik te vervul en hierdie voorgeskrewe gedragspatrone word norme genoem.

(a) Omskrywing van die begrip kultuur

Fairchild sien kultuur as "A collective name for all behavior patterns socially acquired and socially transmitted by means of symbols, hence a name for all the distinctive achievements of human groups, including not only such items as language, industry, art, science, law, government, morals and religion, but also the material instruments or artifacts in which cultural features are given practical effects, such as buil=dings, tools, machines, communication divices, art objects, etc. The scientific meaning of the term is therefore quite different from its popular connotation. It includes all that is learned through intercommunication. It covers all language, tradition, customs and institutions. As no human group have ever been known that did not have language, traditions, customs, and institutions, culture is the universal distinc=tive characteristic of human series."[53)]

---

51) Eloff. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuur-funksonele teorie van die samelewing, p. 103.

52) Ibid., p. 103.

53) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences, p. 81.

Uit bogenoemde definisie kan afgelei word dat beheersde na= tuur bestempel kan word as kultuur, bv. ŉ klip is deel van die natuur, dog verwerk tot ŉ standbeeld is dit kultuur of kultuurproduk.
Bierstedt omskryf die begrip kultuur as daardie ". . . complex whole that consist of everything we think and do and have as members of society,"[54) ] terwyl Cuber dit beskou as: ". . . the continually changing patterns of learned behavior and the products of learned behavior . . . which are shared and trans= mitted among the members of society.[55)]

Kultuur is die produk van die wisselwerking tussen mense in die proses van aanpassing by hul omgewing. Kultuur is aan= geleerde gedrag wat oorgedra word van geslag tot geslag. Kultuur is dinamies van aard, m.a.w. dit verkeer voordurend in ŉ proses van verandering.

Elke gemeenskap beskik oor eiendomlike kultuur, maar ten spyte van hierdie verskille beskik alle kulture oor dieselfde basiese algemene organisasie wat dan in kultuurelemente, kultuurkomplekse en kultuurpatrone verdeel kan word.[56)]

Die struktuur van die verskillende elemente kondisioneer die funksionering van die geheel, terwyl die funksionele doel aan die anderkant die struktuur van die verskillende elemente be= paal. Dit is dus ŉ feit dat elke kultuurkompleks met sy ver= skillende kultuurelemente oor ŉ struktuur en funksie beskik. Die funksie en die struktuur is onafskeidbaar verweef.

Die verhouding tussen funksie en struktuur word aangetref binne die raamwerk, en sluit ook essensiële aspekte in, van bepaalde normatiewe patrone.

---

54) Bierstedt. e.a. Modern social science,p.106.
55) Cuber. Sociology,p.80.
56) Roode. Inleiding tot die sosiologie,p.40.

Met ander woorde daar bestaan in iedere struktuurfunksionele kompleks spesifieke norme wat die behoorlike en korrekte handeling in die toepaslike situasie omskryf. Op hierdie wyse word die orde in die gemeenskap gewaarborg.
In die voorafgaande is 'n uiteensetting gegee van wat kultuur is en 'n proses wat 'n algemene verskynsel is, kom voor wanneer 'n kultuur binne in 'n kultuur gevorm word en dit word dan 'n sub=kultuur genoem.

(b) Subkultuur.

Fairchild omskryf 'n subkultuur in die volgende woorde:" A subdivision of a larger culture area, distinguished by the comparative completeness of the development of a particular readiness with which such a trait will be diffused."[56)]

Die samelewing oefen druk uit op die jeug in die sin dat bereiking van sukses van die jeug verwag word, maar vir sommige jongmense is dit onmoontlik om die suksesdoelstellings te bereik: die jeugdiges in al die lae van die samelewing streef daarna om sukses te bereik, maar die norme om by sukses uit te kom, is nie vir hulle almal toeganklik nie. Die same=lewing vereis sukses, maar almal kan dit nie bereik nie en diesulkes kom tot die slotsom dat hulle misluk het in die spel van die lewe. Die enigste wyse om die probleem te ontvlug, is om hulle van die spel te onttrek. Hulle weier om die norme en doelstellings van die samelewing te aanvaar; in die plek daarvan skep hulle doelstellings en norme waaraan hulle kan konformeer. In die subkultuur wat so gevorm word, word norme en doelstellings gevind waaraan hulle kan konformeer en hierdie norme en doel=stellings is gewoonlik direk in stryd met die doelstellings en norme van die samelewing.

---

56) Fairchild. Dictionary of sociology and related sciences,p.83.

Cloward[57]) beweer dat 'n subkultuur gevorm word as aanvaarde norme en waardes in die samelewing, ter bereiking van die eind= doel, vir jeugdiges ontoeganklik is. Konvensionele doelstellings is vir hulle ontoeganklik en die gevolg is afwykende gedrag. Om regverdiging vir hulle afwykende gedrag te kry, vorm hulle bendes. Die aard en gedragswyse van hierdie bendes sal afhang van die graad van ontoeganklikheid van die nie-aanvaarde middele.

Clinard[58]) bring afwykende gedrag in subkulture in verband met interaksie. Hy wys daarop dat mense voortdurend in aanraking kom met ander en in hierdie proses van kommunikasie word afwykende gedrag aangeleer. Die leerproses behels die aanleer van teg= nieke om bv. die dwelmmiddels te gebruik en te bekom. Die per= sone wat reeds verslaaf is, definieer reëls wat gunstig en on= gunstig is d.w.s. die reeds verslaafde persone besluit wat tot voordeel van die verslaafdes sal wees en wat nie. Hulle toets sekere tegnieke en metodes uit en die effektiefste word oorgedra aan ander.

In dié verband stel hy dit duidelik dat verslawing aangeleer word net soos normale gedrag aangeleer word, d.w.s. primêr deur assosiasie met reeds verslaafdes. Kultuurpatrone word oor= gedra van geslag tot geslag en so word die verslawingspatroon ook oorgedra van persoon tot persoon. "To use marihuana for pleasure, a person must learn to conceive of the drug as something which can produce pleasurable sensations. The user of marihuana drugs must learn three things: (i) to smoke the drug in a way which will produce certain effects; (ii) to learn to recognize the effects and connect the drug with them; and (iii) finally, to enjoy the sensations he feels."[59])

57) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior,p.169.

58) Clinard. Sociology of deviant behavior,p.304.

59) Ibid.,p.304.

Dus moet 'n persoon eers ingelyf word in die verslawingskultuur. Ervare persone moet hulle kennis oordra aan die nuwelinge wat hierdie veld betree.

Deur navorsing[60)] is gevind dat by baie verslaafdes die proses van verslawing nie soseer begin het om die effek wat die dwelmmiddels verskaf nie, as wat die persoon wou identifiseer met die groep waaraan hy behoort. Daar is gevind dat die proses van identifikasie plaasvind waar 'n jong persoon assosieer met 'n ouer persoon wat dwelmmiddels gebruik. Die ouer persoon dwing respek en agting af by die jonger persoon en omdat die jong persoon identifiseer met die ouer persoon wend hy hom ook na dwelmmiddels.

Timms sê Cohen omskryf 'n subkultuur soos volg: ". . . . the subculture as possesing a number of characteristics that mark it off not only as distinct from, but also in conflict with, the wider society. The activities of the sub-culture are often non-utilitarian, malicious and negativistic, and the gang seems committed to short-term pleasure in a variety of forms. It is this versatility which, according to Cohen, accounts for the absence of girls, whose delinquency is largerly restricted to theft and sexual misbehaviour."[61)]

Timms[62)] wys daarop dat Cohen se ondersoeke verskillende soorte subkulturele blootlê. Die subkultuur wat hierbo uiteengesit is, is die 'parent male sub-culture' en hierdie subkultuur word gevorm deur jeugdiges afkomstig uit die werkende groepe. Uit hierdie sub-kultuur vertak nog drie subkulture naamlik die konflik georiënteerde subkulture, die dwelmmiddelverslawing-subkultuur en die subkultuur wat bestaan uit semi-professionele diewe.

---

60) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p. 170.

61) Timms. A sociological approach to social problems, p. 42.

62) Ibid., p. 42.

Elkeen van hierdie subkulture het sekere waardes, norme en gelowe.[63] Die konfliksubkultuur skryf vandalisme voor; die lede van hierdie subkultuur glo dat hulle woongebied omring word deur vyandige groepe. Die onttrekkingsubkultuur skryf weer die misbruik van dwelmmiddels voor; hulle glo die wêreld is vol 'squares' en hulle heg baie waarde aan die euforiese effek wat dwelmmiddels het. As daar aandag gegee word aan die term sub=kultuur dan moet dit nie slegs gesien word as 'n afwyking van die normale nie, maar dit moet gesien word as 'n substituut vir die normale en dan is die term kontrakultuur meer paslik.

Timms[64] wys daarop dat Cohen 'n onttrekkingsubkultuur vaspen in sy navorsing. Onttrekking word beskou as 'n geïsoleerde aan=passing en dit word gekenmerk daardeur dat die individu alle interpersoonlike verhoudings verbreek. Die individu verbreek sy kontak met die groot kultuur, omdat die onwettige ver=spreiding van dwelmmiddels beperk is tot sekere bronne wat nie beskikbaar is vir die gewone persoon nie. As 'n persoon hierdie dwelmmiddels wil bekom, moet hy inskakel by 'n groep waar hy die middels kan bekom.[65]

As gevolg van die beperkings op die gebruik van dwelmmiddels moet onervare verslaafdes in aanraking kom met ervare mis=bruikers. Hierdie onervare persone moet ingelyf word in die proses van dwelmmiddelmisbruik. Soos die proses van sosiali=sering vorder, word die persoon meer vertrou en meer vertroulike kennis rakende hierdie saak word dan aan hom bekend gemaak.[66] Die dwelmmiddelverslaafde moet dus ook ontleed word in terme van die nuwe patroon van assosiasies en waardes waaraan hy onderwerp is in sy poging om toegang te vind tot dwelmmiddelmisbruik.

---

63) Timms. A sociological approach to social problems, p. 42.

64) Ibid., p. 43.

65) Ibid., p. 43.

66) Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 303.

Hoe meer die individu vasgevang word in hierdie web van assosiasies hoe meer sal hy volhard in sy dwelmmiddelmisbruik, omdat hy betrek is in 'n subkultuur wat beheer uitoefen oor sy gedrag.

Daar is op gewys dat dwelmmiddelmisbruikers hulle onttrek aan die groot kultuur en inskakel in subgroepe, gevolglik moet aandag gegee word aan die sosiale toestande wat aanleiding gee tot onttrekking - soos dit aangetref word by adolessente wat dwelmmiddels misbruik.

2. <u>Sosiale toestande wat aanleiding gee tot onttrekking</u>

Soos beskryf deur Cloward[67] word onttrekking as aanpassing aangetref in die gedrag van alkoholiste, dwelmmiddelverslaafdes en psigotiese onttrekkings. Hierdie onttrekking verseker 'n ontvlugting van die frustrasies van onvervulde aspirasies. Die proses wat lei tot onttrekking word soos volg gedefinieer: "(Retreatism) arises from continued failure to near the goal by legitimate measures and from an inability to use the illegitimate route because of internalized prohibitions, this process occuring while the supreme value of the successgoal has not yet been renounced. The conflict is resolved by abandoning both precipitating elements, the goals and means. The escape is complete, the conflict is eliminated and the individual is asocialized."[68]

Volgens Merton is veral twee faktore van belang by onttrekking: (a) aanhoudende mislukking om kulturele doelstellings op wettige wyses te bekom en (b) 'n onvermoë om onwettige metodes toe te pas as gevolg van geïnternaliseerde verbodsbepalings. Hierdie persone blameer hulle self vir hulle mislukkings en die enigste wyse om vry te kom van die intense angs en skuldgevoel is om hulle te onttrek.[69]

---

67) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p. 175.

68) Ibid., p. 175.

69) Ibid., p. 175.

Dit is 'n feit dat sommige jeugidges 'n sterk weerstand teen die gebruik van onwettige metodes het, maar tog het baie verslaafdes 'n lewensgeskiedenis wat gekleur is deur misdaad voordat hulle verslaaf geraak het. In hierdie gevalle word ook ongunstige houdings teen konvensionele norme aangetref.[70)]

Die vraag mag ontstaan hoe 'n persoon sal optree as hy misluk in die aanwending van beide wettige en onwettige metodes. "If illegimate means are unavailable, if efforts at innovation fail, then retreatist adaptations may still be the consequence, and the "escape" mechanisms chosen by the defeated individual may perhaps be all the more deviant because of his "double failure."[71)]

Dit wil nie sê dat onttrekking nie presies kan plaasvind soos Merton dit omskryf nie: van konformiteit na onttrekking sonder dat enige ander aanpassing intree. Dit is egter nie die enigste weg van onttrekking nie. Tussen konformiteit en onttrekking mag nog 'n aanpassing ontstaan. Dit help verklaar waarom sekere individue wat tipeer word as onttrekkers, byvoorbeeld boemelaars, - 'n lewensgeskiedenis het wat gekleur is deur arrestasies en veroordelings weens sekere misdade. "It also helps to explain retreatist adaptations among individuals who have not necessarily internalized strong restraints on the use of illegitimate means. In short, retreatist adaptations may arise with considerable frequency among those who are failures in both worlds, conventional and illegitimate alike."[72)]

As die prosesse wat aanleiding gee tot onttrekking geïdentifiseer kan word, sal ook vasgestel kan word in watter lae van die samelewing onttrekking die meeste voorkom. Hoewel Cloward nie presies sê waar die aanpassing sal voorkom nie noem hy tog sekere sosiale toestande wat kan lei tot onttrekkingsreaksie.[73)]

---

70) Merton. Social conformity, deviation and opportunity structures, p. 175.

71) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p. 175.

72) Ibid., p. 175.

73) Ibid., p. 176.

Hy sê: "Thus the latter is apt to mark the behaviour of downworthy mobile persons, who experience a sudden breakdown in established social relations, and such individuals as the retired, who have lost major social roles."[74)]

Dit wil dus voorkom asof onttrekking sal voorkom by mense wat nie bereid is om nie-wettige metodes toe te pas nie om hulle doel te bereik nie. "That this prohibition especially characterizes socialization in the middle and upper classes probably calls for the prediction that retreatism occurs primarily in those classes - and that the hobohemias, "drug cultures" and the ranks of the alcoholics are populated primarily by individuals from the upper reaches of society."[75)] Onttrekking soos dit beskryf word deur Merton is 'n verskynsel wat voorkom in die hoër lae van die sosiale struktuur, terwyl in die lae strata van die samelewing onttrekking meer die gevolg is van onsuksesvolle pogings tot innovasie.[76)]

## E. Samevatting:

Ausubel het 'n ontleding gemaak van verslaafdes se voorverslawings=persoonlikheidsontwikkeling en uit hierdie ontleding het hy belang=rike afleidings gemaak. Dit is egter belangrik om nie net die soek=lig te laat val op die individu nie, maar die hele struktuur waarin die individu inpas, moet as 'n mede-veroorsakende faktor ontleed word.

Die sosiale struktuur oefen druk uit op die individu. Die enkelinge wat nie kan voldoen aan die eise van die samelewing nie skakel in by subkulture waarvan die eise van so 'n aard is, dat hulle daaraan kan voldoen. In hierdie subkulture kry hulle regverdiging vir hulle gedrag en die norme en waardes van die subkulture is vir die persoon toeganklik.

---

74) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p.176.
75) Ibid., p.176.
76) Ibid., p.176.

In 'n ondersoek rakende verslawing moet veral ook gelet word op die sosiaal-sielkundige oorsake wat aanleiding gee tot dwelmmiddels= verslawing. Die huisgesin word gesien as die geboorteplek van persoonlikheid, gevolglik sal aandag gegee moet word aan hierdie instelling om vas te stel of die bron van kwaad nie in die huisgesin lê nie. So moet elke instelling ontleed word om vas te stel waarom jeugdiges ontspoor.

Vanaf sy geboorte is die mens 'n deel van 'n bepaalde maatskaplike struktuur wat 'n invloed uitoefen op sy denke, gedrag en optrede, met ander woorde op sy psigies- sosiale ontwikkeling as geheel. Hy bly deel van 'n maatskappy wat sekere beperkings en gedragskodes neerlê. Dwelmmiddels verander die individu se lewensuitkyk en gevolglik sy hele gedragspatroon om aan te pas by nuwe behoeftes wat ontstaan en hy begin hom losmaak van die maatskappy wat die be= vrediging van daardie behoeftes veroordeel.

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die oorsake of faktore wat aanleiding gee tot verslawing en is implisiet gesinspeel op die gedifferensieerde voorkoms van onttrekking waarvan dwelmmiddel= verslawing 'n voorbeeld is. In die volgende hoofstuk word nou in besonderhede aandag geskenk aan hierdie gedifferensieerde voorkoms van dwelmmiddelverslawing en word gepoog om antwoorde daarvoor te bied.

HOOFSTUK 4

# DIE GEDIFFERENSIEERDE VOORKOMS VAN DWELMMIDDELMISBRUIK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## A. Inleiding

As gevolg van die feit dat gedrag mede bepaal word deur persoonlik= heidseienskappe en die maatskaplike struktuur wat geleenthede tot die aanleer van gedrag daarstel (vgl. hoofstuk 3.), kan dit by wyse van hipotese gestel word dat afwykende gedrag oor die algemeen en die misbruik van dwelmmiddels in besonder 'n gedifferensieerde voor= koms sal vertoon wanneer dié verskynsel getoets word aan sekere ver= anderlikes wat in verband staan met persoonlikheidseienskappe en maatskaplike strukture.

In die volgende paragrawe word gepoog om aan die hand van Ausubel se uiteensetting van vorme van verslawing en maatskaplike oorsake wat hierin 'n rol speel (vgl. hoofstuk 3) 'n uiteensetting te gee van die gedifferensieerde voorkoms van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing.

## B. Die gedifferensieerde voorkoms van dwelmmiddelmisbruik in Suid-Afrika

### 1. Sosiale gelaagdheid

Die meedoënlose greep wat die misbruik van dwelmmiddels op die permissiewe gemeenskappe van die moderne wêreld verkry het, en die onheilspellende wyse waarop dit sonder aansiens des persoons alle lae van die bevolking binnedring en die tragiese spoor van verderf en verwoesting wat dit nalaat, het in ons tyd by talle nasies van die wêreld 'n onrusbarende werklikheid geword. Suid-Afrika is een van die lande wat nie gespaar is nie. Tot onlangs was verslawing 'n verskynsel wat net by enkelinge voorgekom het en dan ook hoofsaaklik omdat hulle medies afhanklik daarvan geraak het. In die afgelope tyd het 'n groot verandering in die misbruik van dwelmmiddels ingetree en veral die jeug maak hulle skuldig aan hierdie afwyking.

Daggamisbruik was 'n probleem wat hoofsaaklik voorgekom het by die nie-blankes en blanke leeglêers, maar dit het tans na alle sektore van die samelewing versprei.[1]

Grobler se bevinding was dat die rook van dagga hoofsaaklik tot persone uit die laer inkomste- en opvoedkundige strata van die samelewing beperk was.[2] Hy wys verder daarop dat dagga tans 'n algemene gebruiksartikel is, want veral die jeug en universiteit=studente het die gebruik daarvan openlik begin propageer. Die rook van dagga word vandag aangetref in alle intelligensie- en sosiale groepe en stande.[3] Dit is dus duidelik dat dwelmmiddel=misbruik nie net beperk kan word tot een laag van ons samelewing nie, maar dat dit soos 'n suurdeeg deur alle lae van ons samelewing ver=sprei het.

Soos reeds aangetoon is verslawing 'n verskynsel wat nie net beperk is tot een stratum van ons samelewing nie. Menslike gedrag word noodwendig bepaal deur eise, wetmatighede en geleenthede van 'n eiesoortige kulturele struktuur. Daarom kan dekadente omgewings=faktore nie bevorderlik wees vir gesonde geestesontplooiing nie. Die individu wat homself nie bevredigend aanpas by heersende om=standighede nie, stel hom bloot aan emosionele spanning en frustrasie. Die hedendaagse grootskaalse en steeds verslegtende verslawingstoestande toon ontstellende tekens dat dit 'n simptoom van toenemende beskawingsdekadensie is.[4]

In die voorafgaande hoofstuk is aandag geskenk aan Ausubel se klassifikasie van verslawing en hierdie klassifikasie kan ook gebruik word om 'n aanduiding te gee van die verband tussen sosiale gelaagd=heid en dwelmmiddelmisbruik in die Republiek van Suid-Afrika.

---

1) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 6.
2) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr. 1, p. 35.
3) Ibid., p. 36.
4) Ibid., p. 79.

Verslawing is 'n verskynsel wat veral aangetref word by persone wat een of ander persoonlikheidsteurnis het. Dit word algemeen aanvaar dat verslawing 'n simptoom is van 'n diepere psigiese steurnis.[5] Persone wat sekere persoonlikheidsgebreke het, is vatbaarder vir verslawing as die goed gebalanseerde persoon. Een van die persoonlikheidstipes wat vatbaar is vir afhanklikheid is die emosioneel onvolwasse persoon. Simptome van die onvolwassenheid sluit in: ongegronde vrese, obsessies, angsgevoelens en gevoelens van minderwaardigheid.[6] Sulke persone is gewoonlik skaam, passief en afhanklik van ander. Hulle onttrek hulle van aktiewe deelname aan lewensituasies en steun baie swaar op ander. As hulle moet voldoen aan die eise van die samelewing dan oorval 'n gevoel van hulpeloosheid, terneergedruktheid en ontoereikendheid hulle. Hulle is senuweeagtig, gespanne en het baie klagtes oor fisiese ongesteldheid. Hulle is uiters selfsugtig en egosentries terwyl selfdissipline en wilskrag ontbreek en dikwels is hulle op soek na sensasie.[7]

Dit is duidelik dat dwelmmiddels baie mense help om hulle swakhede te oorkom. Onder invloed van dwelmmiddels verloor 'n persoon sy beskroomheid, hy kry meer selfvertroue en voel opgewasse teen lewensituasies wat hy nie self op volwasse en uitdagende wyse die hoof kan bied nie.[8]

Onder die groep ontoereikende persone val ook die wat kronies neerslagtig, beangs en gespanne is. Dit is mense wat apaties is, sonder energie, altyd moeg, self onseker voel en soek na hulp van buite.[9] Dwelmmiddels laat hulle voel dat hulle lewe 'n wonderlike ondervinding is, dit gee aan hulle vreugde en genot. Baie mense kan ook nie op 'n gesonde wyse met ander kommunikeer nie en as hulle dwelmmiddels gebruik dan word hierdie kontaksteurnis ook uit die weg geruim en kommunikasie met ander is baie makliker.

---

5) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr. 1, p. 79.
6) Ibid., p. 79.
7) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 78.
8) Ibid., p. 79.
9) Ibid., p. 79.

Dit wys dat die verslaafde 'n persoonlikheidsgebrek het wat ver= slawing veroorsaak. Die omgewing of sekere omstandighede moet dus saamwerk om van so 'n persoon 'n afhanklike te maak.[10] Dit moet weereens beklemtoon word dat nie net persone met persoonlikheids= gebreke verslaaf raak nie, hoewel hulle tog veel vatbaarder vir verslawing is.

Onder hierdie groep kan ook nog melding gemaak word van die persone wat beangs is en aan reaktiewe bedruktheid ly. Hierdie mense word nie uitgeken aan motiveringsonvolwassenheid nie, maar hulle het geweldige hoë ambisies en hulle strewe na groot sukses. Hul hoë ambisies moet vergoed vir hul gebrek aan intrinksieke eiewaarde. Hierdie mense is gewoonlik as kinders verwerp of aanvaar op grond van bykomstige oorwegings.[11] Hierdie persone voel hulle is nie meesters van hulle omgewing nie en verder vrees hulle dat hulle nooit hulle hoë doelstellings sal bereik nie. Die dwelmmiddels besit die vermoë om hulle angs en spanning te verminder, maar omdat hulle volwasse en hoogsontwikkelde doelstellings het, is die euforiese en hedonistiese effek van die middel nie belangrik as 'n doel opsigself nie. Hierdie persone gebruik ook nie groot dosisse nie.[12]

'n Verdere vorm van verslawing kom voor by die aggresiewe, antiso= siale psigopaat. So 'n persoon is aggressief en gebruik dwelm= middels bloot om die wet te verbreek, waardeur sy antisosiale ge= drag weerspieël word.[13] Hierdie afwyking bestaan daarin dat die individu nie daarin geslaag het om enige verpligtinge om aan die morele norme van die samelewing te voldoen, geïnternaliseer het nie.[14]

---

10) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?,p.78.
11) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme,p.149.
12) Ibid.,p.149.
13) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects,p.48.
14) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme,p.150.

Hierdie persone is soms geharde misdadigers en hulle aansporing tot verslawing lê bloot in die onwettigheid daarvan. Verslawing het vir hulle geen aanpassingswaarde nie; dit is slegs 'n simptoom van hulle antisosiale en aggresiewe neigings.[15)]

Reaktiewe verslawing, soos dit aangetref word by die jeug, is 'n verskynsel wat grootliks, dog nie uitsluitlik nie, beperk is tot die stedelike agterbuurtes. Die rede waarom die misbruik hier floreer, is omdat die middel hier maklik bekombaar is, en in hier= die area heers groter verdraagsaamheid teenoor die gebruik van dwelmmiddels as 'n reaksie teen toestande soos armoede, nood en ellende. Dié jeugdiges ontvlug uit die harde werklikheid deur die gebruik van dwelmmiddels. Reaktiewe verslawing is dus 'n ver= skynsel wat grootliks onder jeugdiges in stedelike agterbuurtes voorkom, maar daar moet besef word dat hierdie verskynsel nie nét tot hierdie areas beperk is nie.

Hierdie drie vorme van verslawing kom dus oënskynlik in al die lae van die samelewing voor en kan nie slegs beperk word tot een laag van ons samelewing nie.

Vervolgens word ook gelet op Merton se belangrike bydrae ter ver= klaring van die voorkoms van dwelmmiddelmisbruik in die samelewing. Merton sien dwelmmiddelverslawing as 'n onttrekkingsreaksie. Hier= die groep ". . . have relinguished culturally prescribed goals and their behavior does not accord with institutional norms."[16)] Merton se bevindinge dui daarop dat die gedrag van die onttrekker aangetref word by mense in die hoë sosiale kringe wat 'n baie "vol" lewe gehad het en wanneer die persoon aftree en gevolglik vroeëre assosiasies verbreek, ontstaan 'n gevoel van nutteloosheid; so 'n persoon kan be= sluit dat die enigste oplossing vir hierdie probleem is om hom of haar te onttrek. "People who adapt (or maladapt) in this fashion are, strictly speaking, in the society but not of it. Sociologically these constitute the true aliens.

---

15) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme, p. 150.

16) Merton. Social theory and social structure, p. 153.

Not sharing the common frame of values they can be included as members of the society (in distinction from the population) only in fictional sense."[17] Hierdie persone verwerp die kulturele middele en geïnstitusionaliseerde doelstellings. Onttrekking is ŉ verdedigingsmeganisme om te "ontvlug" aan die eise van die same= lewing. Die persone kan hulle doelstellings nie op wettige wyse bereik nie en hulle wil nie van onwettige metodes gebruik maak nie. Gevolglik kan hulle nie hulle sukses-doelstellings bereik nie.[18] Die konflik is opgelos deurdat die persoon hom aan die doelstellings en norme onttrek.
Merton sien onttrekking dan as ". . . apt to mark the behavior of downwardly mobile persons, who experience a sudden breakdown in established social relations, and such individuals as the retired, who have lost major social roles."[19]

Rakende die rol van sosiale gelaagdheid as veranderlike merk Merton in hierdie verband op dat onttrekking in die sin van ver= slawing verband hou met die ". . . socialization in the middle and upper classes"[20] waar die klem gelê word op konformering aan aan= vaarde norme eerder as om dié norme te oortree ten einde kulturele doelstellings te bereik.

Uit dit alles ontstaan angs, spanning en frustrasie en dit is dus geen wonder nie dat middels wat stimuleer en kalmeer in aanvraag is en selfs misbruik word om mense van bogenoemde toestande te verlos.[21] As persone sien dat hulle nie hulle doelstellings bereik nie, en as hulle weens ŉ goed ontwikkelde super-ego nie van onwettige metodes gebruik kan maak nie, dan sal hulle hulle eerder onttrek aan alles as om onwettige metodes toe te pas.

---

17) Merton. Social theory and social structure,p.153.
18) Ibid.,p.153.
19) Ibid.,p.153.
20) Ibid.,p.153.
21) Ibid.,p.153.

Om weg te kom van hierdie frustrasie sal hulle hulle wend na dwelmmiddels wat die harde werklikheid draagliker maak. Die dwelmmiddels se euforie en prikkeling wis dan die gevoel van mis= lukking uit.

Onttrekking, soos beskryf deur Merton, sal dus 'n verskynsel wees wat voorkom in die hoë- en middelklas. Cloward stel dit soos volg: ". . . That this prohibition especially characterizes socialization in the middle and upper classes probably calls for the prediction that retreatism occurs primarily in those classes - and that the hobohemias, "drug cultures", and the ranks of the alcoholics are populated primarily by individuals from the upper reaches of society."[22)]

Cloward brei verder op hierdie teorie uit en dit lei tot die daar= stelling van sy "double failure"[23)]-teorie. Met hierdie teorie bewys Cloward waarom sekere boemelaars en alkoholiste (onttrekkers) 'n lewensgeskiedenis het wat ingekleur is deur 'n kriminele loopbaan voordat hulle hulle onttrek het. Onttrekking geskied wanneer 'n persoon aanhoudend misluk om die kulturele doelstellings op wettige wyses te bereik. As gevolg van dié mislukking wend die persoon nou onwettige doelstellings aan en dit lei tot 'n verdere mislukking. Na hierdie "double failure" sal die persoon hom onttrek.[24)]

Cloward sê dat "double failure" ontstaan "if illegitimate means are unavailable, if efforts at innovation fail, then retreatist adaption may still be the consequence, and the "escape" mechanism chosen by the defeated individual may perhaps be all more deviant because of his "double failure."[25)]

---

22) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior,p.176.
23) Ibid.,p.175.
24) Ibid.,p.175.
25) Ibid.,p.175.

Volgens die teorie van Cloward wend mense dus eers wettige metodes aan om 'n doel te bereik. As dit misluk sal hulle onwettige metodes toepas en as so 'n persoon weereens misluk dan onttrek hy hom. Die teorie werp dus lig op die vraagstuk waarom mense wat getipeer word as onttrekkers, bv. verslaafdes, boemelaars en alkoholiste, 'n lewensgeskiedenis het waarin arrestasie weens misdade voorkom. "It also helps to explain retreatist adaptations among individuals who have not necessarily internalized strong restraints on the use of illegitimate means. In short, retreatist adaptations may arise with considerable frequency among those who are failures in both worlds conventional and illegitimate alike."[26)]

Geen laag vandie samelewing is vry van dwelmmiddelverslaafdes nie. As Ausubel se klassifikasie[27)] toegepas word op die werklikheid, word besef dat elk van dië vorme van verslawing in al die lae van die samelewing aangetref word.

2. Landelike en stedelike gebiede

Dwelmmiddelmisbruik is nie net tot die stedelike gebiede van die Republiek van Suid-Afrika beperk nie. Hoewel in mindere mate, kom dit ook op die platteland voor.[28)] Dit is egter by uitstek 'n stedelike verskynsel en verskillende faktore in die stedelike daag= likse lewe dra hiertoe by.

In teenstelling met die stad is die plattelandse bevolking homogener of gelyksoortiger. Die lede is gewoonlik van dieselfde herkoms en nasionaliteit, praat dieselfde taal, terwyl hulle godsdiens en kultuur baie dieselfde is. Hieruit volg dat die landeling se maat= skaplike betrekkinge intiem-persoonlik, spontaan en duursaam is. Mense in die plattelandse gemeenskappe ken mekaar min of meer almal en gevolglik is hulle verhoudings basies primêr van aard.

26) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior, p. 175.

27) Ausubel. Drug addiction. Psysiological, psychological and sociological aspects, p. 48.

28) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 48.

Hiërdie verhoudings verleen persoonlike bevrediging omdat die mense emosioneel in hierdie verhoudings betrokke raak. Hiërdie intieme verhoudings dra by tot die ontwikkeling van die landeling se per; soonlikheid asook sy gevoel van sekuriteit. Op die platteland word die mens ook ter wille van homself aanvaar.[29)]

In die stad is die bevolking heterogeen, daar is groot verskille in herkoms, taal, kultuur en godsdiens. Die stedelike gemeenskap se tussenmenslike verhoudinge is sekondêr van aard. Die stedeling kom in aanraking met 'n groter aantal mense en juis daarom is die maatskaplike verhoudings oppervlakkig, kortstondig en onpersoonlik van aard. Stedelinge vermy persoonlike kontak en hulle staan on= verskillig teenoor mekaar. Hieruit vloei die anonimiteit in die stad - die mens is slegs 'n nommer en die gevoel ontstaan dat niemand omgee nie. Die stedeling ondervind weinig of geen emosionele be= vrediging in sy menslike verhoudinge nie.

Die stedeling voel geïsoleerd en die eensaamheid en verveeldheid van sy bestaan dryf hom tot dwelmmiddels. Onder die invloed van dwelmmiddels vlug hy tydelik weg van sy eensame bestaan.

Die landeling leef baie na aan sy medemens. Sy gedrag gaan sy gemeenskap wel deeglik aan. Sy medemens let op sy gedrag en as dit afwyk van die normale dan spreek sy gemeenskap hom sterk hierteen= oor uit. Die stedeling het vryer geword, mense steur hulle min aan mekaar en daar is geen druk van die kant van die gemeenskap wat die individu dwing om te konformeer nie. Hieruit ontstaan dus 'n vrugbare teelaarde vir allerhande vorme van afwykende gedrag.[31)]

Die stedelike bevolking is baie permissiewer as die landelike. In die stedelike gemeenskap geniet die jeug baie meer vryheid van be= weging en hulle het ook meer geld tot hulle beskikking wat dikwels lei tot allerhande vorme van eksperimentering.[32)]

---

29) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat,hoe en waarom?, p. 86.
30) Ibid., p. 86.
31) Ibid., p. 87.
32) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 47.

In die moderne stedelike samelewing, met die wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang, het die lewe ontsettend kompleks geword.[33] Die lewenstempo is aansienlik versnel, mededinging op bykans alle terreine van die samelewing is sterker en daar word steeds aan=gedring op groter prestasies. Vir baie volwassenes en jeugdiges is dit onmoontlik om aan hierdie eise te voldoen, gevolglik ontvlug hulle aan hierdie frustrasies deur die gebruik van dwelmmiddels. Onder invloed van dwelmmiddels leef hulle in 'n wêreld waar hulle nie misluk het nie - al is dit dan ook tydelik.

Ausubel sien reaktiewe verslawing as 'n verskynsel van die stedelike agterbuurtes en met hierdie stelling stem Clausen[34] saam. Clausen[35] toon aan dat dwelmmiddels in die stedelike agterbuurtes makliker bekombaar is as in ander areas van die stad en dat hier ook 'n groter mate van verdraagsaamheid ten opsigte van die gebruik daar=van is. Verder is die gebruik van en verslawing aan dwelmmiddels in hierdie areas ook 'n reaksie op probleme soos armoede, oorbevolking, beperkinge van beroepsmoontlikhede en 'n gebrek aan geleenthede en fasiliteite vir gesonde vryetydsbesteding en ontspanning. 'n Be=langrike kenmerk van die subkulture wat in die agterbuurtes gevorm word, is 'n algemene disoriëntasie met betrekking tot konvensionele norme, en dikwels word hierdie disoriëntasie tot geoorloofde norme gemanifesteer in 'n openlike vyandigheid wat sigself op ver=skillende wyses in verskillende vorme van afwykende gedrag vertoon; so ook in die verskynsel van verslawing aan dwelmmiddels.[36]

Tog moet dit weereens benadruk word dat reaktiewe verslawing ook onder die jeugdiges in die gegoede dele van die stede voorkom. Jeugdiges in hierdie dele van die stede is ook slagoffers van die stedelike leef=wyse.

---

33) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 48.

34) Clausen. Drug addiction. (In Merton and Nisbet. Contemporary social problems, p. 195 - 196).

35) Ibid., p. 195 - 196.

36) Ibid., p. 195 - 196.

Met reg sê Bensusan: ". . . tripping on drugs is youth's cry of hunger for the love and need to identify and of which the permissive society is starving them."[37)]

3. Ouderdomskategorieë

Soms word die fout begaan om te aanvaar dat dwelmmiddelmisbruik 'n verskynsel is wat net by die jeug voorkom. Dwelmmiddelmisbruik is wel 'n verskynsel wat grootliks onder die jeug voorkom, maar nie uitsluitlik net in die jeuggroepe nie. Ausubel wys in sy klassi= fikasie dat primêre verslawing deur die ontoereikende persoonlik= heid en die persoonlikheid wat gekenmerk word deur beangstheid en reaktiewe bedruktheid getipeer word. Die ontoerekende persoonlik= heid slaag nie daarin om aan die eise van volwassenheid te voldoen nie. As volwassene ontvlug die persoon aan verantwoordelikhede wat onaangenaam is. Hierdie persoonlikheid het vasgesteek in 'n jeug= periode van ontwikkeling.[38)] Aldus is ontoereikendheid 'n verskyn= sel wat gedurende volwassenheid gemanifesteer word. Gevolglik is persone in hierdie kategorie meesal volwassenes. So is dit ook die geval met die reaktiewe bedrukte persoon. Hierdie persoonlikhede het geweldige hoë aspirasies en ambisies: ". . . these high ambitions are meant to compensate for a lack of intrinsic self-esteem."[39)] Verslawing onder hierdie groep kom dus meesal by vol= wassenes voor.

Simptomatiese verslawing is 'n verskynsel wat by die jeug sowel as by volwassenes voorkom. Hierdie groep verslaafdes het 'n jeuglewe wat ingekleur is deur kriminele oortredings. Simptomatiese ver= slawing is 'n kenmerk van die antisosiale psigopaat. Hierdie persone gebruik dwelmmiddels net om die wet te oortree. "The aggressive psychopath feels that through drug addiction he is getting more unearned, socially dissaproved and forbidden extra thrill out of life and is therby "getting even" with society."[40)]

---

37) Bensusan. Drug exposure. The South African scene, p. 15.
38) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects, p. 42.
39) Ibid., p. 49.
40) Ibid., p. 49.

Reaktiewe verslawing is 'n vorm van verslawing wat by die jeug voorkom. Jeugdiges wat onderhewig is aan hierdie vorm van verslawing se moontlikheid op genesing is positief, aangesien hier nie sprake is van 'n persoonlikheidspredisposisie nie. Nietemin, is reaktiewe ver= slawing, vanweë die omvang wat dit aanneem, volgens navorsers[41] een van die belangrikste vorme. Dit kom veral voor by adolessente as 'n reaksie op die druk wat hulle ervaar in die oorgangsfase na volwassen= heid, asook om aanvaarding in hulle portuurgroepe te waarborg. Die probleem word vererger vir die jeugdiges met 'n ontoereikende per= soonlikheid wat nie die werklikheid onder oë kan sien nie.[42]

Talle misbruikers van dwelmmiddels is die produk van gebroke huis= gesinne. Hulle toestande moet herlei word na die beskadiging in ouerhuise waar geen harmonie tussen vader en moeder heers nie, en die noodsaaklike gesindheid van onderlinge liefde en vertroue tussen ouer en kind glad nie bestaan nie. Baie kinders word feitlik op die slagveld groot i.p.v. in 'n veilige tuiste.[43] Gebroke huisgesinne word veroorsaak deur die dood, egskeidings, verwydering van ouers, swak tussen-menslike verhoudings in die huiskringe en gedurige uit= huisigheid van een of albei ouers. Dit skep nadelige omstandighede vir ouers en kinders.[44]

Kinders wat in sulke omstandighede groot word, is totaal onvoor= bereid vir die lewe. Hulle wantrou ouer persone en ook volwasse standaarde word bevraagteken. Hulle verval in aggressie en rebellie, ontvlug aan die werklikheid en verlang na veiligheid. Met hierdie verwarde gevoelens wat hulle lewens oorheers, neem hulle hulle toe= vlug tot dwelmmiddels.[45] Uiteindelik word hulle slagoffers van ver= keerde geselskap.

---

41) Bloomquist. Marijuana,p.40-44; Thorpe, e.a. The psychology of abnormal behavior,p.363; Dawtry. Social problems of drug abuse. A guide for social workers, p.102-103.

42) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p.88.

43) Kotzé. Dwelmverslawing,p.4.

44) Ibid.,p.4.

45) Ibid.,p.4.

In hierdie geselskap vind hulle sekuriteit en aanvaarding; gevolg= lik sal hulle doen wat die groep doen om die aanvaarding en sekuriteit te behou. As die jeugdiges waarmee hulle assosieer dwelmmiddels gebruik, dan sal hulle dit ook doen om in te skakel by die groep.[46] Daar bestaan dikwels by die jeugdiges ŉ gebrek aan goeie verhoudings, want elkeen het ŉ behoefte om deur die portuur= groep aanvaar te word. As die individu nie kan inskakel by groepe wat konformeer aan die norme en waardes van die samelewing nie, dan wend hy hom na afwykende groepe. Om in te skakel by hierdie groepe is jeugdiges somtyds verplig om dwelmmiddels te gebruik. As hulle nie meedoen nie beteken dit dat hulle uitgeskakel word en omdat hulle dit vrees, doen hulle mee.[47]

ŉ Kenmerk van die moderne samelewing is die permissiewe gees wat aan die orde van die dag is. Daar is ŉ duidelike oorsaaklike ver= band tussen die permissiwiteit van die samelewing en dwelmmisbruik. Wat vroeër nie toelaatbaar was nie is vandag wel toelaatbaar en dit word oorgesien en verdra. Hierdie permissiewe gees by die ouers kan toegeskryf word aan die geweldige ekonomiese opbloei na die vorige oorlog en die welvaart waarin almal deel. Ouers is toe= geefliker en baie word toegelaat, en hulle voel dat hulle kinders vry moet wees om te doen wat hulle wil. Hierdie oormatige toegeef= like houding van ouers skep ŉ gunstige klimaat vir die ontsporing van jeugdiges, aangesien hulle meer aan allerlei verleidings, waar= onder dwelmmiddelmisbruik, blootgestel word.[48]

Reaktiewe verslawing[49] soos dit aangetref word by die jeug, is ŉ verskynsel wat grootliks, dog nie uitsluitlik nie, beperk is tot stedelike agterbuurtes.

---

46) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?,p.92.
47) Ibid.,p.93.
48) Kotzé. Dwelmverslawing,p.6.
49) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects,p.52.

Die rede waarom die misbruik hier floreer, is omdat die middel hier maklik bekombaar is, en in hierdie areas heers groter verdraagsaamheid teenoor die gebruik van dwelmmiddels. Hierdie jeugdiges gebruik dwelmmiddels as 'n reaksie teen bestaande toe=stande soos armoede, nood en ellende. Dié jeugdiges ontvlug aan die harde werklikheid deur die gebruik van dwelmmiddels.[50] Reaktiewe verslawing is dus 'n verskynsel wat grootliks onder jeugdiges in stedelike agterbuurtes voorkom, maar daar moet besef word dat hierdie verskynsel nie nét tot hiérdie areas beperk is nie.

Ten slotte moet daar gelet word op die belangrike bydra wat Merton ten opsigte van hierdie aspek gelewer het. Cloward beweer dat dwelmmiddelverslawing ook 'n verskynsel is wat voorkom by mense wat afgetree het. By hierdie mense ontstaan 'n gevoel van leegheid en doelloosheid sodra hulle aktiewe lewe verby is. 'n Groot deel van hulle lewe is gewy aan 'n aktiewe en suksesvolle lewensprogram. Hulle lewens was vol en ryk en skielik het 'n leegheid ingetree. Hierdie leegheid lei tot 'n gevoel van nutte=loosheid en om hiervan vry te kom neem hulle hulle toevlug tot dwelmmiddels.[51]

Soos uiteengesit, aan die hand van beskikbare inligting, is dwelmmiddelmisbruik 'n verskynsel wat by die jeug sowel as vol=wassenes voorkom. Tog moet dit weereens beklemtoon word, dat hierdie verskynsel geweldig toeneem onder die jeug - veel meer as by volwassenes.

4. Intelligensiekategorieë.

Dit is nie moontlik om afwykende gedrag te beperk tot 'n sekere intelligensiekategorie nie. Dieselfde geld ook by verslawing aan dwelmmiddels.

---

50) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr.1,p.35.

51) Cloward. Illegitimate means, anomie and deviant behavior,p.176.

Grobler beweer in hierdie verband: "Die rook van dagga word vandag aangetref in alle intelligensie- en sosiale groepe en stande."[52] Dwelmmiddelmisbruik is 'n verskynsel wat dus wel voorkom onder die lae intelligensiekategorie van die samelewing en dan ook wel onder die jeug wat tot hierdie kategorie behoort. Hierdie jeugdiges beskik nie oor die skeppende vermoë om hulle omstandighede te verbeter nie. Gevolglik word dwelmmiddels misbruik om te ontvlug aan armoede en korrupsie.[53] In ons same=lewing word geweldig klem gelê op materiële sukses. Vir die lede van die hoë intelligensiekategorie is dit moontlik om aan hierdie eise te voldoen en om by te hou by die vinnige lewens=tempo. Die nywerheids- en tegnologiese ontwikkeling wat teen 'n snelle pas voortgaan, is te veel vir die gemoed van die lae in=telligensiekategorie om te verwerk of te dra en aldus oefen die samelewing druk uit op hierdie mense en om te ontvlug aan hierdie geweldige druk wend hulle hulle tot dwelmmiddels.

Persone uit die lae intelligensiekategorie vervul ook arbeid wat baie min bevrediging verskaf. As gevolg van hulle lae intelli=gensie besit hulle ook nie die vermoë om die lewe in die regte perspektief te sien nie. Hulle staar hulle blind teen hulle mis=lukkings en uit hierdie omstandighede ontvlug hulle deur die ge=bruik van dwelmmiddels.

Dwelmmiddelmisbruik is egter nie net beperk tot die lae intelli=gensiekategorie nie. Hierdie stelling word gestaaf deur 'n opmerking van Grobler ". . .dat tans is dagga 'n algemene gebruiksartikel, want veral die jeug en universiteitstudente het die gebruik daarvan openlik begin propageer."[54] Die jeug word in die proses van gesins-, godsdienstige- en nasionale ontaarding van die basiese ankers ont=wortel.

---

52) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr.1,p.35.

53) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio=logical aspects, p.52.

54) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr.1,p.36.

Hulle soek antwoorde op lewensvrae en soveel diverse antwoorde word gegee dat dit lei tot ontgogeling en verwardheid by die jeug.[55)]

Baie mense met 'n hoë intelligensie bevind hulle in 'n werksituasie wat geen uitdaging is vir hulle intelligensie nie en om te ont= vlug aan hierdie frustrerende omstandighede wend hulle hulle na dwelmmiddels. Onder die euforiese invloed van hierdie middels voel hulle asof hulle situasie nie so benard is nie. Dit is asof hulle dan met hierdie sielsdodende toestande kan saamleef.

'n Beroepsituasie kan 'n persoon frustreer of die eise van 'n be= roepsituasie kan te veel wees. Persone wil soms aan hierdie eise vol= doen en in die hele proses "breek" hulle hulself. Die vrees tot mislukking veroorsaak spanning en dwelmmiddels verlig hierdie span= ning.[56)] In hierdie verband sê Leinwald: " It may be that the pres= sure of the job contributed toward their dependence on drugs and the taking of drugs seems to make them able to do the job.[57)]

Soos uiteengesit, eis dié verskynsel slagoffers uit elke intelligensiekategorie. Die persoonlikheid met 'n motiverings= onvolwassenheid word aangetref in die hoë sowel as die lae intelli= gensiegroepe. Die beangste en reaktiewe depressiewe persoon is ge= woonlik iemand in die hoë intelligensiekategorie. Hierdie persoonlik= heidstipe wat gekenmerk word deur chroniese angstoestande en reak= tiewe depressie, is 'n individu met 'n buitengewone strewe na sukses= doelstellings. Simptomatiese verslawing kom meer voor by die lae intelligensiekategorie. Dit is die vorm van verslawing wat hoof= saaklik by adolessente voorkom. Adolessente met 'n lae intelligensie sal maklik hulle toevlug tot dwelmmiddels neem. Tog is dit noodsaaklik om daarop te let dat reaktiewe verslawing ook by jeugdiges met 'n hoë intelligensie voorkom.

---

55) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.46.

56) Ausubel. Drug addiction. Physiological, psychological and socio= logical aspects,p.48.

57) Milbauer & Leinwald. Drugs. Problems of American society,p.24.

5. Huwelikstatus.

'n Kenmerk van verslaafdes is dat hulle vereensaam is. Die ver=slaafde se lewe word gekenmerk deur oppervlakkige verhoudings, en aldus ondervind hulle min emosionele bevrediging.[58] Daar bestaan by elke mens, kragtens sy sosiale aard en aanleg, 'n be=hoefte om deur andere aanvaar te word. In die huweliksgemeenskap word hierdie probleem oorbrug. Buite die huweliksgemeenskap be=staan die moontlikheid van vereensaming wat 'n aanleidende oorsaak van verslawing kan wees.

Onder ongetroudes sal veel meer verslaafdes aangetref word, omdat die persoon in die huweliksgemeenskap emosioneel bevredig word en die huweliksmaat sekere behoeftes in die lewe van die individu aanvul.[59]

Daar is aangetref dat sekere seksafwykendes ook hulle toevlug na dwelmmiddels neem. Veral die homoseksueles gebruik dwelmmiddels. Hierdie groep mense vorm 'n eie subkultuur waarbinne hulle gedrag goedgekeur en aanvaar word. Binne hierdie subkultuur word sekere byeenkomste gehou wat net deur homoseksueles bygewoon word en op hierdie byeenkomste word somtyds dwelmmiddels gebruik.[60] So kom die homoseksueles dan in aanraking met dwelmmiddels en gou vind hulle uit dat hulle onder die invloed van hierdie middels aan=vaarbaarder vir hulleself is. Homoseksualisme is 'n afwyking wat sterk deur die samelewing veroordeel word. Die homoseksueles lewe onder hierdie strenge oordeel en gevolglik veroorsaak dit geweldige konflikte en frustrasies in die individu. Om te ontvlug aan hierdie spanning en druk gebruik hulle dwelmmiddels wat dan tydelik die werklikheid vir hulle draagliker maak.

In die huweliksgemeenskap word ook dwelmmiddelmisbruik aangetref.

---

58) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?,p.87.
59) Ibid.,p.86.
60) Clinard. Sociology of deviant behavior,p.303.

Die huwelik stel sekere eise aan die egpaar en daar is ook baie verantwoordelikhede in die huwelik. Indien 'n persoon met 'n ontoereikende persoonlikheid in die huwelik tree, sal die eise wat gestel word te veel word vir die persoon. So 'n persoon sal baie maklik die hand uitsteek na enige middel wat kan dien as 'n versterking in die onaangename situasie. Kenmerkend van die ontoereikende persoonlikhede is dat hulle gou terneergedruk en depressief is. Hulle is senuweeagtig, gespanne en het baie klagtes oor fisiese ongesteldheid. Hulle is selfsugtig, egosentries, sonder belangstelling in die welsyn van hul medemens en slegs besorg oor hulle eie probleme. Selfdissipline en wilskrag ontbreek. Persone met sulke karkatertrekke is totaal onbevoeg vir die huwelik, aangesien hulle nie opgewasse is teen die huweliksituasie nie; dit verryk hulle nie, maar frustreer hulle veel eerder tot die uiterste. Die dwelmmiddel, hetsy 'n kalmeermiddel, stimulant, narkotiese of psigedeliese middel, gee hulle 'n gevoel van toereikendheid asook 'n gevoel dat geen probleme, selfs in die huwelik, vir hulle te moeilik is nie.[61)] Hierdie persone is nie in staat om te voldoen aan die eise wat die werklikheid aan hulle stel nie en hulle kan ook nie die druk van die huweliksituasie weerstaan nie.

Samevattend kan gesê word dat verslawing voorkom buite sowel as binne die huweliksgemeenskap. Binne die huweliksgemeenskap is dit gewoonlik die persoon met die motiveringsonvolwassenheid wat die hand na dwelmmiddels uitsteek. Die eise van die huwelik maak hom terneergedruk en passief. Dit is duidelik wat dwelmmiddels vir sulke persone kan doen om hulle swakhede te oorkom.[62)] Reaktiewe verslawing sal aangetref word buite die huwelikstruktuur. Die jeugdiges is vereensaam en hulle voel dat die lewe geen sin het nie. Hulle ondervind 'n gebrek aan sekuriteit en hulle voel dat hulle sonder hulp of toevlug is.

---

61) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 79.
62) Ibid., p. 78.

Hulle raak maklik slagoffers van dwelmmiddelmisbruik, want dit gee aan hulle lewe meer sin en waarde.[63] Dwelmmiddelmisbruik kom dus buite sowel as binne die huwelikstruktuur voor.

6. Beroepstatus.

In die beroepsituasie kry 'n persoon die geleentheid om sy geestelike energie te ontplooi. Indien hierdie persoon gefrustreer is in hier=die situasie lei dit tot geestelike spanning.

Die emosioneel onvolwasse persoon sal dit moeilik vind om aan die eise van 'n werksituasie te voldoen. Enige verantwoordelikheid wat hierdie persone moet dra, word vir hulle 'n bedreiging. Hulle gebrek aan selfvertroue en deursettingsvermoë maak dit vir hulle onmoontlik om enige beroep suksesvol te beoefen. Onder invloed van dwelmmiddels voel hulle toereikender, hulle het meer selfvertroue en hulle voel meer opgewasse teen die werksituasie wat hulle nie self op volwasse wyse die hoof kan bied nie.[64]

Sommige mense stel vir hulleself geweldige hoë eise in die beroep=situasie. Hulle het geweldige hoë ambisies en hulle strewe na onbeperkte sukses. Hulle hoë ambisies moet vir hul gebrek aan intrinsieke eiewaarde vergoed. Dit is dikwels te wyte aan die feit dat die kind deur die ouers verwerp is, of dat hy aanvaar is op grond van bykomstige oorwegings.[65] Hierdie persone leef in die ewige vrees dat hulle nie die verwagte sukses sal bereik nie. Dwelmmiddels besit die vermoë om die spanning te verminder en hulle voel dat hulle meester is van hulle omgewing. Hierdie persone het volwasse en hoogs ontwikkelde doelstellings en gevolglik is die euforiese en hedonis=tiese effek van die middel nie hier belangrik as 'n doel opsigself nie. Hierdie persone slaag ook daarin om hulle te beperk tot kleiner dosisse.[66]

Die moderne samelewing is vandag a.g.v. wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling tegnies- en masjien-georiënteerd.

---

63) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?,p.78.

64) Ibid.,p.88.

65) Du Toit. e.a. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme,p.149.

66) Ibid.,p.149.

Gevolglik raak mense gouer verveeld as gevolg van die groter eentonigheid van hulle werk.[67] Die werksvreugde wat vroeër in arbeid gelê het, het verdwyn en sodoende laat dit die mens on= bevredig en dit lei daartoe dat die mens bevrediging elders soek, al is dit dan ook in dwelmmiddels.

Baie mense vervul 'n beroep net om die finansiële sy van die saak. Hulle móét 'n inkomste hê en gevolglik moet hulle 'n beroep beoefen om die inkomste te bekom. In híérdie beroepsituasie is daar min werksvreugde, maar as gevolg van 'n gebrekkige onderwyspeil moet die persoon bly waar hy is. Daar is geen hoop op beter werks= omstandighede nie en uit hierdie hopelose toestand ontvlug die per= soon deur die gebruik van dwelmmiddels.

Sommige beroepe stel geweldige hoë eise aan die mens. Menslik ge= sproke is dit nie altyd moontlik om aan hierdie eise te voldoen nie en omdat die mens nie wil erken dat hy nie kan volhou nie, neem hy iets om hom te versterk. Dokters, aptekers en ver= pleegsters is om hierdie rede in 'n besondere mate aan afhanklik= hied blootgestel. In hierdie beroepe is dit ook maklik om die middels te bekom en die afgematte persoon neem sy of haar toe= vlug na dwelmmiddels.[68] Eers word die middel gebruik as 'n hulp= middel in die spanningsituasies, maar later is die persoon se hele bestaan gesentreer om die euforiese effek wat die middels ver= skaf.

In die beroepsituasie sal die persoon met die motiveringsonvol= wassenheidelement probleme ondervind. Dwelmmiddels kan 'n tydelike antwoord verskaf op dié probleme wat in die werksituasie opduik. Die persone wat aan beangsdheid en reaktiewe depressie ly is gewoonlik mense wat 'n buitegewone strewe na sukses het. In die beroepsituasie kan hierdie groep mense hulle toevlug tot dwelm= middels neem. Vir hierdie tipe het dwelmmiddels 'n sekere aan= passingswaarde, en wel so dat die dwelmmiddels hulle rasionele re= aksies op en angs vir die omgewing verminder sodat die spanning waarin hulle verkeer, verlig word.

---

67) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p.88.

68) Ibid.,p.83.

In die beroepsituasie vind die persoon die geleentheid om sy per=soonlikheid te ontplooi, maar die bereopsituasie mag ook direk daarvoor verantwoordelik wees dat die individu se persoonlikheid beskadig word. Die individu sal besef sy enigste oplossing is ont=vlugting, en deur die misbruik van dwelmmiddels word die ont=vlugting moontlik gemaak.

## C. Samevatting

In die pas bespreekte hoofstuk is die aandag gefokus op die voor=koms van dwelmmiddelmisbruik in die Republiek van Suid-Afrika. Eerstens het die navorsing aangetoon in watter sosiale strata hier die verskynsel die meeste aangetref word en daar is tot die vol=gende slotsom gekom: "Men and women of all races and of all economic levels are susceptible to addiction. Affluence in the well-to-do suburb which surrounds the city seems to encourage drug abuse, since young people as well as adults have the money to support a habit. Poverty in the inner city, however, also seems to create a climate in which the virus of narcotics addiction flourishes."[69)]

Dwelmmiddelmisbruik is 'n verskynsel wat hoofsaaklik in die stede voorkom, hoewel gevalle in minder mate ook al op die platteland voor kom. Die stedelike leefwyse word beskou as die belangrikste faktor wat daartoe aanleiding gee dat die verskynsel in die stad so toeneem. Die Grobler-verslag rakende hierdie probleem bevind die volgende: "Dit het uit getuienis geblyk dat die misbruik van "verdowings=middels" nie tot die stedelike gebied van die Republiek van Suid-Afrika beperk is nie. Hoewel in 'n mindere mate, kom dit ook op die platteland voor. Dit is by uitstek 'n stedelike verskynsel en ver=skillende faktore in die daaglikse lewe in die stad dra hiertoe by."[70)]

Dwelmmiddelmisbruik is 'n verskynsel wat veral onder die jeug voor=kom. Tog kom die verskynsel ook in ander ouderdomskategorieë voor. So is dit dan ook die geval by die verskillende intelligensie=kategorieë. Verslawing kom voor onder die minder intelligente

---

69) Milbauer & Leinwald. Drugs. Problems of American society, p. 26.
70) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 48.

persone, maar op die universiteite, ook in die Republiek van Suid-Afrika, word hierdie wanpraktyk ook beoefen.[71)]

Soos reeds aangetoon, is eensaamheid en die behoefte om aanvaar te word van die magtigste faktore wat die individu dryf tot dwelmmiddels. Hierdie gevoel van eensaamheid, sowel as die begeerte om aanvaar te word, is faktore wat meesal by ongetroude persone voorkom. Gevolglik sal 'n groot persentasie verslaafdes ongetroude persone wees. Faktore in die huwelikstruktuur mag ook daarvoor ver= antwoordelik wees dat die hand uitgesteek word na een of ander hulpmiddel.

Die beroepsituasie moet bydra tot die ontplooiing van die persoon se persoonlikheid. Die beroep kan somtyds meer frustrasie ver= oorsaak as stimulasie. "Sometimes, the impulse to take narcotics comes from deep-seated frustration and tensions. These may come from problems at home or on the job or in school. They may come from feelings of inadequacy or insecurity."[72)] Die beroepsituasie mag 'n persoon dryf tot dwelmmiddels omdat die persoon gefrustreer is of omdat die eise wat gestel word, te veel is.

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die voorkoms van verslawing in die Republiek van Suid-Afrika. Vervolgens sal meer lig gewerp moet word op die omvang van verslawing in die Republiek van Suid-Afrika.

---

71) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr. 1, p. 35 - 36.

72) Milbauer & Leinwald. Drugs. Problems of American society, p. 17.

# HOOFSTUK 5

## DIE GEDIFFERENSIEERDE OMVANG VAN DWELMMIDDELMISBRUIK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### A. Inleiding

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmisbruik in die Republiek van Suid-Afrika. Voordat die soeklig op Suid-Afrika gewerp word, sal daar eers aandag geskenk word aan die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmisbruik in ander lande. Dit is noodsaaklik dat dié toestand op internasionale vlak onder oë gesien word voordat aandag aan toestande in Suid-Afrika ge= skenk kan word om aldus die omvang van verslawing hier te lande in die korrekte perspektief te plaas.

Dit is onmoontlik om presies te bepaal wat die omvang van verslawing in die verskillende lande is, aangesien die druk wat die polisie op verslaafdes en smokkelaars uitoefen, asook die antagonistiese houding van die publiek teenoor dwelmmiddelmisbruik, veroorsaak dat die mis= bruikers hulle handelinge verbloem en dit is gevolglik moeilik om die omvang van die verskynsel te bepaal. Die beskikbare statistiek moet dus slegs beskou word as 'n skatting van die werklike omvang en moet nie gesien word as 'n presiese weergawe daarvan nie.

Soos in die volgende paragrawe aangedui sal word, blyk dit dat die berekende omvang van dwelmmiddelmisbruik van land tot land verskil en dat verskillende faktore 'n rol speel t.o.v. die bepalings van die omvang van die verskynsel. Benewens hierdie verskille word verder aan= dag geskenk aan die differensiële omvang van die verskynsel, d.w.s. tot hoe 'n mate die berekende omvang verskil van stratum tot stratum en die onderliggende faktore wat ten opsigte hiervan 'n rol speel. In besondere mate word dan ingegaan op die berekende omvang en differensiële ver= spreiding van dwelmmiddelmisbruik in die Republiek van Suid-Afrika.

## B. Gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmisbruik in ander lande

### 1. Asië

In hierdie area wat ongeveer sewe miljoen vierkante myl beslaan en woning gee aan twee biljoen mense word cannabis sativa, opium en heroïen op groot skaal misbruik. Die misbruik van stimulante en sedatiewe middels word ook in hierdie wêrelddeel aangetref. Met die uitsondering van Japan is die hele gebied sosio-ekonomies onderontwikkeld. Die misbruikers is afkomstig uit die lae sosio-ekonomiese klasse, die meeste is mans en hulle ouderdomme wissel tussen 20 en 50 jaar.[1] In die meeste van die lande is die misbruik 'n tradisionele praktyk. Die gebiede waar dwelmmiddels die grootste probleem skep, is Hong Kong, Iran, Thailand, Singapoer en Suid-Korea. In Indië en Pakistan word opium en cannabis sativa per mond ingeneem en hierdie praktyk is besig om 'n omvangryke probleem te word.[2] Hierdie opium en cannabis sativa word by gelisensieerde winkels gekoop. Die meeste lande in Asië slaag nie daarin om te besef dat dwelmmiddelmisbruik 'n sosiale probleem is wat in omvang toeneem nie. Verder word geen besliste maatreëls ingestel om die probleem te bekamp nie en gevolglik kan verwag word dat die probleem in omvang steeds sal toeneem.

Net soos die tradisionele gebruik van opium neem ook die misbruik van heroïen toe, ten spyte van die drastiese wetgewing wat in dié verband gevolg het na die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie wetgewing is ook direk verantwoordelik vir die ontstaan van die grootskaalse smokkelhandel in Asië.[3] Die straf wat deur die owerhede gegee word vir dwelmmiddelmisbruik en die smokkel met dwelmmiddels dien dus geen positiewe doel nie. In Asië word weinig aandag geskenk aan die onderliggende sosio-ekonomiese en psigologiese faktore wat aanleiding gee tot dwelmmiddelmisbruik. Daar bestaan geen beproefde metodes vir rehabilitasie nie en metodes om data te versamel en te verwerk is primitief.[4]

Opiummisbruik in China kan sover teruggevoer word as die negende eeu na Christus.

---

1) Blum. Society and drugs, p. 233.
2) Ibid., p. 233.
3) Ibid., p. 233.
4) Ibid., p. 233.

In 1920 is daar bereken dat 25 persent van die volwasse bevolking in China opium gebruik en die praktyk was algemeen aanvaar en gesteun deur die openbare mening. Die gebruik van cannabis sativa in China kan teruggevoer word na die jare 2 730 voor Christus. Cannabis sativa is gesien as die middel wat die mense van sondes verlos of as die gewer van genot.[5]

Hong Kong met sy vier miljoen inwoners het plus minus 300 000 verslaafdes waarvan die meeste heroïen gebruik en soms meng hulle die heroïen met barbiturate. Die Portugese kolonie, Macao, wat naby Hong Kong geleë is, het ongeveer 6 000 verslaafdes; die grootste persentasie van hierdie verslaafdes is aan heroïen en morfien verslaaf.[6]

Indië en Pakistan met 'n gesamentlike bevolking van 600 miljoen mense, het 'n opiummisbruikgeskiedenis wat sover teruggevoer word as die negende eeu voor Christus. Die opium is sedert die vroegste tyd gerook, geeët en gedrink deur alle klasse, beide geslagte kinders sowel as volwassenes. Tans produseer Indië ongeveer twee derdes van die wêreld se opium.[7]

Die gebruik van cannabis sativa in Indië kan teruggevoer word tot 880 v.C. Tans neem die misbruik van opium en cannabis sativa in Indië en Pakistan ook toe en daar word bereken dat daar ongeveer een miljoen misbruikers van elk is. Daaar is ook gevind dat die inwoners van Pakistan en Indië hulle skuldig maak aan die misbruik van ander gevaarlike dwelmmiddels. "Considerable nonmedical use of barbiturates, chloral hydrate, and cocaine (500 000 users estimated in 1930's) has been reported."[8] In 1945 was amfetamien nog feitlik onbekend maar in minder as tien jaar het die aantal gevalle van verslawing gevorder tot 200 000.

---

5) Blum. Society and drugs, p. 234.

6) Ibid., p. 235.

7) Ibid., p. 235.

8) Ibid., p. 236.

Die meeste van hierdie verslaafdes spuit hulleself in. Ongeveer 70 persent van die slagoffers is onder die ouderdom van 25 jaar.[9)]

Opiumgebruik in Iran dateer terug tot die jare 850 v.C. en toe opiumgebruik in 1955 verbied is het 200 miljoen mense reeds opium gebruik. Tans is daar 500 000 misbruikers van opium en 30 000 heroïenmisbruikers.

In Thailand is daar ongeveer 50 000 dwelmmiddelmisbruikers. Die meeste is verslaaf aan heroïen en soms meng hulle dit met barbiturate. Sommige misbruiker amfetamiene en ander misbruik die plant Mitragyne speciosa.[10)]

Japan het ongeveer 50 000 verslaafdes en die meeste is verslaaf aan heroïen. Hierdie vorm van verslawing is daar nog redelik vreemd, maar die misbruik van amfetamiene en barbiturate is besig om 'n problematiese omvang aan te neem.

Tot en met 1949 kon hulle in Ceylon opium vryelik in winkels koop en verkoop. Tans is daar 5 000 verslaafdes in Ceylon. Vir jare word daar al cannabis sativa gebruik en vandag is daar ongeveer 100 000 verslaafdes aan hierdie middel. Burma het ongeveer 100 000 verslaafdes en die meeste misbruik opium. Cannabis sativa word op grootskaal misbruik veral deur die Indiërs.[11)]

Lande in Asië waar daar nog dwelmmiddelprobleme is, is Singapoer, Korea, Laos, Noord- en Suid-Viëtnam. In Indonesië word ook reeds tot 'n groot mate misbruik gemaak van cannabis sativa, barbiturate en amfetamiene. In Saudi-Arabië word die khat-blaar misbruik; hierdie blaar besit iets soortgelyks as die stimulant amfetamien.[12)]

Uit beskikbare statistiek, wil dit voorkom asof die dwelmmiddelprobleem in Asië baie groot is en dat die probleem steeds in omvang toeneem.

---

9) Imlah. Drugs in modern society,p.39.
10) Blum. Society and drugs,p.236.
11) Ibid.,p.237.
12) Ibid.,p.238.

Een van die belangrikste redes vir hierdie toename is dat die lande van Asië min aandag skenk aan die probleem. Die gebruik van sekere middels is vroeër as 'n tradisie beskou - dit was 'n algemene gebruik gewees en dan veral ook onder die mans. Later het wetgewing gevolg wat die gebruik van die middels verbied, dog hierdie wetgewing het nie die probleme opgelos nie, maar toestande vererger. Groot getalle van hierdie mense maak nou self van gevaarliker middels gebruik.

Opium word reeds vir 'n geruime tyd in Asië gekweek en gevolglik is die middel hier maklik bekombaar. Die beskikbaarheid van die middel is dan nog 'n verdere oorsaak dat hierdie probleem so toeneem.

2. Suid- en Sentraal-Amerika.

Verskillende vorme van dwelmmiddelmisbruik kom voor in hierdie Spaans=sprekende areas. In Bolivië, Peru en Columbië is daar vyf miljoen mense wat kokaïen gebruik.[13] Die Indiane het vir baie jare die plant waaruit kokaïen berei word, gebruik om verligting te verkry van honger, koue en uitputting. Die misbruik van die kokaplant word ge=sien as 'n faktor wat lei tot die beskadiging van die individuele sowel as die sosiale ontwikkeling. Tog moet die swak sosio-ekonomiese toestande en die onvermoë van die regering om sosiale hervorming te bewerkstellig, gesien word as een van die belangrikste redes waarom dwelmmiddelmisbruik in hierdie land floreer.[14]

Die misbruik van cannabis sativa kom voor in Brasilië, die Wes-Indiese Eilande en Meksiko. Meksiko produseer jaarliks tonne marijuana en opium wat uitgevoer word na Kalifornië. In die meeste groot stede word probleme aangetref deurdat kalmeermiddels en stimulante al hoe meer misbruik word. Blum bevind dat: "A variety of other substances, including "piptadenias", snuff such as "vilca" and "epena", "aijahuaca", "coapi", "yagé", psilocybin, and peyote are used for mind - alteration by large groups in various parts of this geographical area."[15]

13) Blum. Society and drugs,p.239.
14) Ibid.,p.240.
15) Ibid.,p.240.

In Suid-Amerika is gevind dat die mense cannabis sativa, koka-blare, en ander plantaardige gewasse gebruik, in teenstelling met ander lande waar verslaafdes hulle al hoe meer wend na sintetiese middels.[16)]

3. Noord-Amerika

Die plitici en polisie in Noord-Amerika skenk baie aandag aan die dwelmmiddelprobleem. In die V.S.A. is daar ongeveer 100 000 verslaafdes en dieselfde getal word in Kanada aangetref.[17)] Die grootste persentasie verslaafdes word aangetref in die stedelike agterbuurtes onder die Negers, Meksikane en Puerto Rican-Amerikaners met hulle swak kulturele agtergrond. Baie van hierdie mense kom uit gebroke huise en vroeg in hulle lewens word hulle al bekendgestel met die misbruik van dwelmmiddels. Die misbruik van marijuana is 'n verskynsel wat toeneem, nie net onder die minderheidsgroep nie, maar ook by die intellektuele groepe, kunstenaars, hoërskool-leerlinge en die studente aan universiteite. Hierdie studentetal sluit duisende in en hulle kom gewoonlik of meesal uit die middelklas. Daar word verder ook gebruik gemaak van L.S.D.-25, D.M.T. en meskalien, terwyl ook van inhaleermiddels gebruik gemaak word.[18)]

Imlah beweer dat "... the main target of the world's drug smugglers has been the United States, which combines a high incidence of drug addiction with the affluence that makes smuggling immensely profitable."[19)] Hierdie bewering is belangrik, want dit waarna hier verwys word, naamlik die toegeeflikheid van die samelewing t.o.v. dwelmmiddelmisbruik, is een van die faktore wat daartoe aanleiding gee dat dié probleem so toeneem in die V.S.A.

Die V.S.A. se grootste vraagstukke rakende die dwelmmiddelprobleem is gesentreer om die groot stede en dan veral New York, Los Angeles, San Francisco en Chicago.

---

16) Blum. Society and drugs, p. 240.

17) Ibid., p. 241.

18) Ibid., p. 242.

19) Imlah. Drugs in modern society, p. 31.

Ongeveer die helfte van die verslaafdes in die gebied kom voor in New York en daar word bereken dat daar in dié stad alleen ongeveer 50 000 tot 60 000 persone is wat verslaaf is aan heroïen.[20] Volgens aanduidings speel die groot misdaadsindikate 'n belangrike rol sover dit die toename van hierdie probleem betref. "It is believed that on the east coast of the United States drug smuggling of opium, cocaine and cannabis is largely or wholly controlled by the Mafia, the most notorious of the organization with which illicit drugs have been associated."[21]

Daar word bereken dat die aantal persone in die V.S.A. wat ver= slaaf is aan opium en sy neweprodukte ongeveer 60 000 tot 150 000 beloop.[22] In 1962 is daar in die V.S.A. nege biljoen dosisse amfetamiene vervaardig en 854 000 pond barbiturate en die helfte van hierdie produkte het hulle pad na die swartmark gevind.[23]

In 1965 is daar 167 miljoen voorskrifte uitgeskryf vir stimulante, sedatiewe en kalmeermiddels en dit dui daarop dat ongeveer 590 miljoen dollar spandeer is op hierdie dwelmmiddels.[24] Met 'n navorsing[25] wat in 1968 gedoen is, is gevind dat ongeveer 50 persent van die volwassenes in Kalifornië al op een of ander stadium dwelmmiddels gebruik het. In 'n navorsingsprojek[26] wat in 1968 in 'n hoërskool in Kalifornië gedoen is, is gevind dat van die 26 persent leerlinge al een of ander dwelmmiddel gebruik het. Van hierdie leerlinge het 31 persent gesê hulle het al marijuana, amfetamiene of L.S.D. gebruik. Die leerlinge beweer dat L.S.D. die moeilikste middel is om te bekom. Op die platteland van Kalifornië is gevind dat van die 21 000 studente wat gebruik is vir die na= vorsing 18 persent dwelmmiddels al herhaaldelik gebruik het.

---

20) Imlah. Drugs in modern society, p. 31.
21) Ibid., p. 31.
22) Epstein. Drugs of abuse: Their genetic and other chronic non= psychiatric hazard, p. 29.
23) Ibid., p. 29.
24) Ibid., p. 29.
25) Ibid., p. 29.
26) Ibid., p. 31.

Van hierdie studente het vyf persent al barbiturate gebruik, vyf persent amfetamiene, drie persent L.S.D. en agt persent het al marijuana gebruik.[27)] Navorsing[28)] wat gedoen is in 'n hippie-subkultuur in San Francisco het aangetoon dat dwelmmiddels gebruik is deur byna almal wat ondervra is. Meer as 95 persent van die individue het al marijuana gebruik. Die meeste van die persone kombineer dwelmmiddels en hulle gebruik bv. hallusinogene, stimulante en depressiewe middels gelyktydig.

Aan die hand van 'n verslag[29)] oor dwelmmiddelmisbruik in New York word die volgende gegewens bekend gemaak:

(a) "Narcotic use and addiction . . . has increased in tremendous fashion since World War II and particularly in the last two years.

(b) The disease has spread with alarming rapidity through the ranks of our adolescent society."

'n Uiters gevaarlike tegniek[30)] wat deur die Amerikaanse jeug beoefen word, is om amfetamien direk in die aar in te spuit. Die gebruiker kan totaal psigoties raak onder invloed van die middels. Opmerklike orgaanbeskadiging kan plaasvind en die persoon verloor totale belangstelling in kos, slaap en persoonlike higiëne.

In Kalifornië[31)] word dit aangetref dat ongeveer 52 000 persone misbruik dwelmmiddels. Gevolglik blyk dit dat daar veel meer as 40 000 verslaafdes in die V.S.A. moet wees.[32)] Die werklike getal verslaafdes in die V.S.A. is dus onbekend.

---

27) Epstein. Drugs of abuse: Their genetic and other chronic non-psychiatric hazard, p. 33.

28) Ibid., p. 35.

29) Lindesmith. Drug addiction: Crime or disease?, p. 31.

30) Kaplan. Drug abuse: Perspectives on drugs, p. 37.

31) Lindesmith. Drug addiction: Crime or disease?, p. 32.

32) Ibid., p. 32.

"The surveys and estimates indicate sufficiently the existence of a major medical problem. . . As a matter of fact it is not necessary to know the exact number of users or even the minimal extent to realize that there are a large number in the country and that the problem is serious."[33]

Soos reeds geskets floreer dwelmmiddelmisbruik in die V.S.A. omdat die smokkelhandel hier deur misdaadsindikate soos die Mafia perfek georganiseer is. Die middel is maklik bekombaar en niks stuit die groeiproses in die gebruik daarvan nie. Die permissiewe gees wat in Amerika heers, verskaf verder ook 'n goeie teelaarde vir dwelmmiddelmisbruik. Dwelmmiddelmisbruik in Noord-Amerika is 'n verskynsel wat voorkom in al die lae van die samelewing, tog sal hierdie probleem, soos in alle ander lande, in die agterbuurtes die beste wortelskiet.

Die misbruik van die psigedeliese middels moet nooit los gesien word van die koms van die psigedeliese filosofie nie. Hierdie filosofie het die gedagte van die jeug aangegryp en saam met die beoefening van die filosofie het die gebruik van dwelmmiddels gegaan. Daar is selfs vooraanstaande intelektueles wat hierdie filosofie en die gebruik van die verskillende psigedeliese middels goedpraat. Soos wat Amerika tot in sy wortel geskud is deur hierdie probleem, so is dit ook die geval in Europa.

4. Europa

Die dwelmmiddelmisbruikprobleem is 'n verskynsel wat ook in Europa aangetref word. Statistiek toon aan dat die probleem ook hier toeneem en op internasionale vlak sal sekerlik pogings aangewend word om die probleem te stuit.

Denemarkte het bewus geword van 'n dwelmmiddelprobleem in die jaar 1940 toe die verskynsel begin kopuitsteek het in Kopenhagen. Tesame met die aanvang van die rook van marijuana het ook 'n vlaag van jeugmisdaad voorgekom.[34]

---

33) Lindesmith. Drug addiction: Crime or disease?, p. 33.

34) Ibid., p. 139.

In Noorweë word ook spore van dié verskynsel aangetref. Statistiek toon aan dat 700 mense uit 'n bevolking van 4 miljoen verslaaf is aan dwelmmiddels. Die grootste persentasie verslaafdes kom voor in die gebied om en in Oslo.[35)]

In Engeland het die omvang van dwelmmiddelmisbruik ook geweldig toegeneem:[36)] gedurende 1961 en 1962 het die inhegtenisname weens oortredings met cannabis sativa met meer as 100 persent toegeneem. Gedurende 1963 en 1964 het die misbruik van sintetiese middels toegeneem. Veral die misbruik van heroïen en kokaïen het met ongeveer 60 persent toegeneem. In 1966 ". . . the largest number of convictions ever recorded in Great Britain involving dangerous drugs occurred and this was more than a 50% increase over the previous years."[37)] Hier word gebruik gemaak van persone wat in hegtenis geneem word, om aan te toon hoe die omvang van dwelm=middelmisbruik toeneem en dit kan beskou word as 'n betroubare maat=staf om hierdie toename aan te dui. Die omvang van dwelmmiddel=misbruik het so toegeneem dat in 1966 meer heroïenverslaafdes aan=getref is as in die tydperk vanaf 1945 tot 1965.[38)] Een van die redes waarom dwelmmiddelmisbruik so toegeneem het, is omdat ge=neeshere hierdie middels so vryelik voorgeskryf het. 'n Beeld van die hoeveelheid heroïen wat deur die medici voorgeskryf is, kan na analogie van die volgende gevorm word: in 1962 het een dokter 600 000 heroïentablette voorgeskryf.[39)]

Die dwelmmiddelmisbruikepidemie versprei vinnig in Brittanje en volg in die algemeen 'n sekere patroon. Verslaafdes kry 'n voorskrif vir dwelmmiddels by 'n geneesheer, byvoorbeeld 200 - 300 milligram per dag waarvan hulle slegs die helfte gebruik en die ander helfte dan verkoop.

---

35) Lindesmith. Drug addiction: Crime or disease?, p. 144.

36) Glatt. e.a. The drug scene in Great Britian, p. 14.

37) Ibid., p. 14.

38) Louria. The drug scene, p. 31.

39) Ibid., p. 31.

Na verloop van tyd raak die kopers dan ook verslaaf aan die middels en dan registreer hulle by 'n geneesheer wat dan die middels verder aan hulle voorskryf.[40] Volgens statistieke is die gemiddelde dosis heroïen wat aan 'n verslaafde per dag verskaf moet word 4,3 gram of 260 milligram.[41]

In Engeland word daar vandag ook probleme ondervind t.o.v. die misbruik van cannabis sativa. Sedert 1945 het oortredings met hierdie middel al hoe meer begin toeneem.[42] In 1961 was daar 288 oortredings met die misbruik en handel in cannabis sativa en in 1966 was daar in dieselfde verband 1 119 oortredings. Statistiek[43] toon aan dat daar by 'n Universiteit in London ongeveer 15 persent van die studente is wat al ondervindings gehad het met hashish. 'n Onlangse studie het aangetoon dat 232 pasiënte in 'n kliniek opgeneem is vir behandeling van veneriese siekte en 18,2 persent van hierdie pasiënte het dwelmmiddels gebruik en die belangrikste of die gewildste middel was hashish.[44]

Louria sê: "The final major problem in England relates to use of amphetamines, taken orally or intravenously. Although this too is increasing, precise figures are not known. It is, however, thought that some 20 000 persons in England are dependent on either oral or intravenous amphetamines. Again, the increasing use appears to occur at multiple levels in British society. Bohemians, hippies and flower people are both using pills and injecting Methedrine."[45] Die toename in die omvang van hierdie verskynsel in Engeland kan onder meer toegeskryf word aan die gebrek aan strenge beheermaatreëls. Dit is skynbaar ook maklik om die middels te bekom en dan word daar ook nog genoeg middels op voorskrif bekom om groot winste te maak. Dwelmmiddelmisbruik in Engeland is nie slegs 'n verskynsel wat in die lae sosio-ekonomiese klasse voorkom nie, maar dit is 'n verskynsel wat ook in Engeland sy tol eis in alle stande en beroepe.

---

40) Louria. The drug scene, p. 60.
41) Ibid., p. 60.
42) Ibid., p. 66.
43) Ibid., p. 66.
44) Ibid., p. 67.
45) Ibid., p. 69.

Ook in Swede toon die verskynsel 'n betekenisvolle omvang;[46] dit is veral amfetamien-verslaafdes wat 'n betekenisvolle omvang toon. Gedurende 1930 is al bereken dat ongeveer 200 000 persone amfetamiene gebruik, hoewel almal nie verslaaf was daaraan nie. Die middel is aanvanklik in tabletvorm ingeneem, maar in 1954 is gevind dat binne= aarse toediening daarvan 'n gewenster effek het - 'n metode wat vinnig veld gewen het en gevolglik 'n toename in die omvang van verslaafdes tot gevolg gehad het. Daar is ook gevind dat hierdie misbruikers emosioneel-onstabiele mense is wat nie aan die eise van die same= lewing kan voldoen nie en ook dat misdaad en die gebruik van amfetamiene gepaard gaan: ". . . it was by no means clear that amphetamines were directly responsible for crimes, it was neverthe= less a fact that 32 percent of men released from their gaols in 1954 were amphetamine takers."[47]

Goldberg het 'n intense studie gemaak van die dwelmmiddelprobleem in Swede. Hy bevind dat daar in 1966 'n duisend verslaafde pasiënte in 'n inrigting vir behandeling was. Onder persone wat in hegtenis geneem is weens dwelmmiddelmisbruik vind hy dat veral tussen die ouderdomme van 20 en 29 jaar stimulante en hipnotiese middels gebruik is. Gedurende die jare 30 en 39 wend persone hulle ook tot stimu= lante en hipnotiese middels en na 40-jarige leeftyd gebruik hulle uitsluitlik hipnotiese middels.[48]

Navorsing[49] wat gedoen is in 'n stad in Swede het aangetoon dat 22 persent van die seuns en 16 persent van die meisies al meer as eenkeer dwelmmiddels gebruik het. Die meeste van die misbruikers het al cannabis sativa gerook (81 persent) en 26 persent het al stimulante gebruik. Die stimulante wat die meeste gebruik word is preludin en ritalin.

---

46) Blum. Society and drugs, p. 242.

47) Epstein. Drugs of abuse. Their genetic and other nonpsychiatric hazard, p. 36.

48) Ibid., p. 36.

49) Ibid., p. 36.

Daar word bereken dat ongeveer 50 000 persone stimuleermiddels ge= bruik in die stad Stockholm. Opiate word gebruik deur ses persent van die verslaafdes, vyf persent het al L.S.D. gebruik en nege persent het kennis van die gebruik van hipnotiese en kalmeermiddels.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die gebruik van cannabis sativa ook toegeneem. In 1966 het die misbruik van cannabis sativa onder skoolkinders ɱ dreigende gevaar geword,[50] en in 1966 is die eerste gevalle van L.S.D.-misbruik aangemeld.[51] Op hierdie stadium het het die psigedeliese filosofie ook sy verskyning gemaak en hierdie filosofie het veroorsaak dat die misbruik van L.S.D. en cannabis sativa steeds toegeneem het, aangesien die gebruik van hierdie psigedeliese middels deur die filosofie aangemoedig word en sonder die middels kan dié filosofie inderwaarheid nie gedien word nie.[52] Soos in ander lande het hierdie psigedeliese filosofie die soekende verbeelding van die jeug aangegryp en geen andere enkele oorsaak het so ɱ belangrike rol gespeel in die bevordering van verslawing aan psigedeliese middels nie. Die misbruik van heroïen was ɱ redelike onbekende verskynsel, maar onlangs het hierdie verskynsel ook sy kop begin uitsteek in die omgewing van Gothenburg.[53]

Stimuleermiddels is ɱ sintetiese produk wat deur farmaseutiese maatskappye geproduseer word en hulle behartig ook die verspreiding van die middels. As gevolg van swak beheer in dié verspreiding het wanpraktyke ontstaan en tans word geworstel om die dwelmmiddel= probleem die hoof te bied.[54] Die vraagstuk rakende die toename in die omvang van verslawing aan stimuleermiddels moet dus gesien word as ɱ direkte uitvloeisel van swak beheer wat uitgeoefen is.

---

50) Sjöqvist & Tottie. Abuse of central stimulants,p.191.
51) Ibid.,p.191.
52) Ibid.,p.191.
53) Ibid.,p.191.
54) Ibid.,p.211.

Die smokkelhandel met dwelmmiddels vorm voorts 'n goed georganiseerde netwerk in Swede en omdat die middels maklik bekombaar en relatief goedkoop is, kan verwag word dat die omvang van verslawing sal toeneem. Misbruik van dwelmmiddels is 'n verskynsel wat veral in die middel- en hoë klasse van hierdie samelewing aangetref word. Ten spyte van beskikbare statistiese gegewens is dit onmoontlik om te bepaal wat die omvang van verslawing tans is, maar die feit dat die Sweedse regering duidelik onder die besef is dat ernstige beheermaatreëls t.o.v. die onderhawige verskynsel nodig is, dui op die probleem wat dit reeds geword het.

Soos aangetoon is dwelmmiddelmisbruik 'n verskynsel wat dwarsdeur die wêreld kommer wek. In die meeste lande van die wêreld word pogings aangewend om te voorkom dat hierdie probleem verder vergroot, en ook Suid-Afrika is hierby nie uitgesluit nie.

## C. Die gedifferensieerde omvang van dwelmmiddelmisbruik in die Republiek van Suid-Afrika

Die omvang van die vraagstuk in die Republiek van Suid-Afrika is 'n tema wat hom maklik leen tot sensasionele en alarmistiese skattings en hoorsêgetuienis. Eksakte syfers kan nêrens verkry word nie, omdat die verskynsel te veel "ondergronds" is. Verslaafdes hou hulle probleem bedek, o.m. as gevolg van die openbare mening wat in dié verband 'n behoudende maatskaplike beheermaatreël is. Wat wel bekend is, is dat verslawing 'n probleem is wat by uitstek in die stede voorkom en dan veral in die hawestede. Die platteland is nog baie ongeskonde, hoewel gevalle ook hier begin kop uitsteek het. Wat ook duidelik is, is dat hierdie verskynsel hom veral oor die afgelope paar jaar in die Westerse lande, en dus ook in Suid-Afrika, epidemies manifesteer.

Dwelmmiddelverslawing is 'n verskynsel wat nie net in sekere strata van die samelewing voorkom nie, hoewel dit blyk dat dié verskynsel al hoe meer in die hoër stratum begin konsentreer.[55)]

---

55) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, p. 80.

Dit is ook 'n verskynsel wat veral voorkom in subkulture, dit is nou verbonde aan misdaad en toon 'n verband met afwykings soos dié in verband met seks.[56)]

Bensusan sê: "It is a "pill-taking" age - 28 tons of aspirin are consumed daily in the United States and 200 million pills of one kind or another are taken each month in South Africa."[57)] Die statistiese gegewens oor die omvang van verslaafdes hier te lande is beperk en dit wat in die volgende paragrawe beskryf word, moet nie gesien word as 'n weergawe van die werklike omvang nie. Nietemin bied dit tog 'n beeld van die omvang van die onderhawige verskynsel.

Dat die verskynsel toeneem in die Republiek van Suid-Afrika is nie te betwyfel nie. In Johannesburg alleen het die polisie oor 'n tydperk van twee jaar 500 000 pille wat tot verslawing lei gekonfiskeer.

'n Vooraanstaande psigiater van Johannesburg sê dat ongeveer drie persent van alle skoolkinders, veral die hoër klasse, en 10 persent van alle universiteitstudente dwelmmiddels gebruik, terwyl nog meer studente ligte middels soos amfetamiene en dagga gebruik.[58)] Die aantal nagklubs in Durban het van drie tot sestien vermeerder nadat die Seuzkanaal gesluit is in 1967 en hierdie nagklubs voorsien skynbaar aan die jeug dwelmmiddels; hoewel niemand in hierdie verband nog betrap is nie wil dit tog voorkom of dié klubs stimulante aan verslaafdes voorsien - veral die sg. "purple hearts" is by hierdie klubs in aanvraag.[59)]

---

56) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.36.

57) Bensusan. Drug exposure. The South African scene,p.6.

58) Ibid.,p.20.

59) Ibid.,p.25.

"Professor G.K. Engelbrecht, Head of the Sociology Department of Natal University College, reported to a public health conference in Margate on the source of a Durban peddler's supply of 20 000 of them, and the South African Nursing Journal writes of a Durban pharmacist who was reported to have paid his electricians bill of 30 Rands with purple hearts."[60)]

Stimuleermiddels is volop en maklik bekombaar in Suid-Afrika en dit is ongetwyfeld een van die faktore wat aanleiding gee daartoe dat hierdie probleem toeneem. 'n Vooraanstaande psigiater van 'n geestesinrigting beweer dat die toename in amfetamienemisbruik 'n verskynsel is wat kommer wek.[61)] Onlangs is besluit dat in dié inrigting ook amfetamienverslaafdes ingeneem sal word en dit was skokkend om te sien hoeveel verslaafdes daar oor 'n periode van 24 uur opgeneem is.[62)]

'n Kenner van die dwelmmiddelvraagstuk wat verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Vloot beweer dat tussen 10 persent en 20 persent van alle jong Staande Mag-lede in die vloot op een of ander tyd dwelmmiddels gebruik het.[63)] Selfs die universiteite is nie vry van hierdie probleem nie. 'n Ondersoek wat gedoen is aan 'n sekere universiteit in die Republiek van Suid-Afrika het aangetoon dat 50 persent van alle studente aan die betrokke universiteit al dwelm=middels gebruik het.[64)] 'n Student in Maatskaplike Werk beweer met redelike sekerheid dat sy van 200 studente aan haar universiteit weet wat ongetwyfeld verslaaf sal raak as hulle voortgaan met hulle dwelmmiddelgebruik.[65)]

---

60) Bensusan. Drug exposure. The South African scene,p.25.
61) Ibid.,p.26.
62) Ibid.,p.26.
63) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.37.
64) Ibid.,p.37.
65) Ibid.,p.38.

Hoewel 'n relatief kleiner persentasie persone wat in hulle beroep daagliks direk met dwelmmiddels te make het daaraan verslaaf raak, dui dit tog daarop dat die verskynsel ook - al is dit in 'n mindere mate - voorkom in die hoë strata van die samelewing. In die gebied van 'n klein departementele streekskantoor, byvoorbeeld, is daar volgens getuienis sewe medici en ses aptekers wat afhanklik is van dwelmmiddels.[66)]

In die Republiek van Suid-Afrika is en bly die gebruik van dagga nog die grootste probleem rakende die dwelmmiddelvraagstuk. Elke jaar word duisende tonne dagga deur die polisie verbrand en hierdie dagga sal miljoene rande werd wees op die swartmark. Die Kommisaris van Polisie het 'n verslag voorgelê aan die parlement wat aangetoon het dat 5 145 635 pond dagga gedurende 1969 tot 1970 gekonfiskeer is.[67)] Die implikasies wat spruit uit die toenemende daggagebruik, spreek duidelik uit die volgende: "Johannesburg's Deputy Medical Officer of Health, Dr. I. Spencer believes that this problem amongst teenagers is now reaching proportions where it menaces and involves not only weaker personalities but completely stable children from sound homes and stable upbringing who inadvertently become ensnared."[68)]

Hoewel besit van of handel met dagga onwettig is, blyk dit dat die bedryf met rasse skrede groei. Dagga-verkope is hoog en groot profyte word hieruit gemaak. Volgens verslae neem die smokkelhandel in dagga toe en al hoe meer mense word betrek by die probleem: in 1949 is daar 9 101 persone skuldig bevind aan oortredings met dagga, in 1957 is 21 480 persone skuldig bevind, in 1960 is daar 17 725 persone skuldig bevind en in 1964 is daar 26 071 persone skuldig bevind aan oortredings met dagga.[69)] Gedurende die periode 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964 het die polisie in die hele Republiek van Suid-Afrika 379 096 pond dagga vernietig.[70)]

---

66) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 38.
67) Bensusan. Drug exposure. The South African scene, p. 44.
68) Ibid., p. 73.
69) Research and information. Drug dependence and some of its concomitant aspects in the Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions Publication no. 3 of 1970, p. 3.
70) Ibid., p. 4.

Daggagebruik is nie slegs beperk tot sekere rasse in Suid-Afrika nie en ook nie tot bepaalde inkomstegroepe nie. Dit is egter veral jongmense wat hulle meer en meer skuldig maak aan die ge= bruik van dagga en wel dan in die vorm van rites van kultusse.[71] Dit wil voorkom asof die gebruikers van dagga na 'n tydperk van daggagebruik, oorskakel na die gebruik van L.S.D.[72]

'n Kort tydjie gelede was daar in Suid-Afrika nog weinig of geen L.S.D. beskikbaar nie, maar a.g.v. verbeterde smokkeltegnieke en goed-georganiseerde bendes het dié situasie radikaal verander. So vertel Chris McDermott van 'n Johannesburgse Sondagblad van ". . . a loose underground network of "acid heads" in the Republic that know within hours when a supply reaches the city, in some cases they even know beforehand and make arrangements to get a supply for their friends some 35 varieties are reported."[73]

Uit verslae[74] blyk dit dat daar reeds 'n groot hoeveelheid L.S.D. in Suid-Afrika in omloop is wat uiteraard 'n toename in die omvang van verslawing aan die middel impliseer. So het 'n Britse matroos in November 1970 in Durban 100 L.S.D.-pille aan 'n polisiebeampte verkoop; gedurende Oktober 1971 het die polisie binne 'n week 400 L.S.D.-pille gekonfiskeer en terselfdertyd is 'n fotograaf betrap wat 137 L.S.D.-pille in sy besit gehad het.[75] Kort hierna word 'n onthulling gemaak wat toon hoe intensief smokkelhandel georganiseerd is en wat die profyt wat daaruit gemaak kan word, sal wees: 'n persoon wat in Kaapstad gearresteer is, het planne gehad om 8000 L.S.D.-tablette van een gram elk uit Brittanje in te voer; uit elke tablet sou 4000 dosisse van 250 mikrogram per tablet ver= vaardig kon word wat teen R5,00 elk verkoop sou kon word.

---

71) Drug dependence and some of its concomitant aspects in the Republic of South Africa,p.4.
72) Bensusan. Drug exposure. The South African scene,p.113.
73) Ibid.,p.113.
74) Ibid.,p.113.
75) Ibid.,p.114.

'n Bedrag van 160 miljoen rand was hierby betrokke.[76] Afgesien van die finansiële sy van die saak sou 32 miljoen L.S.D.-tablette in die Republiek van Suid-Afrika in omloop wees.[77] In ag genome die drastiese uitwerking van die middel en die aantal persone wat hieraan verslaaf sou raak, kan 'n beeld gevorm word van wat die dwelmmiddelprobleem in Suid-Afrika sou wees.

In Suid-Afrika blyk dit dat dwelmmiddelmisbruik 'n verskynsel is wat hoofsaaklik in stede voorkom en veral in die hawestede. Tog begin hierdie verskynsel ook op die platteland sy kop uit te steek. In die stede is dit maklik om hierdie middels te bekom want, veral by nagklubs en ander plekke waar die jeug versamel, is dit vryelik bekombaar. 'n Openbare figuur wat self die probleem in Johannesburg ondersoek het, het die volgende stelling gemaak: "My guess will be completely wild. You can say that between 3 000 and 4 000 of these kids are doing their beats on Friday and Saturday nights. We have, however, what we call 'teeny boppers' - young teenagers - that only go out over the weekend. We have teenagers coming over from Pretoria and other parts of the Reef for weekends . . ."[78]

Die stad word gekenmerk of onderskei van die platteland as gevolg van die permissiewer gees wat daar heers. In hierdie permissiewe klimaat kry die dwelmmiddelprobleem baie geleentheid om te groei.

In Suid-Afrika is dit duidelik dat die dwelmmiddelprobleem nie slegs beperk is tot een laag van die samelewing nie, maar hierdie verskynsel kom voor in alle strata. In die lae sowel as die hoë sosio-ekonomiese strata word die gebruik van dwelmmiddels deur die jeug aangetref. Jeugdiges in alle strata van ons samelewing word bloot gestel aan verleiding. Kenmerkend van jeugdiges is dat hulle erkenning wil ontvang en hierdie faktor gee aanleiding tot verslawing by menige jongmens.[79]

---

76) Bensusan. Drug exposure. The South African scene, p. 114.
77) Ibid., p. 114.
78) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 38.
79) Ibid., p. 48.

Dit is egter nie net die jeug wat slagoffers word van hierdie gewoonte nie. Volwassenes in alle lae van die samelewing is onderworpe aan die sosiale druk wat uitgeoefen word. Om te ontvlug van hierdie sosiale druk sowel as aan die eise van die tyd, neem volwassenes ook hulle toevlug tot dwelmmiddels.[80)]

D. Samevatting.

Dwelmmiddelmisbruik is 'n sosiaal-patalogiese verskynsel wat in elke land ter wêreld aangetref word. Faktore wat aanleiding gee tot verslawing verskil ook van land tot land omdat die leef=wyse van land tot land verskil. Daar word besef dat dwelmmiddel=misbruik in elke land van die wêreld kommer wek en gevolglik sal dit nodig wees om op internasionale vlak saam te werk om dié probleem te bekamp. Hiérdie vraagstuk is 'n wêreldwye vraagstuk wat wêreldwye optrede vereis.

In hierdie navorsing word nie eksakte syfers gegee i.v.m. ver=slawing in die Republiek van Suid-Afrika nie. Dit is bykans 'n onmoontlike taak om sodanige syfers vry te stel, omdat dié probleem in die Republiek van Suid-Afrika nog 'n bedekte vraag=stuk is. Aan die hand van getalle waarmee getuies in die praktyk self te doen het, is tot die gevolgtrekking gekom dat die pro=bleem nog grotendeels soos 'n ysberg verskuil lê en as 'n ernstige aangeleentheid gesien moet word. Hierdie probleem kan nie as 'n probleem van nasionale omvang beskou word nie, tog kan dit binne afsienbare tyd tot so 'n omvang ontwikkel.

---

80) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels,p.49.

## HOOFSTUK 6.

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.

### A. Inleiding.

Om die sosiologiese aard van die tema van hierdie studie te ver= antwoord, was dit nodig om in die eerste hoofstuk die vakwetenskap= like betekenis en interpretasie van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing in terme van die sosiologiese konsepsie daarvan toe te lig, en om die noodsaaklikheid van die wetenskaplike bestudering daarvan te be= klemtoon, is die aktualiteit van hierdie verskynsel by wyse van o.m. die omvang daarvan aangedui. Die sistematiese aanloop tot die in= houdelike van die studie het verder die logiese eis van ŉ afbakening van die studieterrein gestel wat in hierdie geval, noodsaaklikerwys, ŉ tweeledige terreinbegrensing vereis het. Enersyds moes die ver= skynsel van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing binne die kader van die sosiale patologie geplaas word, synde ŉ verskynsel of gedragswyse wat per definisie in die raamwerk van hierdie spesialiseringsrigting bestudeer word. Aangesien dwelmmiddelmisbruik en -verslawing egter vele fasette toon en gevolglik vanuit ŉ verskeidenheid oogpunte be= nader sou kon word, was dit andersyds nodig om ook ten opsigte hier= van ŉ afbakening te doen. Deur op hierdie wyse die klem te plaas op ŉ bepaalde faset, t.w. die gedifferensieerde voorkoms en omvang van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing in die Republiek van Suid-Afrika, is gepoog om ŉ vakwetenskaplike bydrae te lewer m.b.t. ŉ perspektief wat tot op hierdie stadium slegs sporadies aandag geniet het —— en dit ook meerendeels vanuit ŉ statistiese oriëntasie wat dikwels mank gaan aan ŉ bevredigende wetenskaplike verklaring. Voorts is in dieselfde hoofstuk ŉ beskrywing gegee van die metode wat vir hierdie studie aangewend is, en enkele begrippe waarvan in die studie gebruik gemaak is en wat nie in die teks self omskryf is nie, is om redes soos aangedui, breedvoerig ontleed. Ten slotte is in die eerste hoofstuk ook gewys op enkele probleme wat tydens die verloop van die studie opgeduik het.

Vir die ontplooiing van die tema waarom hierdie studie sentreer en vir die versekering van ŉ geheelbeeld daarvan was dit nodig om in die daaropvolgende twee hoofstukke eerstens die misbruik van en ver=

slawing aan dwelmmiddels as maatskaplike probleem te tipeer, en tweedens 'n ontleding van die vorme van verslawing en die etiologiese faktore daarvan te maak. Teen die agtergrond hiervan was dit moontlik om in hoofstukke 4 en 5, respektiewelik, die gedifferensieerde voorkoms en omvang van die verskynsel te ontleed om aldus die spesifieke doel van hierdie navorsing te bereik. Hoewel in die voorafgaande hoofstukke telkens implisiet gewys is op die gevolge van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing is die invloed daarvan op groepsverbande nie breedvoerig uiteengesit nie. Die rede hiervoor is omdat dié faset nie die spesifieke doel van hierdie studie is nie. Nietemin sal 'n kort oorsigtelike beskrywing hiervan geen afbreuk doen aan die perspektief waarop hierdie studie konsentreer nie; trouens, dit mag selfs dien as 'n stimulis tot verdere wetenskaplike navorsing in dié verband.

## B. Enkele negatiewe invloede van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing

Dwelmmiddelmisbruik en die verslawing aan dwelmmiddels raak nie net die indiwiduele verslaafde nie, maar het veel meer konsekwensies, aangesien die indwidu steeds 'n lid van een of meer groepe is waarbinne hy verhoudinge met ander aangaan.

So, byvoorbeeld, kan huweliksverhoudinge a.g.v. die dwelmmiddelgesentreerdheid van een van die huwelikslede lei tot onverskilligheid[1] en verwydering met die gevolg dat die verslaafde elders na behoeftebevrediging sal gaan soek.[2] Ook die seksuele verhouding, wat 'n integrale deel van die huwelik is, kan hierdeur geskaad word[3] en waar dit gebeur, bestaan die moontlikheid van 'n uiteindelike egskeiding.

Wanneer die broodwinner van die gesin verslaaf raak, kan belangeloosheid in die beroepsarbeid verdwyn en is eventuele werkloosheid die gevolg.[4]

---

1) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 24.
2) Ibid., p. 25.
3) Ibid., p. 24.
4) Ibid., p. 25.

Voorts beïnvloed dit die ouerlike gesag en dissipline wat weer kan lei tot wangedrag by die kinders.[5] Soos in die geval van die huwelik bestaan ook hier die moontlikheid van vervreemding tussen die ouerpaar en gevolglike gesinsverbrokkeling.[6]

Dit is kenmerkend dat verslaafdes lede word van subkulture waarbinne hulle gedrag goedgekeur word en waarvan die waardes en norme radikaal verskil van die van die breër samelewing.[7] In 'n atmosfeer geskep deur 'n pseudo-nihilistiese filosofie raak hulle vervreemd van die geordende samelewing,[8] word alle vorme van konvensionele godsdiens verwerp[9] en is 'n algemene verlaging van die sedelike peil en wanprak= tyke die gevolg. Ten opsigte van akademiese prestasie was opvoedkundiges se bevinding dat dwelmmiddelmisbruik deur skoliere sowel as studente aan universiteite en kolleges 'n beduidende negatiewe invloed toon.[10]

Die negatiewe invloed van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing word ook weerspieël in die werksverband waarvan die verslaafde 'n lid is: a.g.v. sy onvermoë om sy opgelegde arbeid doeltreffend te verrig, is die moont= liheid van uiteindelike werkloosheid van so 'n persoon ie uitgesluit nie; dit in sigself lei tot 'n parasiete-bestaan, en as die omvang van hier= die verskynsel in berekening gebring word, dui dit op 'n toenemende mannekrag tekort[11] wat logieserwys 'n invloed op die landsekonomie sal toon.

In aansluiting hierby plaas die verslaafde ook verdere laste op die staat, bv. behandeling,[12] ekonomiese onproduktiwiteit wat aanleiding gee tot misdaad om geld te bekom deur middel waarvan dwelmmiddels aan=

---

5) Grobler. Dwelmmiddels vyand nr. 1, p. 80.
6) Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, p. 26.
7) Ibid., p. 24.
8) Ibid., p. 24.
9) Ibid., p. 25.
10) Ibid., p. 24.
11) Ibid., p. 27.
12) Ibid., p. 27.

gekoop kan word,[13] kostes t.o.v. polisie, gevangenisse, hospitalisasie, rehabilitasie ens. Volgens Loedolff en Louw[14] is dit "alles onnodige koste omdat dit voorkom kon gewees het."

Dit is egter nie net ten opsigte van die finansiële aspek dat kostes voorkom kan word nie. In die voorafgaande oorsigtelike beskrywing van enkele negatiewe invloede van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing blyk daar veel meer "kostes" te wees, bv. gesinsverbrokkeling, verlies aan akademiese prestasie, misdaad ens. wat, indien nie totaal voorkom kan word nie, dan minstens verlaag kan word. Dit is in die lig hiervan dat vervolgens sekere aanbevelings gedoen word en wat ook by implikasie moontlik enkele riglyne kan aandui vir verdere wetenskaplike navorsing in hierdie bepaalde rigting.

## C. Aanbevelings

In die vorige hoofstukke van hierdie studie is gepoog om 'n sosiologies relevante aspek van die onderhawige verskynsel te ontleed en is telkens daarop gewys dat hierdie verskynsel 'n rykdom van fasette het waaraan tot op die huidige stadium weinig, indien enige, aandag geskenk is. Dit impliseer dat wetenskaplike gegewens omtrent dwelmmiddelmisbruik en -verslawing in die Republiek van Suid-Afrika - en veral sosiologies betekenisvolle data - - relatief skaars en soms onbekombaar is. Voorts is dit ook 'n verskynsel wat nie alleen van akademiese belang is nie, aangesien die misbruik van en verslawing aan dwelmmiddels in die resente tyd bykans 'n algemene, dog ernstige disfunsionele handeling geword het waarmee nie slegs die vakwetenskaplike hom bemoei nie; trouens, soos aangetoon, is dit 'n verskynsel waarmee mense in die alledaagse lewe direk in aanraking kom.

---

13) Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom?, inleiding.
14) Ibid., inleiding.

Omdat die problematiek rakende dwelmmiddelmisbruik en -verslawing dus op akademies-wetenskaplike, sowel as in die praktiese lewe tot uiting kom, word hier gepoog om op tweërlei wyse enkele aanbevelings te doen sonder om daarop aanspraak te maak dat die uitvoering daarvan die totale en finale oplossing van hierdie probleem veronderstel.

1. Aanbevelings met betrekking tot wetenskaplike navorsing

In die meerderheid van Suid-Afrikaanse teksboeke en artikels wat handel oor hierdie verskynsel word by die toeligting van die maatskaplike oor=sake en gevolge van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing verwys na be=vindinge soos opgeteken in sosiologiewerke van Amerika, Brittanje, Duitsland ens. Aangesien hierdie bevindinge veralgemeen word, en as in ag geneem word dat die samelewingsvorme van bg. lande in mindere of meerdere mate op die macro- sowel as op die micro-sosiale vlak tog wel van dié van Suid-Afrika verskil, moet tot die gevolgtrekking ge=kom word dat hierdie veralgemenings, soos dit toegepas word op die Republiek van Suid-Afrika, in 'n mate nog hipoteties is. Hoewel dit in sigself die moontlikheid van vergelykende studies bied, is die navorsingsmoontlikhede binne die grense van hierdie land legio. Ver=volgens word kortliks gewys op slegs enkele leemtes wat in hierdie verband in die Suid-Afrikaanse sosiologieliteratuur opvallend is.

(a) Die rol van die gedisorganiseerde gesin in die veroorsaking van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing, sowel as die omgekeerde korrelasie, nl. in welke mate hierdie verskynsel aanleiding gee tot gesinsdisorganisasie.

(b) Die rol wat die portuurgroep in oorsaaklike verband speel.

(c) Die betekenis van die verandering van die rol van die moeder van=af 'n ekspressief na 'n instrumentele rol en die verband wat dit hou met dwelmmiddelmisbruik en -verslawing.

(d) Die sin en betekenis van permissiwiteit as sosiologiese verander=like en die verband wat dit hou met die vraagstuk van dwelmmiddel=misbruik en -verslawing.

(e) Benewens bg. navorsingsmoontlikhede kan ook by wyse van toetsing van gestelde hipoteses, bv. dat verslawing 'n vorm van onttrekking is, 'n bydrae gelewer word tot doe uitbouing van die wetenskaps= teorie aangaande hierdie verskynsel soos dit in die Republiek van Suid-Afrika gemanifesteer word.

(f) Met volle erkenning van en hoë agting vir Suid-Afrikaanse sosio= logiewerke wat hierdie vraagstuk as tema het, en waarvan sommiges met groot vrug in hierdie studie gebruik is, word tog die leemte aangevoel dat hoofsaaklik, en soms uitsluitlik, op die cannabis sativakategorie as dwelmmiddel gekonsentreer is. Dit is goed te begrype, aangesien die gebruik van dagga tot onlangs toe nog by= kans die enigste dwelmmiddelprobleem geskep het. Tendense dui egter daarop dat in die resente tyd steeds meer van die sg. "ernstiger middels" in omloop is, en 'n gebrek word gevoel aan indringende studies aangaande die sosiologies ter sake aspekte van die misbruik van en verslawing aan hierdie middels.

Deur middel van hierdie en ander wetenskaplike navorsing oor dwelm= middels kanook meer te wete gekom word van die omvang van verslawing daaraan in die Republiek van Suid-Afrika . . . 'n faset wat tans a.g.v. gebrekkige statistiese gegewens daaromtrent bloot op beraming berus.

2. Aanbevelings met betrekking tot die praktyk

Daar bestaan vandag 'n opsigtelike meningsverskil wat betref die wens= likheid van voorligting aangaande dwelmmiddels en die gevaar wat die gebruik daarvan inhou. Dat dwelmmiddelmisbruik en -verslawing in om= vang toeneem, is 'n voldonge feit, en omdat vele van die redes daar= voor, as dit op die keper beskou word, herleibaar tot onkunde omtrent dwelmmiddels is, voel die skryfster haar genoodsaak om haar te skaar aan die kant van persone wat voorstaanders is vir voorligting in hier= die verband.

Tydens die verloop van hierdie studie is telkens onder die indruk gekom van die negatiewe gevolge van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing sover

dit die indiwidu raak, asook wat die groepe waarvan hy lid is, be= tref. Uitsprake in hierdie verband, waarvan ook sommiges in hierdie studie aangehaal is, lei noodwendig tot die beklemtoning van die geykte uitdrukking dat "voorkoming beter as genesing is". Die oog= merk van voorkoming van die vraagstuk in sy geheel is waarskynlik idealisties vanweë die kompleksiteit daarvan waarmee o.m. verwys word na die rol van indiwiduele persoonlikheidsgebreke en die finan= siële gewin wat daarby betrokke is in die vorm van smokkelhandel deur misdaadsindikate. Dit doen egter nie afbreuk aan die strewe na be= kamping van die probleem nie, maar omdat die bekamping van enige maat= skaplike probleem kollektiewe handeling vereis, sal dieselfde vereiste ook t.o.v. die bekamping van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing geld.

Hierdie kollektiewe handeling kan, benewens algemene maatskaplike en spesifieke juridiese beheermaatreëls, d.m.v. opvoeding in 'n wye ver= band gestalte aanneem. Dit sal beteken dat by die gesin as die pri= mêre sosialiserende instansie begin sal moet word en wel in die vorm van voorligtingsdiens aan die ouers waarin die klem geplaas word op die besondere posisie wat die gesin beklee in die vorming van die kind, asook voorligting i.v.m. dwelmmiddels en die gevaar wat dit in= hou met die doel dat hierdie kennis binne die intieme gesinskring aan die kinders oorgedra word. Vir die opvoeding buite die gesin, waar= mee hier in besonder verwys word na die skool en hoër onderwysinrig= tings, sal voorsiening deur personeel wat spesifiek hiervoor opgelei is, gemaak moet word. Ook die kerk as konkrete samelewingsverband het in hierdie opsig, gesien in die lig van sy profetiese taak, direk te make met opvoeding en voorligting en wel in die sin dat die lidmaat opnuut bewus gemaak moet word van sy roeping waarby ingesluit is dat hy van niks anders as God slaaf mag wees nie. Verder is dit ook die taak van die diakonale amp om in sy barmhartigheidsdiens toe te sien dat verslaafdes opgeneem word in inrigtings wat vir die doel van rehabilitasie in die lewe geroep is.

Die bostaande aanbevelings m.b.t. die alledaagse lewe kan verder uit= gebrei word deur verwysing na die voorligtingstaak wat in hierdie ver= ban verwag kan word van alle groepe waarvan die indiwidu lid is. Daar

word egter volstaan met hierdie oorsigtelike beskrywing van die taak van die gesin, die skool en die kerk met betrekking tot die bekamping van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing en dit word aanvaar dat daarmee voldoende aksent geplaas is op opvoeding en voorligting as bekampingsmaatreëls.

Dit dien egter daarop gewys te word dat hierdie maatreëls slegs suksesvol aangewend kan word as steeds meer en meer wetenskaplike kennis omtrent die verskillende fasette van hierdie vraagstuk deur middel van gekonsentreerde wetenskaplike navorsing ingewin word.

D. Slotopmerkings

Dit is stellig nie te betwyfel nie dat dwelmmiddelmisbruik en -verslawing wel aktueel is; 'n stelling wat bewys word deur die aandag wat dié verskynsel op wetenskaplike, semi-wetenskaplike en populêre vlak geniet en wat ook weerspieël word deur die onlangse aanname van strenger wetgewing in die verband. Daar moet egter gewaak word teen oormatige aandag hieraan wat kan lei tot 'n onrealistiese skets van die konsekwensies van hierdie vraagstuk, en tesame daarmee die miskenning van ander, en moontlik ernstiger, maatskaplike probleme wat insgelyks die aandag van die sosioloog vereis.

Dit is egter wel 'n onbetwisbare feit dat dwelmmiddelmisbruik en -verslawing as studieveld vir die sosiologie nog relatief braak lê en dat wetenskaplike navorsingsmoontlikhede in dié rigting legio is. Waar dit in hierdie studie hoofsaaklik gaan om die gedifferensieerde voorkoms en omvang van die verskynsel as maar één van die vele perspektiewe daarvan, moet erken word dat dit nie noodwendig die belangrikste perspektief is nie, en moet ook toegegee word dat in hierdie uiteensetting sekerlik vele leemtes is wat deur verdere wetenskaplike navorsing aangevul kan word tot die uiteindelike beter begrip van dwelmmiddelmisbruik en -verslawing soos die vraagstuk hom in die kontemporêre samelewing manifesteer.

# BIBLIOGRAFIE


Ausubel, D.P. Drug addiction. Physiological, psychological and sociological aspects. New York, Random House, 1958.

Barnes, D.E. & Messolonghites, L. Preventing drug abuse. New York, Toronto, London, Sydney, Rinehart en Winston Inc., 1972.

Bensusan, A.D. Drug exposure. The South African scene. Johannesburg, Mercury Printing Works Ltd., 1971.

Bierstedt, R. The social order (3rd ed.) New York, McGraw-Hill Book Co., 1970.

Bloomquist, E.R. Marijuana. London, Glencoe Press, 1968.

Blum, R.H. & associates. Society and drugs. Social and cultural observations. San Francisco, Jossey - Bass Inc., Publishers, 1970.

Buckley, W. Structural - functional analysis in modern sociology. (In Becker, H. & Boskoff, A. Modern sociological theory - in continuity and change. New York, The Dryden Press, 1957).

Chein, J., Gerard, D.L., Lee, R.S. & Rosenfeld, E. Narcotics, delinquency and social policy. Great Britian, Tavistock Publication, 1964.

Chinoy, E. Society. An introduction to sociology. (2nd.ed.) New York, Random House, 1967.

Clausen, J.A. Drug addiction. (In Merton, R.K. & Nisbet, R.A. (red.) Contemporary social problems. New York, Harcourt, Brace & World, 1961.)

Clinard, M.B. Sociology of deviant behavior. University of Wisconson, Halt, Rinehart en Winston Inc., 1964.

Clinard, M.B., Lemert, E.M. & Short, J.F. (red.) Anomie and deviant behavior. A discussion and critique. New York, The Free Press of Glencoe, 1964.

Cloward, R.A. Illegitimate means, anomie and deviant behavior. American sociological review, 2: 1959.

Cohen, A.K. The study of social disorganization and deviant behavior. (In Merton, R.K., Broom, L. & Cottrell, L.S. (red.) Sociology today-problems and prospects. New York, Basic book Inc., 1959.

Cohen, A.K. Deviance and control. Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice - Hall Inc., 1966.

Cuber, J.F. Sociology. A synopsis of principles. New York, Appleton - Century - Crofts, 1955.

Davis, K. Human society. New York, The MacMillan & Co., 1949.

Dawtry, F. (red.) Social problems of drug abuse. A guide for social workers. London, Butterworths, 1968.

Du Preez, D.C.S. Prolegoma. Ongepubliseerde brosjure, Potchefstroom, s.j.

Du Toit, J.B., Steyn, A.F. & Rip, C. Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Kaapstad, Nasou Bpk., 1965.

Dynes, R.R., Clark, A.C., Dinitz, S. Social problems dissensus and deviation in an industrial society. The Ohio State University, New York University Press, 1964.

Eloff, D.J. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchef= stroom, 1963.

Epstein, S.S. Drugs of abuse. Their genetic and other chronic non-psychiatric hazard. United States of America, The Colonial Press Inc., 1971.

Fairchild, H.P. Dictionary of sociology and related sciences. Paterson, New Jersey, Littlefield, Adam & Co., 1962.

Fichter, J.H. Sociology. Chicago, The University of Chigago Press, 1957.

Gittler, J.B. Review of sociology. Analysis of a decade. New York, John Wiley & Sons, 1957.

Glatt, M.M., Pittmann, D.J., Gillepsie, D.G. & Hills, D.R. The drug scene in Great Britian. 'Journey into loneliness.' London, Edward Arnold (Publishers) Ltd., 1969.

Grobler, J. Dwelmmiddels vyand nr. 1. Pretoria, J.P. van der Walt & seuns, 1972.

Horton, P.B. & Leslie, G.R. The sociology of social problems. New York, Appleton - Century - Crofts Inc., 1955.

Imlah, N. Drugs in modern society. London, Geoffrey Chapman, 1970.

Johnson, H.M. Sociology. A systematic introduction. London, Routledge & Kegan Paul, 1968.

Kaplan, R. Drug abuse: perspective on drugs. Dubuque, Iowa, W.M.C. Brown Comapny Publishers, 1970.

Kotzé, G.J. Dwelmverslawing. Kaapstad, Pretoria, N.G. Kerk - uit=gewers, 1971.

Landis, J.R. Current perspectives on social problems. Belmont, California, Wadsworth publishing Co., 1969.

Lindesmith, A.R. Drug addiction. Crime or disease? Bloomington, Indiana University Press, 1963.

Loedolff, J.F. & Louw, D.A. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom? Johannesburg, McGraw-Hill, 1972.

Louria, D.B. The drug scene. New York, McGraw-Hill Book Co., 1968.

MacIver, R.M. & Page, C.H. Society. London, The MacMillan Co., 1962.

Mannheim, K. Man and society in age of reconstruction. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., 1949.

Merton, R.K. & Nisbet, R.A. Contemporary social problems. New York, Harcourt, Brace & World Inc., 1961.

Merton, R.K. Social theory and social structure. Toward the condification on theory and research. Columbia University, The Free Press of Clencoe, 1951.

Merton, R.K. Social conformity, deviation, and opportunity structures. A comment on the contributions of Dubin and Cloward. American socio=logical review, 2: 1959.

Milbauer, B. & Leinwald, G. Drugs. Problems of American society. New York, Washington Square Press, 1970.

Nowlis, V. Methods for the objective study of drug effects on group functioning. (In Uhr, L. & Miller, J.G. Drugs and behavior. New York, John Wiley & sons, 1960.)

Ogburn, W.F. & Nimkoff, M.F. Sociology. Boston, Houghton Mifflin Co., 1964.

Parsons, T. The social system. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., 1952.

Parsons. T. & Shils, E.A. (red.) Toward a general theory of action, Cambridge, Harvard University Press, 1951.

Queen, S.A. & Mann, D.M. Social pathology. New York, Thomas Y. Crowell Co., 1925.

Republic of South Africa. Research and information. Drug dependence and some of its concomitant aspects in the Republic of South Africa. Department of social welfare and pensions, Publication no. 3 of 1970.

Republiek van Suid-Afrika. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels. Pretoria, Staatsdrukkers, 1970.

Roode, C.D. Inleiding tot die sosiologie. Kaapstad, Balkema, 1968.

Rose, A.M. Sociology. The study of human relations. New York, A.A. Knopf, 1957.

Sjövist, F. & Tottie, M. Abuse of central stimulants. Stockholm, Almqvist & Wiksell, 1969.

Sprott, W.J.H. Science and social action. London, Watt & Co. Ltd., 1954.

Thorpe, L.P., Katz, B. The psychology of abnormal behavior. New York, The Ronald Press Co., 1961.

Timms, N. A sociological approach to social problems. New York, Routledge & Kegan Paul, 1967.

Toby, J. Contemporary society. An introduction to sociology (2nd. ed.) New York, John Wiley & Sons Inc., 1971.

Van Dijk, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene socio= logie. Wageningen, N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmij., s.j.

Weinberg, S.K. Social problems in our time. Englewood Cliffs, N.J. Prentice - Hall Inc., 1964.

Williams, J.B. Narcotics and hallucinogenics- a handbook. Beverly Hills, California, Glencoe Press, 1963.

Worseley, P. (red.) Problems of modern society. A sociological pers= pective. Harmondsworth, Middlesex, Penguin Books Inc., 1972.

* * * * * * * * *